
VISIT…

LANZAROTE
Caliente.COM



LINGUAPHONE

Kursus in Afrikaans

Linguaphone Institute Limited
St Giles House
50 Poland Street
London W1V 4AX

© MCMLXXXIII Linguaphone Institute Limited, London

All rights reserved. No part of this publication, or related recorded material, may be reproduced, stored in a retrieval system, or transmitted in any form or by any means, electronic, mechanical, photocopying, recording or otherwise, without the prior permission of Linguaphone Institute Limited.

This impression 1995

LSN GAF11P10

Typeset by Linguaphone Institute Ltd
Printed and bound in Great Britain by
Biddles Ltd, Guildford and King's Lynn

Medewerkers

Kursus geskryf aan:

die Randse Afrikaanse Universiteit

deur:

Sonia Gouws, M.A. (Afr), B.A. (Hons) (Toegepaste Linguistiek)
Betsy Stoltz, M.A. (Afr), B.A. (Hons) (Toegepaste Linguistiek)
Theunie van der Merwe, M.A. (Afr), H.O.D.

onder leiding van:

H. Kroes, Professor in Toegepaste Linguistiek

Kursus opgeneem by:

die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

deur:

Annette Botha
Johan Botha
Jan Cronjé
Christo Gerlach
Charl van Heyningen
Bettie Kemp
Heinrich Marnitz
Herman van Niekerk
Emgee Pretorius
Maria Schoeman
Emily Visagie

onder leiding van:

Jan Cronjé

Liedjies gesing deur:

Louis van Rensburg, met eie ghitaar-begeleiding

Kursus geïllustreer deur:

François Lejeune

Note:

Die pryse en voorwaarde van die kursus soos op die oomblik van toepassing mag moentlik nie die heidige pryse en omstandigheide verspeel nie.

The Linguaphone Academic Advisory Committee

Chairman : **Professor the Lord Quirk,** D.Litt., FBA, Chairman of the British Library Advisory Committee; Past President of the British Academy; sometime Vice-Chancellor, University of London; formerly Quain Professor of English, University College London; Hon. Fil. Dr (Lund, Uppsala); Hon. Doct. d'Univ. (Paris, Liège, Nijmegen); Hon. LL D (Reading); Hon. D.Litt. (Leicester, Salford, Newcastle, Durham, Glasgow, Bar Ilan, Southern California, Brunel); Hon. D.U. (Bath, Essex, Open); Hon. D.Sc. (Aston); Fellow of the Royal Belgian Academy of Sciences, of the Royal Swedish Academy, of the Finnish Academy of Sciences, and of the Academia Europaea.

Members : **Sir John Daniel,** MA, D ès Sc, ATh, Hon. D.Litt, Hon. LL D, Hon. D.Sc., Hon. D.Ed., Officier, Ordre des Palmes Académiques, Vice-Chancellor, The Open University, Trustee: Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching, Member: Council of Foundation, The International Baccalaureate.

Professor Ian T M Gow, MA, Ph.D., Dip Jap, FIL(Hon.), Director, School of East Asian Studies, University of Sheffield; Member: Office of Science and Technology's Asia Pacific Advisory Group, UK-Japan 2000 Education Committee; formerly Director, Scottish Centre for Japanese Studies and Deputy Principal, University of Stirling.

Professor Nigel B R Reeves, OBE, MA, D.Phil., FIL, FRSA, CIEx, Goethe Medaille of the Goethe Institute, Professor of German and Head of the Department of Modern Languages, Aston University, Member of Board, Institute of Germanic Studies, University of London, Vice President, Institute of Linguists.

Professor Albert Sonnenfeld, AM, Ph.D. (Princeton), Officier, Ordre des Palmes Académiques, Officier, Ordre des Arts et des Lettres, Marion Frances Chevalier Professor of French and Comparative Literature, Chairman, Department of French and Italian, University of Southern California; formerly Professor of French and Chairman, Department of Romance Languages and Literatures, Princeton University.

Sir William Taylor, CBE, Ph.D., Hon. D.Sc (Aston), Hon. Litt.D.(Leeds), Hon. DCL (Kent), Hon. D. Univ (Open), Hon. D.Litt. (Loughborough), Hon. LL D (Hull), Hon. D.Ed. (Kingston, Oxford Brookes, Plymouth, UWE), Chairman of Convocation of the University of London, Visiting Professor of Education in the University of Oxford, sometime Vice-Chancellor of the University of Hull, formerly Director of the University of London Institute of Education.

Professor J C Wells, MA (Cantab), Ph.D. (London), Professor of Phonetics in the University of London.

Christine Wilding, BA, Secretary General of the Association for Language Learning, Chevalier, Ordre des Palmes Académiques.

Inhoud

Vlak 1

Les 1		Les 6	28
Les 2	8	Les 7	33
Les 3	12	Les 8	39
Les 4	17	Les 9	45
Les 5	23	Les 10 toets	51

Vlak 2

Les 11	54	Les 16	78
Les 12	58	Les 17	84
Les 13	63	Les 18	88
Les 14	70	Les 19	93
Les 15	74	Les 20 toets	97

Vlak 3

Les 21	100	Les 26	121
Les 22	104	Les 27	127
Les 23	109	Les 28	133
Les 24	113	Les 29	137
Les 25	118	Les 30 toets	143


Vlak 4

Les 31	145	Les 36	168
Les 32	150	Les 37	172
Les 33	154	Les 38	177
Les 34	157	Les 39	181
Les 35	162	Les 40 toets	186


Die Afrikaanse klanke 189

Antwoorde 195

Teks van die lesse



Die Afrikaanse Taalmonument




Die Voortrekkermonument

1 Les een

Dialoog een (1)

Meneer Pieterse, Student



Mnr Pieterse	Goeiemôre!
Student	Goeiemôre.
Mnr Pieterse	Hoe gaan dit?
Student	Goed, dankie. En met u?
Mnr Pieterse	Baie goed, dankie. Wil u Afrikaans leer?
Student	Ja graag.
Mnr Pieterse	Goed. Laat ons begin. My naam is Ben. Wat is u naam?
Student	My naam is Dieter.
Mnr Pieterse	My van is Pieterse. Wat is u van?
Student	My van is Schmidt.
Mnr Pieterse	Aangename kennis, meneer Schmidt.
Student	Aangename kennis.
Mnr Pieterse	Welkom hier by ons.
Student	Baie dankie.

Oefening een (1)

U ontmoet Ben Pieterse. Antwoord hom.

Mnr Pieterse Goeiemôre.
U . . .
Mnr Pieterse Hoe gaan dit?
U . . .
Mnr Pieterse Baie goed, dankie. My naam is Ben. Wat is u naam?
U . . .
Mnr Pieterse My van is Pieterse. Wat is u van?
U . . .

Dialoog twee (2)

Meneer Pieterse, Student

Mnr Pieterse Ek is 'n Suid-Afrikaner. Watter nasionaliteit is u?
Student Ek is 'n Duitser.
Mnr Pieterse Ek kom van Suid-Afrika. Van watter land kom u?
Student Ek kom van Duitsland.
Mnr Pieterse Ek praat Afrikaans. Watter taal praat u?
Student Ek praat Duits.
Mnr Pieterse Ek werk by Datarand. Waar werk u?
Student Ek werk by 'n hotel.
Mnr Pieterse Ek woon in Bloemfontein. Waar woon u?
Student Ek woon in Johannesburg.
Mnr Pieterse Ek is getroud. Is u getroud?
Student Ja.

Oefening twee (2)

Antwoord asseblief.

Wat is u naam?
Wat is u van?
Waar woon u?

Oefening drie (3)

Voltooi die tabel.

Taal	Nasionaliteit	Land
Afrikaans	Suid-Afrikaner	Suid-Afrika
Duits	. . .	. . .
. . .	Engelsman	Engeland
. . .	Italianer	. . .
Amerikaans (Engels)	. . .	Amerika
. . .	Spanjaard	. . .
Portugees	. . .	. . .
. . .	. . .	Holland
Pools	Pool	. . .
. . .	. . .	Frankryk

Oefening vier (4)

Voltooi asseblief.

Voorbeeld Hy woon in Suid-Afrika.
Hy is 'n Suid-Afrikaner.

1 Hy woon in Amerika.
2 Hy woon in Duitsland.
3 Hy woon in Frankryk.
4 Hy woon in Spanje.
5 Die student woon in Holland.

Dialoog drie (3)

Meneer Pieterse, Mevrou Pieterse, Student, Elsa Pieterse, Karel Pieterse

Mnr Pieterse Kom ontmoet my gesin. Dit is my vrou.



Mev Pieterse Goeiemôre! My naam is Rita Pieterse. Ek is 'n huisvrou.

Student Aangename kennis, mevrou Pieterse.

Mnr Pieterse Ons het twee kinders. Dit is my dogter.

Elsa Goeiemôre. My naam is Elsa Pieterse. Ek is twintig (20) jaar oud. Ek is 'n sekretaresse.

Student Aangename kennis, Elsa.

Mnr Pieterse En hier is my seun.

Karel Goeiemôre. Ek is Karel. Ek is 'n skolier. Ek is sewentien (17) jaar oud.

Student Aangename kennis, Karel.

Mnr Pieterse Dit is die Pieterse-gesin. U gaan nog baie van ons leer. Geniet die kursus!

Student Baie dankie. Ek hoop so.

Mnr Pieterse Tot siens!

Student Tot siens, meneer Pieterse.

Oefening vyf (5)

Luister en antwoord wanneer u die spasie sien.

Mnr Pieterse Kom ontmoet my gesin. Dit is my vrou.
Mev Pieterse Goeiemôre! My naam is Rita Pieterse. Ek is 'n huisvrou.
U . . .
Mnr Pieterse Ons het twee kinders. Dit is my dogter.
Elsa Goeiemôre. My naam is Elsa Pieterse. Ek is twintig (20) jaar oud. Ek is 'n sekretaresse.
U . . .
Mnr Pieterse En hier is my seun.
Karel Goeiemôre. Ek is Karel. Ek is 'n skolier. Ek is sewentien (17) jaar oud.
U . . .
Mnr Pieterse Dit is die Pieterse-gesin. U gaan nog baie van ons hoor. Geniet die kursus!
U . . .
Mnr Pieterse Tot siens!
U . . .

Oefening ses (6)

Luister en herhaal.

U hoor: Goeiemôre, meneer Pieterse.
U sê: *Goeiemôre, meneer Pieterse.*

Oefening sewe (7)

U hoor: Dit is Rita. huisvrou
U sê: *Sy is 'n huisvrou.*
U hoor: Sy is 'n huisvrou.

U hoor: Dit is Ben. Suid-Afrikaner
U sê: *Hy is 'n Suid-Afrikaner.*
U hoor: Hy is 'n Suid-Afrikaner.

1 Dit is Elsa. sekretaresse
2 Dit is Ben. Suid-Afrikaner
3 Dit is my seun. skolier
4 Dit is Dieter. student
5 Dit is my vrou. moeder

Oefening ag (8)

Skryf die vrae neer.

Voorbeeld *Waar* werk *u*? Ek werk by 'n bank.

1 . . . woon . . . ? Ek woon in Pretoria.
2 . . . naam? My naam is Ben.
3 . . . van? My van is Pieterse.
4 . . . taal . . . ? Ek praat Afrikaans.
5 . . . nasionaliteit . . . ? Ek is 'n Suid-Afrikaner.

Oefening nege (9)

Waar of Vals?

1 Meneer Pieterse werk by Datarand.
2 Elsa Pieterse is 17 jaar oud.
3 Die Pieterse-gesin woon in Johannesburg.
4 Mevrou Pieterse is 'n sekretaresse.
5 Meneer en mevrou Pieterse het twee kinders.

Oefening tien (10)

Kies die regte antwoord (a, b of c).

1 Karel is a) 15 jaar oud b) 20 jaar oud c) 17 jaar oud.
2 Rita Pieterse is a) 'n sekretaresse b) 'n huisvrou c) 'n kok.
3 Ben Pieterse werk by a) 'n hotel b) 'n hospitaal c) Datarand.
4 Die Pieterse-gesin woon in a) Johannesburg b) Pretoria c) Bloemfontein.

Oefening elf (11)

Voltooi asseblief.

Ben Dit is Rita. . . . . . . my vrou.
Student Aangename kennis, mevrou Pieterse. . . . . . . 'n huisvrou?
Rita Ja. . . . . Dit . . . . . dogter.
Elsa . . . . Elsa. . . . . 'n sekretaresse.
Student Waar . . . . . . ?
Elsa Ek . . . in Bloemfontein.
Student En . . . . naam?
Karel My naam . . . . . .

2 Les twee

●■ Dialoog een (1)

Verteller, Beampte, Ben Pieterse, Rita, Doeanebeampte, Elsa, Karel



Verteller Dit is halfvier. Die Pieterse-gesin kom op die lughawe Jan Smuts aan. Hulle was met vakansie in die buiteland.

Beampte Paspoort, asseblief!

Ben Hier is my paspoort.

Beampte Dankie! Waar is u paspoorte?

Rita Net 'n oomblik. Hier is ons paspoorte.

Beampte Dankie! Stap deur!

Ben Rita, ons het niks om te verklaar nie. Kom ons stap na die groen lig. Die kinders moet na die rooi lig gaan.

Doeane=beampte Het julle iets om te verklaar?

Elsa Ja, Meneer. Ek het iets om te verklaar.

Karel Ek het ook iets om te verklaar.

Doeane=beampte Laat ons sien. Wat het julle?

Elsa Ek het 'n bottel parfuum.

Karel Ek het 'n kamera om te verklaar.

Doeane=beampte Goed. Stap maar deur. Tot siens!

● Oefening een (1)

Beantwoord die volgende sinne.

U hoor: Het u iets om te verklaar?
U sê: *Ja, ek het iets om te verklaar.*
U hoor: Ja, ek het iets om te verklaar.

1 Het u iets om te verklaar?
2 Het u iets om te eet?
3 Het u iets om te drink?
4 Het u iets om te dra?
5 Het u iets om te lees?

●■ Dialoog twee (2)

Ben, Dame, Rita, Elsa, Karel

Ben Goeiemiddag, Dame. Kan u my sê of daar 'n bus na Johannesburg is?

Dame Goeiemiddag, Meneer. Ja, daar is 'n bus.

Rita Hoe laat vertrek die bus?

Dame Om vyfuur.

Elsa Waarvandaan vertrek die bus?

Dame Van die hoofingang af.

Karel Hoe lank ry die bus in stad toe?

Dame 'n Halfuur.

Ben Watter hotel kan u aanbeveel?

Dame Die Protea- of die Goudstadhotel.

Rita Hoeveel kos dit per nag?

Dame Vyf-en-twintig rand (R25) vir bed en ontbyt.

Elsa Is die hotelle naby die middestad?

Dame Ja.



Rita Kom ons probeer die Goudstadhotel.

Ben Kan u uitvind of daar plek is?

Dame Sekerlik.

Ben Baie dankie vir u moeite.

Dame Dis 'n plesier.

Karel Ons moet gou maak. Die bus gaan vertrek.

Elsa Ja – ek wil nie veertig kilometer stap nie.

Ben Tot siens!

Dame Tot siens! Geniet u verblyf in Johannesburg.

● **Oefening twee (2)**

Luister en herhaal.

■ **Oefening drie (3)**

Lees die paragraaf en beantwoord die vrae in volsinne.

Die Pieterse-gesin is op die lughawe. Hulle dra hulle bagasie. Hulle wys hulle paspoorte. Die dame by die navraetoonbank help hulle. Sy skakel die hotel. Daar is plek in die hotel. Dit kos R25 per nag.

1 Wie is op die lughawe?
2 Wat dra hulle?
3 Wys hulle hulle paspoorte?
4 Wie skakel die hotel?
5 Is daar plek in die hotel?
6 Hoeveel kos dit per nag?

■ **Oefening vier (4)**

Vra vrae wat begin met die woorde: Wie?/Waar?/Hoe lank?/Wat?/Waarvandaan?/Hoe laat?

1 Die bus ry 'n halfuur in stad toe.
2 Die bus vertrek van die hoofingang af.
3 Daar is plek in die Goudstadhotel.
4 Ben en Karel dra die bagasie.
5 Die dame by die navraetoonbank is vriendelik.
6 Die bus vertrek om vyfuur.

● **Oefening vyf (5)**

Luister en herhaal.

3 Les drie

●■ Dialoog een

Die Pieterse-gesin kom by die Goudstadhotel aan.



Ontvangsdame, Meneer Pieterse

Ontvangsdame Kan ek u help, Meneer?

Mnr Pieterse Goeiemiddag, Juffrou, ja asseblief. Ek wil graag vir vier mense plek bespreek.

Ontvangsdame 'n Dubbelkamer en twee enkelkamers? Sal dit goed wees?

Mnr Pieterse Ja dankie, maar hoeveel kos dit?

Ontvangsdame Die tarief is vyf-en-twintig rand (R25) per nag vir 'n dubbelkamer en sestien rand (R16) vir 'n enkelkamer. Die prys sluit bed en ontbyt in. Al die kamers het badkamers.

Mnr Pieterse Dankie, dit is nie te duur nie. Kan ons tot die einde van die maand hier bly?

Ontvangsdame Tot volgende Dinsdag? Ja, dis in orde. Vul asseblief hierdie vorm in; u naam, van, adres en telefoonnommer.

Mnr Pieterse Goed . . . en wat is ons kamernommers?

Ontvangsdame Die dubbelkamer is nommer negentien (19). Die ander twee is dertig (30) en een-en-dertig (31). Wag, ek roep 'n portier. Hy kan u bagasie dra.

■ Oefening een

Vul die vorm in.

Goudstadhotel

Naam: ....

Van: ....

Adres: .... Telefoonnommer:

Poskode: ....

■ Oefening twee

Waar of Vals?

1 Meneer Pieterse bespreek plek vir vier mense.
2 Die Goudstadhotel is baie duur.
3 Die tarief sluit bed en ontbyt in.
4 Die Pieterse-gesin bly tot die einde van die week in die Goudstadhotel.

● Oefening drie

Luister en herhaal.

●■ Oefening vier

Luister na die sinne en skryf die nommers.

● ■ Dialoog twee



Portier, Karel, Elsa, Rita, Meneer Pieterse

Portier	Is dit al u bagasie?
Karel	Ja, laat ek u help.
Portier	Dankie – hier is die hysbak.
Elsa	Waar is die eetkamer?
Portier	In dié gang af, aan die linkerkant.
Elsa	Dankie. Kan u my sê of die hotel 'n wasgoeddiens het?
Portier	Ekskuus?
Elsa	'n Wasgoeddiens?
Portier	Ja, die hotel hét 'n wasgoeddiens; van Maandag tot Saterdag.
Rita	Dis gaaf, dit lyk my ons sal lekker bly.
Portier	Hier is ons – hier is u sleutels.
Mnr Pieterse	Baie dankie vir u moeite.
Portier	Dis 'n plesier.

● Oefening vyf

Maak vrae.

U hoor: ek – Maandag
U sê: *Kan ek tot Maandag hier bly?*
U hoor: Kan ek tot Maandag hier bly?

1 ek – Maandag
2 ons – Dinsdag
3 Mnr. Pieterse – Woensdag
4 Elsa – Donderdag
5 Karel – Vrydag
6 Rita – Saterdag
7 hy – Sondag

■ Oefening ses

Vul die ontbrekende woorde in.

1 Karel help die . . . met die bagasie.
2 Die hotel het van Maandag tot . . . 'n . . .
3 Die portier gee vir meneer Pieterse die . . .

■ Oefening sewe

Rangskik die sinne in die logiese volgorde; en skryf hulle neer.

1 Die portier dra die bagasie.
2 Die prys sluit bed en ontbyt in.
3 "Kan ek u help, Meneer?"
4 Die dubbelkamer se nommer is negentien.
5 "Hier is u sleutels."
6 Meneer Pieterse wil plek bespreek.

■ **Oefening ag**

Herskryf die sin. Gebruik die gegewe woord.

Voorbeeld Meneer Pieterse bespreek plek. wil
Meneer Pieterse wil plek bespreek.

1. Ons bly tot die einde van die maand. sal
2. Die portier help met die bagasie. kan
3. Die Pieterse-gesin bly lekker in die Goudstadhotel. sal
4. Hy bespreek 'n dubbelkamer. wil
5. Dit is nie te duur nie. sal

4 Les vier

● ■ **Dialoog een**

Rita en Elsa in die hotel

Elsa, Rita

Elsa Mammie, ek moet poskantoor toe gaan. Ek wil 'n poskaart pos vir Andries in Amerika.

Rita Sal jy die poskantoor vind?

Elsa Ek sal die portier vra. Hy sal my sê waar ek 'n bus kan haal. Ek kom om twaalfuur terug. Tot siens.

Rita Tot siens, Elsa.

● ■ **Dialoog twee**

By die navraetoonbank

Elsa, Portier

Elsa Goeiemôre!

Portier Goeiemôre! Kan ek u help?

Elsa Asseblief. Ek wil poskantoor toe gaan. Kan u my sê waar ek 'n bus kan haal?

Portier Natuurlik! Regoor die hotel is 'n bushalte. Neem 'n nommer sestien (16) of 'n nommer agtien (18).

Elsa Sal ek lank moet wag?

Portier Nee wat. Daar kom elke tien minute 'n bus.

Elsa Baie dankie. Tot siens!

Portier Dis 'n plesier. Tot siens!

■ **Oefening een**

Een woord/twee woorde

Soek die woorde in dialoë een en twee.

Oefening twee

Voorbeeld Ek . . . poskantoor toe
Ek *moet* poskantoor toe *gaan.*

1 . . . jy die poskantoor . . . ?
2 Ek . . . die portier . . . .
3 Hy . . . my . . . waar ek 'n bus . . . .
4 Goeiemôre! . . . ek u . . . ?

Dialoog drie

By die bushalte

Elsa, Johannesburger



Elsa	Wag u ook op die bus?
Johannesburger	Ja. Ek moet in die middestad wees.
Elsa	Ek wil poskantoor toe gaan, maar ek weet nie waar dit is nie.
Johannesburger	U moet by dieselfde halte as ek afklim. Ek sal u wys.

Elsa	Dis baie vriendelik. Baie dankie. Hoeveel is die reisgeld?
Johannesburger	Dis vyftig (50) sent. U moet presies vyftig (50) sent kleingeld reg hê.
Elsa	O! Laat ek sien. Ja, gelukkig het ek 'n vyftigsentstuk.

Dialoog vier

In die poskantoor, by die toonbank

Elsa, Beampte

Elsa	'n Poskaart, asseblief.
Beampte	Hier, Dame. Dit kos tien (10) sent. Sal dit al wees?
Elsa	Dankie. Nee, ek wil ook graag posseëls koop.
Beampte	Vir hoeveel?
Elsa	Hoeveel posgeld is nodig vir 'n poskaart na die Verenigde State?
Beampte	Laat ek sien: O ja, hier is dit. Dit kos twintig (20) sent. Hier is die posseël en ook 'n lugposseël.
Elsa	Baie dankie. Waar moet ek die poskaart pos?
Beampte	Lugpos na die buiteland is net regs van die ingang daar.
Elsa	Dankie. U was baie behulpsaam. Tot siens!

Oefening drie


Voorbeeld Die hotel is *daar.*
Daar is die hotel.

1 Ek kom *om twaalfuur* terug.
2 Ek het *gelukkig* 'n vyftigsentstuk.
3 Die bushalte is *regoor die hotel.*
4 U moet *daar* weer links draai.

Dialoog vyf

In die straat buite die poskantoor

Elsa, Verkeerskonstabel



Elsa Goeiemôre, Meneer.

Verkeers=konstabel Goeiemôre, Juffrou. Kan ek u help?

Elsa Ja, dankie. Ek het met die bus van die Goudstadhotel af gekom. Maar ek het gesien dit was nie ver nie en ek wil graag terug stap na die hotel toe. Kan u my die pad beduie?

Verkeers=konstabel Seker, Juffrou. U loop reguit met hierdie straat af tot by die tweede verkeerslig. Dan moet u regs draai. By die eerste kruising moet u links draai. Na twee blokke kom u by 'n stopstraat. Daar moet u weer links draai, en nog 'n blok stap tot op die volgende hoek. Daar is die hotel, regoor die kerk.

Elsa Baie dankie. Tot siens!

Oefening vier

Voorbeeld U loop reguit.
U *moet* reguit loop.

1 U draai links.
2 U pos 'n poskaart.
3 U haal 'n bus.
4 U stap tot op die volgende hoek.
5 U beduie die pad.

Oefening vyf

Voorbeeld U moet reguit loop.
Loop reguit!

Doen dieselfde met u antwoorde vir Oefening vier.

Oefening ses

Vul in.

U loop reguit . . . hierdie straat . . . . . . die tweede verkeerslig. . . . die eerste kruisstraat moet u links draai. . . . twee blokke kom u . . 'n stopstraat. Daar moet u weer links draai, en nog 'n blok stap . . . . . . die volgende hoek.

Oefening sewe

Voorbeeld Jy draai links.
Draai links!

1 Jy draai regs.
2 Jy haal 'n bus.
3 Jy wag by 'n bushalte.
4 Jy koop posseëls.
5 Jy stap terug na die hotel.

●■ Oefening ag

Luister na die instruksies en teken dan die roete.



●■ Oefening nege

Luister en skryf dan die woorde met **ui** *links, en met* **y/ei** *regs.*

●■ Oefening tien

Luister en skryf dan die woorde met **uu** *links, en met* **ie** *regs.*

5 Les vyf

●■ Dialoog een

Meneer Pieterse se besluit

Verteller, Meneer Pieterse, Rita, Elsa, Karel



Verteller	Mnr. Pieterse besluit hy wil nie na sy ou huis in Bloemfontein teruggaan nie. Sy werk sal in Johannesburg wees en hy moet in Johannesburg kom woon. Hy vertel vir sy vrou en kinders van sy besluit.
Mnr Pieterse	Rita, kinders, ek het belangrike nuus!
Rita	Wat is dit?
Mnr Pieterse	Ons gaan nie meer in Bloemfontein woon nie.
Elsa	Dis nuus! Waar gaan ons dan woon?
Mnr Pieterse	In Johannesburg. Die besigheid is te groot. Dis beter dat ek my hoofkantoor hier het.

Karel Moet ons dan hier 'n huis koop?

Mnr Pieterse Ja, maar ons moet eers 'n goeie huis soek. Ons kan solank 'n woonstel huur.

Rita Dis seker ook beter vir jou nuwe vennoot. As Paul de Klerk kom, moet hy ook akkommodasie soek.

Mnr Pieterse Ja, dit sal vir hom en sy gesin baie beter wees.

Elsa Wanneer kom die De Klerks terug uit Engeland, Pappie?

Mnr Pieterse Volgende week.

■ **Oefening een**

Vul in **sal, kan** *of* **moet.**

Voorbeeld Ons gaan Bloemfontein toe. sal
Ons *sal* Bloemfontein toe gaan.

1 Ons woon in Johannesburg. kan
2 Ons koop 'n huis. moet
3 Ons soek 'n woonstel. sal
4 Ons huur 'n woonstel. moet
5 Ons kom uit Engeland. sal

■ **Oefening twee**


Voorbeeld Ons sal Bloemfontein toe gaan.
Sal ons Bloemfontein toe gaan?

1 Ons kan in Johannesburg woon.
2 Ons moet 'n huis koop.
3 Ons sal 'n woonstel soek.
4 Ons moet 'n woonstel huur.
5 Ons sal uit Engeland kom.

●■ **Dialoog twee**

Meneer Pieterse praat oor die telefoon.

Eiendomsagent, Meneer Pieterse



Eiendomsagent Hallo! Kosmos Eiendomsagente hier.

Mnr Pieterse Goeiemiddag! My naam is Pieterse. Ek skakel van die Goudstadhotel. Ek soek 'n woonstel. Kan u my help?

Eiendomsagent Miskien, mnr. Pieterse. Ons kan probeer. Woonstelle is baie skaars. Maar waar wil u woon?

Mnr Pieterse Ek dink in Hillbrow of Berea. Dis nie te ver uit die stad nie.

Eiendomsagent Hoeveel huur per maand wil u betaal?

Mnr Pieterse Nie meer as vierhonderd rand (R400) per maand nie.

Eiendomsagent Ons sal ons bes doen, mnr. Pieterse. Ons het 'n paar woonstelle in Hillbrow op ons lys. Ek sal u terugbel. Dan kan u die woonstelle besigtig. Wat is u telefoonnommer?

Mnr Pieterse	Ses ses ses drie ag (6–6638). Kamer negentien (19). Baie dankie. Dan sal ek weer van u hoor. Tot siens.
Eiendomsagent	Tot siens, mnr. Pieterse.

■ **Oefening drie**

Wanneer en hoe lank?

Voorbeelde Wanneer wil u vertrek? 8
Ek wil om agtuur vertrek.

Hoe lank moet u per bus ry? 1
Ek moet een uur per bus ry.

1 Wanneer kan u terugbel? 6
2 Hoe lank moet u in die hotel wag? 2
3 Hoe lank sal u praat? 1
4 Wanneer moet u in die kantoor wees? 3
5 Wanneer sal die huurmotor kom? 10

● **Oefening vier**

Luister en herhaal.

■ **Oefening vyf**

Voorbeeld Ek help u.
Ek sal u help.

1 Ek soek 'n woonstel.
2 Hy haal 'n bus.
3 Ons wag op 'n vliegtuig.
4 Ons koop 'n huis.
5 Julle betaal vierhonderd rand (R400) per maand.
6 Ek doen my bes.
7 Hulle huur 'n woonstel.

■ **Oefening ses**

Voorbeeld Mnr. Pieterse gaan in Bloemfontein woon.
Hy gaan in Bloemfontein woon.

1 Die De Klerks kom volgende week uit Engeland.
2 Paul de Klerk is die nuwe vennoot.
3 Paul en sy vrou sal 'n woonstel soek.
4 Elsa dink dis groot nuus.
5 Ek en Paul moet in Johannesburg woon.

●■ **Oefening sewe**

Luister en skryf.

Voorbeeld *vier – vuur (nie dieselfde nie)*
uur – duur (dieselfde)

●■ **Oefening ag**

Luister en skryf dan die antwoord.

1 Wanneer kan die man die woonstel besigtig?
a Maandag
b Dinsdag
c Woensdag

2 Waarom nie Woensdag nie? Vul in:
Woensdag is 'n . . . .

3 Hoe laat sal hy die agent ontmoet?
a Om tienuur
b Om nege-uur
c Om vieruur

6 Les ses

● ■ Dialoog een

Skool toe!

Rita, Karel

Rita Gou maak, Karel! Die skoolhoof verwag ons om aguur.

Karel Ek k-o-m!

By die skool

Rita, Skoolhoof (Mnr Venter), Karel



Rita Goeiemôre. Ek is mevrou Pieterse. Dit is my seun, Karel.

Skoolhoof Aangename kennis, Mevrou. My van is Venter.

Rita Ek wil graag vir Karel by u skool inskryf.

Mnr Venter Goed. Laat ons al sy besonderhede neerskryf. Wat is sy volle naam en adres?

Rita Karel Willem Pieterse. Ons adres is:
Sonsig 215
Bloustraat 1470
Johannesburg
2000

Mnr Venter Karel, in watter standerd is jy nou?

Karel Standerd nege, Meneer.

Mnr Venter Wat was jou vakkeuse in jou vorige skool?

Karel Meneer, ek stel baie belang in die wetenskappe. My vakke was: Afrikaans, Engels, Wiskunde, Wetenskap en Rekeningkunde.

Mnr Venter En die sesde vak?

Karel Ai, Meneer – dis Geskiedenis. Ek hou nie daarvan nie.

Mnr Venter Ha-ha! En ons Geskiedenisonderwyser is juis so kwaai! Mevrou, u kan maar gaan. Ek sal Karel na sy klas neem. Die vakonderwysers kan hom die nodige boeke gee.

● ■ Oefening een

Luister na die vrae en skryf dan die regte antwoord neer.

1 a Sy gaan die skoolhoof ontmoet.
  b Sy gaan Karel inskryf.
  c Sy gaan Karel se boeke koop.

2 a Wetenskappe.
  b Tale.
  c Geskiedenis.

3 a vriendelik.
  b kwaai.
  c oud.

4 a Die skoolhoof gee sy boeke.
b Sy ma koop die boeke.
c Die vakonderwysers gee die nodige boeke.

● ■ Dialoog twee

Geskiedenisonderwyser, Mnr Venter, Eerste stem, Tweede stem

'n Kwaai stem	Weet niemand wat in 1820 gebeur het nie?
Mnr Venter	In die Hoërskool Johannesburg ken almal hulle Geskiedenis of . . .
Geskiedenis=onderwyser	Sit jou tas by hierdie voorste bank. Dan kom haal jy jou nuwe boeke. Die res van die klas: leer solank julle werk.
Eerste stem	Weet jy wie hy is?
Tweede stem	Ja! Sy foto is dikwels in die koerant. Hy is 'n goeie rugbyspeler.
Eerste stem	Hoera! Dan kan hy Saterdag in Jan se plek speel.
Tweede stem	Waar gaan hy 'n rugbytrui kry?
Eerste stem	Hy kan een van myne leen.
Geskiedenis=onderwyser	Stilte agter in die klas!

■ Oefening twee

Kies die regte woord uit die volgende: **u, jy, jou.**

Voorbeeld Wat is . . . volle naam en adres?
Wat is *jou* volle naam en adres?

1 Ek wil graag vir Karel by . . . skool inskryf.
2 Karel, in watter standerd is . . . nou?
3 Wat was . . . vakkeuse in . . . vorige skool?
4 Mevrou, . . . kan maar gaan.
5 Meneer, kan . . . my sê waar die klas is?

■ Oefening drie

Kies die korrekte woord tussen hakies.

1 Die skoolhoof (ken/weet) waar die Geskiedenisklas is.
2 Die kinders (ken/weet) hulle Wetenskap.
3 (Ken/weet) jy hom?
4 Hulle (ken/weet) wat gebeur het.

● Oefening vier

U hoor: Ek moet my besonderhede gee. Hy
U sê: *Hy moet sy besonderhede gee.*
U hoor: Hy moet sy besonderhede gee.

1 Ek moet my besonderhede gee. Hy
2 Ek moet my vakkeuse gee. Jy
3 Ek moet my werk leer. Julle
4 Ek moet my adres skryf. Sy
5 Ek moet my naam gee. U
6 Ek moet my koffie drink. Ons

■ Oefening vyf

Voorbeelde Hy trek sy trui aan.
Hy trek sy trui aan. Die trui is syne.

Jy sit jou tas neer.
Jy sit jou tas neer. Die tas is joune.

1 Hy trek sy trui aan.
2 Jy sit jou tas neer.
3 Sy skryf in haar boek.
4 Ons maak ons keuse.
5 Ek gaan na my huis toe.
6 Hulle ry in hulle motor.

● **Oefening ses**

Luister en probeer dan saamsing.

Lank sal *hy* lewe
In *sy* gloria

Lank sal *sy* lewe
In *haar* gloria

Lank sal *hul* lewe
In *hul* gloria

■ **Oefening sewe**

Vul al die ontbrekende voornaamwoorde in die paragraaf in.

Karel gaan skool toe. . . . ma neem . . . in . . . motor. Die motor is . . . Die skoolhoof . . . van is Venter. . . . is vriendelik. Meneer Venter neem . . . na . . . klas toe. Naby die klas hoor . . . 'n kwaai stem. Die skoolhoof sê: "In hierdie skool ken almal . . . Geskiedenis." In die klas sit Karel . . . tas neer. Almal kyk vir hom. . . . gaan haal . . . nuwe boeke. Die res van die klas leer . . . werk. Die onderwyser sê: "Hierdie boeke is nou . . . en nie . . . maats . . . ook nie." Karel besef 'n mens moet in dié klas . . . werk doen.

● ■ **Oefening ag**

Luister na die liedjie. Vul die ontbrekende woorde in terwyl u weer luister.

Dis te . . . om te ry.
Dis te na om te . . .
Hoe sal . . . maak
om die . . . te kry?

Dis nie . . . nie.
Dis nie . . . nie.
Dis 'n ander man . . . nooi
oor wie . . . stry.


● **Oefening nege**

Luister en herhaal.

7 Les sewe

● ■ **Dialoog een**

Verteller, Ben, Paul



Verteller	Paul en Ansie de Klerk kom na twee jaar in Engeland in Suid-Afrika aan. Paul is Ben Pieterse se nuwe vennoot. Paul bel vir Ben van die Proteahotel af.
Ben	Ben Pieterse hier.
Paul	Hallo Ben, dis Paul wat praat.
Ben	Paul! Welkom terug! Hoe gaan dit? Waar is jy? Man, ek is bly om van jou te hoor.
Paul	Ons was toe op 'n vroeër vlug. Ons bly in die Proteahotel en ek is bly om terug te wees . . . Ons moet seker 'n paar sake bespreek, of hoe?
Ben	Ja, maar is jy nie moeg nie? Of kan ons dadelik besigheid gesels?
Paul	Ek is nie moeg nie en jou nuwe vennoot kan dadelik begin werk.

Ben Ja, hier is interessante verwikkelinge. Die besigheid is te groot en ons hoofkantoor is nou in Johannesburg.

Paul My wêreld! Dis gaaf. Die vennootskap Pieterse en De Klerk doen goed.

Ben Ja, maar ons moet baie reëlings tref. Kan jy navraag doen oor beskikbare kantoorruimtes in Johannesburg?

Paul Sekerlik. Ek soek sommer 'n woonstel ook.

Ben Moenie jou dood werk nie, hoor! Ek bel weer later.

Paul Tot siens.

Ben Tot siens.

Oefening een

a *Luister na die telefoongesprekke.*



1 Ben Pieterse hier.
2 Hallo Ben, dis Paul wat praat . . .



1 Goudstadhotel, goeiemiddag.
2 Goeiemiddag Dame . . .



1 Hallo, dis Jan wat praat.
2 Hallo Jan, dis Karel . . .



1 Hoërskool Johannesburg, goeiemôre.
2 Goeiemôre Dame, dis mev. Pieterse wat praat . . .



1 Kosmos – goeienaand.
2 Naand Meneer, Pieterse hier . . .

b *Luister en sê self stem 2.*

1 Ben Pieterse hier.
U: . . .

1 Goudstadhotel, goeiemiddag.
U: . . .

1 Hallo, dis Jan wat praat.
U: . . .

1 Hoërskool Johannesburg, goeiemôre.
U: . . .

1 Kosmos – goeienaand.
U: . . .

Oefening twee

Vul die blokkiesraaisel in.

1	2		3		4
5		■		■	
	■	■	6		
	■	■	T	■	G
■	7				■
■	■	■		■	8
9				■	

Af
1 Die nuwe vennoot kan dadelik begin . . .
2 Ben Pieterse . . . Paul de Klerk is vennote.
3 Die hoof-. . . is in Johannesburg.
4 Paul is nie . . . na die reis nie.
8 Paul bel vir Ben van die Proteahotel . . .

Dwars
1 . . . terug!
5 Paul . . . Ansie kom in Suid-Afrika aan.
6 Is jy moeg? . . . , ek is nie moeg nie.
7 Die besigheid se . . . -kantoor is in Johannesburg.
9 "Ons moet seker 'n . . . sake bespreek, of hoe?"

● Oefening drie

U hoor: Ek is moeg.
U sê: *Ek is nie moeg nie.*
U hoor: Ek is nie moeg nie.

1 Ek is bly.
2 Hier is interessante verwikkelinge.
3 Hy soek 'n huis.
4 Ben werk hard.
5 Hulle was op 'n later vlug.
6 Paul en Ansie bly in die Goudstadhotel.
7 Ben bel vir Paul.
8 Hulle bly in Engeland.

● ■ Dialoog twee

Ben, Paul

Ben Paul, ek moet dringend 'n kliënt gaan spreek. Kan jy asseblief die volgende goed doen: Gaan na mnr. Du Toit toe en teken die kontrak, gaan bank toe en trek honderd rand (R100) kontant vir skryfbehoeftes . . . en, o, ja, ek dink jy moet kyk of die nuwe sekretaresse regkom.

Paul Sekerlik. Moenie ons ete-afspraak vergeet nie!

Ben Ek sal nie. Tot siens.

Paul Tot siens.

● Oefening vier

U hoor: Vergeet die ete-afspraak!
U sê: *Moenie die ete-afspraak vergeet nie.*
U hoor: Moenie die ete-afspraak vergeet nie.

1 Soek 'n kantoor!
2 Teken die kontrak!
3 Gaan bank toe!
4 Trek kontant!
5 Tref reëlings!
6 Doen navraag!

■ Oefening vyf

Voltooi die sinne.

1 Paul moet drie goed vir Ben doen.
Hy moet . . .
Hy moet . . .
Hy moet . . .
2 Ben is haastig want hy moet . . .

Oefening ses

Kies uit B sinne wat by A pas.

A	B
1 Hy is bly	5 in die hotel.
2 Paul en Ansie bly	6 daar is 'n woonstel beskikbaar.
3 Rita is bly	7 die hotel het 'n wasgoeddiens.
4 Ben bly	8 nie in Kaapstad nie.

Oefening sewe

Voorbeeld Soek 'n kantoor!
Soek 'n kantoor asseblief.


1 Soek 'n kantoor!
2 Teken die kontrak!
3 Gaan bank toe!
4 Trek kontant!
5 Tref reëlings!
6 Doen navraag!

8 Les ag

Dialoog een

Saterdagoggend

Rita, Elsa



Rita Die De Klerks kom vanaand hier eet. Ons moet gou gaan inkopies doen, Elsa.

Elsa Wat het ons nodig, Ma?

Rita Kom ons kyk: wat het ons?

Elsa Ons het genoeg wyn. Daar is twee (2) bottels. Daar is vier (4) blikkies bier. Ons hoef nie bier of wyn te koop nie. Ons het net twee (2) eiers, 'n stukkie kaas, 'n bietjie botter en melk. Ons het groente en vrugte nodig; daar is net 'n pynappel, 'n paar wortels en appels.

Rita Ek sal die vleis, vrugte en groente koop. Sal jy asseblief supermark toe gaan? Hier is vyftien rand (R15,00) en die lysie kruideniersware.

'n dosyn eiers
'n liter melk
500 g kaas
'n brood
250 g botter
'n blik koffie
'n pak suiker

Elsa Goed dan! Tot later.

Oefening een

Voltooi asseblief.

Wat het Rita en Elsa nodig?


Voorbeeld




Hulle het 'n dosyn eiers nodig.

1 

2 

3 

4 

5 

Oefening twee

Waar of Vals?

1 Daar is genoeg wyn.
2 Daar is genoeg botter.
3 Elsa moet bier koop.
4 Rita het koffie nodig.
5 Daar is twee liter melk in die yskas.

Oefening drie

Voorbeeld Elsa moet wyn koop.
Elsa hoef nie wyn te koop nie.

1 Rita moet 'n pynappel koop.
2 Elsa moet die vleis koop.
3 Rita moet die kruideniersware koop.
4 Elsa moet die groente koop.
5 Rita moet bier koop.

Dialoog twee

In die supermark

Elsa, Winkelassistente

Elsa Verskoon my, Dame. Ek ken nie die winkel nie. Kan u my sê waar die koffie is?

Winkel=assistente In gang nommer twee (2), aan die linkerkant.

Elsa Dankie. En waar is die melk?

Winkel=assistente In gang nommer drie (3), in die yskas aan die regterkant. Die botter en kaas is ook daar.

Elsa Dankie vir u hulp!

By die kassiere

Kassiere, Elsa

Kassiere Dit sal dertien rand twintig (R13,20) kos, Juffrou.

Elsa O gits, my geld is by die huis! Kan ek per tjek betaal?


Kassiere Ja, maar u moet u identiteitsdokument toon.

Elsa Met plesier.

Oefening vier

U hoor: Waar is die koffie? twee (2)
U sê: *Die koffie is in gang nommer twee (2) aan die regterkant.*
U hoor: Die koffie is in gang nommer twee (2) aan die regterkant.

1 Waar is die brood? een (1)
2 Waar is die eiers? drie (3)
3 Waar is die botter? drie (3)
4 Waar is die suiker? twee (2)
5 Waar is die kaas? drie (3)



Dialoog drie

In die slaghuis

Rita, Meneer Vos

Rita Goeiemôre, mnr. Vos. Gaan dit goed?
Mnr Vos Uitstekend, dankie. En met u?

Rita Ook goed. Het u goeie vleis vandag?
Mnr Vos Natuurlik! Wat kan ek vir u doen?
Rita Wat kos daardie skaapboud?
Mnr Vos Skaapvleis kos vyf rand twintig (R5,20) per kilogram. Die skaapboud kos veertien rand tien (R14,10), Mevrou.
Rita Vleis is darem duur! Ek wonder . . . Ja wat, ek wil graag die skaapboud hê, asseblief.
Mnr Vos Sal dit al wees?
Rita Ja, dankie. Ek kan nie meer bekostig nie.
Mnr Vos Dit is veertien rand tagtig (R14,80) plus verkoop=belasting.
Rita Hier is twintig rand (R20,00). Tot siens!
Mnr Vos Mevrou! Mevrou Pieterse! U kleingeld en u pakkie!
Rita Amper vergeet ek! Baie dankie.

Oefening vyf


Voorbeeld Hoeveel kos 'n liter melk? R0,48
'n Liter melk kos ag-en-veertig sent.

1 Hoeveel kos 'n brood? R0,38
2 Hoeveel kos 'n dosyn eiers? R0,89
3 Hoeveel kos 'n blik koffie? R2,99
4 Hoeveel kos 500 g kaas? R2,40
5 Hoeveel kos 250 g suiker? R1,99


Oefening ses

Kyk na die volgende prentjies, luister en herhaal.

Vrugte:



Groente:




Oefening sewe

Lees die pryslys.

Vars vrugte en groente!

Appels R0,89 per pakkie of R1,89 per sakkie
Tamaties R1,99 per kissie
Lemoene R1,59 per sakkie
Aartappels R1,75 per sakkie
Wortels R0,70 per bossie
Sampioene R0,99 per pakkie



Oefening ag

U hoor: Hoeveel kos 'n kissie tamaties?
U sê: *Tamaties kos een rand nege-en-negentig (R1,99) per kissie.*
U hoor: Tamaties kos een rand nege-en-negentig (R1,99) per kissie.


1 Hoeveel kos 'n bossie wortels?
2 Hoeveel kos 'n sakkie lemoene?
3 Hoeveel kos 'n sakkie aartappels?
4 Hoeveel kos 'n pakkie sampioene?

9 Les nege

Dialoog een

Paul en Ansie de Klerk gaan kuier by die Pieterses.

Ben, Paul, Rita, Ansie



Ben Paul en Ansie! Bly om julle weer te sien! Welkom hier by ons.

Paul Hallo Ben. Dis gaaf om jou te sien.

Ben Kom binne! Kom binne!

Rita Hallo julle twee. Julle lyk ook nie 'n dag ouer nie. Kom, maak julle tuis. Ansie, kom sit hier. Hierdie stoel is gemaklik, daardie een is nie.

Ansie Rita, dis 'n pragtige woonstel.

Rita Ja, ons is baie gelukkig hier. Dis net tydelik, maar tog gerieflik. Die woonstel het ruim vertrekke: daar is drie slaapkamers. Die hoofslaapkamer is baie groot.

Ansie Dis groter as 'n huis in Engeland!

Rita Ja, maar die huur is hoog. Hier is die sitkamer en daar is die eetkamer. Die kombuis is langs die eetkamer.

Ansie	Baie gerieflik. Ek sien daar is twee badkamers ook.
Rita	Ja, die kinders het 'n aparte badkamer. Kyk net die lieflike uitsig, Ansie.
Ansie	Pragtig! In die hotel is daar geen uitsig nie.
Rita	Soek julle 'n permanente woonplek?
Ansie	Ja, ek wil graag in 'n woonstel bly, maar Paul verkies 'n huis of 'n meenthuis. Hy hou van tuinmaak.

■ **Oefening een**

Voorbeeld Wil jy in hierdie huis bly? woonstel
Nee, ek wil eerder in daardie woonstel bly.

1 Wil jy in hierdie hotel bly? huis
2 Wil jy in hierdie meenthuis bly? woonstel
3 Wil jy in hierdie woonstel bly? meenthuis

■ **Oefening twee**

Voorbeeld Ansie wil in 'n woonstel bly. Paul – huis
Paul verkies 'n huis bo 'n woonstel.

1 Rita wil in 'n meenthuis bly. Ben – woonstel
2 Elsa wil in 'n hotel bly. Haar ouers – huis
3 Karel wil in 'n huis bly. Elsa – hotel
4 Paul wil in 'n huis bly. Ansie – meenthuis

● **Oefening drie**

Luister en herhaal.

● **Oefening vier**

U hoor: Wil jy op hierdie stoel sit?
U sê: *Nee, ek wil eerder op daardie stoel sit.*
U hoor: Nee, ek wil eerder op daardie stoel sit.

1 Wil jy op hierdie rusbank sit?
2 Wil jy by hierdie tafel sit?
3 Wil jy op hierdie bed sit?
4 Wil jy by hierdie spieëltafel sit?
5 Wil jy op hierdie mat sit?

● **Oefening vyf**

U hoor: Is daar enige uitsig in die hotel?
U sê: *Nee, daar is geen uitsig in die hotel nie.*
U hoor: Nee, daar is geen uitsig in die hotel nie.

1 Is daar enige ruim vertrekke?
2 Is daar enige aparte badkamer?
3 Is daar enige gerieflike stoel?

● **Oefening ses**

U hoor: Die woonstel is groot, nie waar nie?
U sê: *Ja, dis 'n groot woonstel.*
U hoor: Ja, dis 'n groot woonstel.

1 Die vertrek is ruim, nie waar nie?
2 Die kombuis is gerieflik, nie waar nie?
3 Die uitsig is pragtig, nie waar nie?
4 Die woonplek is tydelik, nie waar nie?
5 Die badkamer is apart, nie waar nie?

Dialoog twee

In die sitkamer

Ben, Ansie, Paul, Rita



Ben Kan ek julle 'n drankie aanbied? Ansie?
Ansie Witwyn sal lekker smaak, dankie.
Paul Whisky en water, asseblief.
Rita Kry ek nie 'n drankie nie?
Ben Ag, jammer, Skat. Ook witwyn vir jou?
Rita Nee dankie. Ek verkies rooiwyn vanaand.
Ben Ons drink op julle terugkoms.
Paul Op die vennootskap.
Ansie Op die gasheer en gasvrou.
Rita Gesondheid!
Ansie Wat ruik so lekker, Rita?
Rita Skaapboud, spesiaal vir julle.

Om die tafel

Ben Smaaklike ete!
Almal Smaaklike ete!
Rita Paul, sal jy nog vleis neem?
Paul Nee dankie, ek sal nie meer vleis neem nie. Ek het genoeg. Dit lyk heerlik.

Oefening sewe

U hoor: Sal jy nog vleis neem?
U sê: *Nee dankie, ek sal nie meer vleis neem nie.*
U hoor: Nee dankie, ek sal nie meer vleis neem nie.

1 Sal jy nog whisky neem?
2 Sal jy nog witwyn neem?
3 Sal jy nog rooiwyn neem?
4 Sal jy nog koffie neem?

Oefening ag

Lees die volgende paragraaf en beantwoord die vrae.

Ben sit aan die hoof van die tafel. Rita sit oorkant hom. Aan Ben se linkerkant sit Ansie. Elsa sit aan sy regterkant. Karel sit langs Ansie en Elsa sit langs Paul.

Ben
Elsa Ansie
Paul Karel
Rita

Voorbeeld Wie sit oorkant Ben?
Rita sit oorkant Ben.

1 Wie sit oorkant Elsa?
2 Wie sit aan Rita se linkerkant?
3 Wie sit langs Karel? (aan sy regterkant)
4 Wie sit langs Elsa? (aan haar regterkant)

■ **Oefening nege**

Lees die volgende paragraaf en beantwoord die vrae.

Die Pieterse-gesin woon in 'n pragtige woonstel. Die woonstel het 3 slaapkamers, 2 badkamers, 'n moderne kombuis, 'n groot sitkamer en 'n eetkamer. Die huur is R350,00 per maand. Verder het die woonstel 'n mooi uitsig. Hulle bly net tydelik hier, maar wil later in 'n huis woon.

1 Waar woon die Pieterse-gesin?
2 Hoeveel badkamers het die woonstel?
3 Wat is die huur per maand?
4 Het die woonstel 'n uitsig?
5 Waar wil hulle later woon?

10 Les tien · Toets

●■ **Oefening een**

Vergelyk Handboek.

●■ **Oefening twee**

Vergelyk Handboek.

●■ **Oefening drie**

1 Die koffie is op hierdie rak.
2 'n Blik koffie kos R2,70.
3 Die juffrou wil nie help nie.
4 Daar is nie mielies nie.
5 Die groente en vrugte kom Saterdag.

■ **Oefening vier**

A Ben Pieterse . . .
B Hallo Ben, dis Paul . . . praat.
A Paul! . . . terug! Hoe . . . dit? Waar is jy? Man, ek is bly om van . . . te hoor.
B Ons was toe op 'n vroeër vlug. Ons bly . . . die Proteahotel en ek is . . . om terug . . . wees. Ons moet seker 'n paar sake . . . , of hoe?
A Ja, maar is jy nie moeg . . . ? Of kan . . . dadelik besigheid gesels?

■ **Oefening vyf**

1 Ons bly in die Proteahotel. kan
2 Paul en Ben bespreek 'n paar sake. wil
3 Ek is nie moeg nie. sal
4 Ons was op 'n vroeër vlug.
5 Ek is nog moeg.

Oefening ses

a Kan u my sê wanneer die bus vertrek?
b Wat kos beesvleis?
c Hoe gaan dit?
d Goudstadhotel, goeiemiddag.
e Ontmoet my dogter.
f Kan ek u help?
g Tot siens.
h Wil jy witwyn hê?
i Baie dankie.
j Trek asseblief geld.

1 Aangename kennis.
2 Asseblief. Ek wil graag botter hê.
3 Tot later.
4 Nee, dankie, rooi, asseblief.
5 Dis 'n plesier.
6 Sekerlik!
7 Goeiemiddag, Dame.
8 Baie goed, dankie.
9 Om vieruur.
10 R6,20 per kilogram.


Oefening sewe

Vergelyk Handboek.

Oefening ag

A Ek is Ben Pieterse.
B a) . . . Ek is meneer Brits. Ek werk by 'n bank.
b) . . .
A Ek werk by Datarand.
B Ek woon nou in Johannesburg. En c) . . . ?
A Ek ook. Ek woon al 4 d) . . . hier. Ek hoop u gaan lekker hier bly.
B e) . . .

Oefening nege



a) . . . reguit met Brinkstraat b) . . . c) . . . regs in Fouchéstraat. Draai weer d) . . . in e) . . . f) . . . is 'n park. By die g) . . . draai u links. Stap 'n h) . . . Die poskantoor is op die volgende i) . . . Dit is j) . . . 'n winkel.

Oefening tien

a *'n Mens sing die liedjie vir*

1 'n man
2 'n vrou
3 'n man en 'n vrou

b *Waar sing 'n mens die liedjie?*

1 Op 'n partytjie
2 In 'n kerk
3 By 'n ontvangsdame by 'n hotel

11 Les elf

Vertelling

Verteller

Dis Maandagoggend en Elsa Pieterse begin haar nuwe werk as sekretaresse by Theron en Brink – 'n ouditeursfirma. Sy is opgewonde en 'n bietjie bang. Sal sy dit geniet, sal sy die werk kan doen en sal sy goed met die mense klaarkom? wonder sy.

Sy is verniet bekommerd. Haar baas, meneer Brink, is 'n aangename man en laat haar gou op haar gemak voel. Hy verduidelik wat haar verantwoordelikhede is. Sy moet die telefoon beantwoord, briewe en verslae tik en afsprake reël. Hy stel haar ook aan sy kollegas voor en Elsa hou sommer dadelik van die mense.

Oefening een

Voltooi. Kies die regte antwoord uit die vertelling en skryf die sin neer.

1 Elsa Pieterse werk as sekretaresse
 a by 'n skool.
 b by Brink en De Klerk.
 c by 'n ouditeursfirma.

2 Sy wonder
 a of sy die nuwe werk sal geniet.
 b of die mense van haar sal hou.
 c of haar baas 'n aangename man is.

3 Haar baas, meneer Brink,
 a is 'n kwaai man.
 b stel haar nie aan die ander mense voor nie.
 c verduidelik wat sy moet doen.

4 Elsa
 a is bang om die nuwe werk te begin.
 b hou van die mense in die firma.
 c moet net tik.

Oefening twee

Vul die regte woorde in.


Dis Maandagoggend en Elsa . . . begin haar nuwe werk . . . sekretaresse by Theron en . . . – 'n ouditeursfirma. Sy is . . . en 'n bietjie bang. . . . sy dit geniet, sal . . . die werk kan doen . . . sal sy goed met . . . mense klaarkom? wonder sy.

. . . is verniet bekommerd. Haar . . . , meneer Brink, is 'n . . . man en laat haar . . . op haar gemak voel. . . . verduidelik wat haar verantwoordelikhede . . . Sy moet die telefoon . . . , briewe en verslae tik . . . afsprake reël. Hy stel . . . ook aan sy kollegas . . . en Elsa hou sommer . . . van die mense.

Oefening drie

Voorbeeld Sy *kom* goed met die mense *klaar*. sal
Sy sal goed met die mense **klaarkom.**

1 Sy *kom* goed met die mense *klaar*. sal
2 Hy *stel* haar aan sy kollegas *voor*. sal
3 Hulle *kom* op die lughawe *aan*. sal
4 Paul *maak* graag *tuin*. sal
5 Karel *stel* nie in Geskiedenis *belang* nie. sal
6 Hy *sit* sy tas by die bank *neer*. sal
7 Ek *beveel* die Goudstadhotel *aan*. sal
8 Meneer Pieterse *vul* die vorm *in*. sal



■ **Oefening vier**

Kyk na die volgende advertensies vir sekretaresseposte.

Sekretaresse I	
Salarisskaal	R7 158 x 312 – 8 006 x 414 – 9 648
Kwalifikasies	Minstens St. 10 met Tik as vak.
Ondervinding	2 jaar toepaslike ondervinding.

Sekretaresse II	
Vereistes	St. 10. Toepaslike ondervinding sal 'n aanbeveling wees.
Salaris	Onderhandelbaar.

Sekretaresse III	
Salaris	Tussen R9 648 en R13 740 per jaar.
Kwalifikasies	St. 10 met Tik en Snel plus 5 jaar ondervinding en/of diploma.
Byvoordele	
Ruim verlof	
Bonus	
Groeplewensversekering	Pensioenfonds en Mediese hulpfonds

Is die volgende stellings Waar of Vals?

1 St. 10 is 'n vereiste.
2 Al drie poste se salarisse is onderhandelbaar.
3 Die byvoordele van al drie poste is swak.
4 'n Diploma sal 'n aanbeveling wees.
5 Pos I se minimum salarisskaal is R7 158 per jaar.
6 Toepaslike ondervinding is nie 'n aanbeveling nie.
7 Pos II het 'n pensioenfonds en mediese hulpfonds.
8 Ruim verlof en 'n bonus is byvoordele.
9 'n Diploma is 'n vereiste vir pos III.
10 Pos III het die beste salaris.

● ■ **Oefening vyf**

a *Luister.*

b *Luister en skryf.*

● **Oefening ses**

Voorbeeld U moet hierdie verslag tik. daarna
Daarna moet u hierdie verslag tik.

1 U moet hierdie verslag tik. daarna
2 U moet 'n afspraak met die bestuurder reël. dan
3 U moet asseblief vier briewe tik. daarna
4 U moet asseblief bank toe gaan. dan
5 Elsa moet hom aan sy ete-afspraak herinner. daarna
6 Elsa kan huis toe gaan! dan

● **Oefening sewe**

Voorbeeld Elsa herinner hom aan sy ete-afspraak. om vieruur
Om vieruur herinner Elsa hom aan sy ete-afspraak.

1 Elsa herinner hom aan sy ete-afspraak. om vieruur
2 Paul bel 'n eiendomsagent. om sesuur
3 Karel gaan skool toe. om kwart oor sewe
4 Karel het Geskiedenis. om twaalfuur
5 Karel gaan huis toe. om twee-uur
6 Die De Klerks kuier by die Pieterses. tot elfuur

● **Oefening ag**

Luister en herhaal.

12 Les twaalf

● ■ Dialoog een

In die stad

Rita (R), Ansie (A), Apteker (Ap)



R Ek gaan by 'n parkeerterrein stilhou.

A Dis 'n goeie plan. Dan hoef ons nie kort-kort geld in die parkeermeter te gaan gooi nie.

R Kom ons gaan eerste na die apteek toe. Ek het 'n paar goedjies nodig.

Ap Goeiemôre, Dames. Wat kan ek vandag vir u doen?

R Ek het 'n voorskrif van die dokter. Kan u hierdie pille vir my gee, asseblief?

Ap Sekerlik.

A Hoeveel kos hierdie lipstiffie?

Ap Vyf rand tien sent (R5,10).

A Nee – dis te duur!

R Ek moet salf koop. Karel het gister geval. Sy knie is stukkend.

Ap Hier is die pille, Mevrou. U moet dit vir vier weke gebruik.

R Hoeveel kos dit?

Ap Dit is twaalf rand twintig sent (R12,20) saam met die salf. Dan kom die verkoopbelasting by. Die totaal is twaalf rand een-en-tagtig sent (R12,81).

Is dit al vir vandag?

R Ja, dankie.

● Oefening een

Voorbeeld Waarheen gaan Rita en Ansie eerste?
Hulle gaan eerste na die apteek toe.

1 Waar gaan Rita stilhou?
2 Waarheen gaan hulle eerste?
3 Wat koop Rita alles?
4 Vir wie moet Rita die salf koop?
5 Hoe lank moet Rita die pille gebruik?

● Oefening twee

Voorbeeld Sy gaan by 'n parkeerterrein stilhou.
Gaan sy by 'n parkeerterrein stilhou?

1 Sy gaan by 'n parkeerterrein stilhou.
2 Hulle gaan na die apteek toe.
3 Sy het 'n voorskrif van die dokter.
4 Dit is R10 saam met die verkoopbelasting.

■ Oefening drie

Lees die sinne in Lys A en Lys B. Kies sinne uit Lys B om by die sinne in Lys A te pas.

A	B
1 Sy hoef nie geld in die meter te gooi nie.	a Verkoopbelasting is uitgesluit.
2 Die apteker gee vir Rita pille.	b Karel se knie is stukkend.
3 Die goedjies kos R12,20.	c Sy hou by 'n parkeerterrein stil.
4 Sy moet salf koop.	d Sy het 'n voorskrif van die dokter.

Dialoog twee

Rita (R), Ansie (A), Haarkapper (H)



A Waar is 'n goeie haarkapper?

R Salon Theuns is op die volgende hoek. Die haarkapper sny en kam uitstekend.

A Kom ons loop soontoe. Ek wil graag 'n afspraak maak.

H Goeiemôre, skone Dames.

A Ek wil graag my hare laat sny. Wanneer kan ek 'n afspraak kry?

H Hoe lyk dit met Woensdag?

A Nader aan die naweek, as dit moontlik is.

H Vrydag om kwart oor tien?

A Dit pas my uitstekend. Hoe lank sal dit neem om my hare te sny en te krul?

H Ongeveer twee uur.

A Goed. Tot Vrydag!

H Tot siens!

R Hy is so sjarmant. Ek dink ek moet my hare ook laat doen.

Oefening vier

Skryf die korrekte vorm van die syfers in hakies neer.

Voorbeeld Sy gaan haar hare op die (6) sny.
Sy gaan haar hare op die sesde sny.

Ansie en Rita gaan (1) na die apteek toe. Sy moet die pille vir (4) weke gebruik. Ansie maak 'n afspraak vir die (7) Mei. Die (3) en (5) Mei is te vroeg in die week. Dit sal (2) uur neem om haar hare te krul.

Oefening vyf

Voorbeeld Een
Eerste

1	een	6	ag
2	vier	7	vyf
3	sewe	8	drie
4	twee	9	nege
5	tien	10	ses

Oefening ses

Skryf uit elke groep die woord neer wat nie pas nie.

1	haarkapper	3	voorskrif
	voorskrif		sjarmant
	krul		apteek
	kam		pille
2	sesde	4	vandag
	sewende		gister
	nege		knie
	agste		naweek

■ **Oefening sewe**

Vra vrae om die kursiewe deel as antwoord te kry.

Voorbeeld Rita gaan *by 'n parkeerterrein* stilhou.
Waar gaan Rita stilhou?

1 Rita en Ansie gaan eerste *na die apteek toe.*
2 Rita het *'n voorskrif* van die dokter.
3 Sy moet die pille vir *vier weke* gebruik.
4 Ansie se afspraak is Vrydag *om kwart oor tien.*
5 Dit sal *twee uur* neem om Ansie se hare te kap.

● **Oefening ag**

Luister en herhaal.

■ **Oefening nege**

Voorbeeld Hy moet die wyn aanbeveel.
Beveel die wyn aan!
Moenie die wyn aanbeveel nie!

1 Sy moet stilhou.
2 Ben moet die vorm invul.
3 Paul moet vir Ben 'n drankie aanbied.
4 Hy moet vir Elsa voorstel.

13 Les dertien

●■ **Dialoog een**

Rita en Ansie in 'n restaurant.

Rita (R), Ansie (A), Kelner (K)



R Die bediening is stadig. Ons wag al tien minute.

A Gelukkig sit ons op gemaklike stoele! Wat gaan jy bestel?

R Ek wil eers die spyskaart sien.

K Goeiemôre. Hier is die spyskaart.

A Ek wil graag 'n koppie koffie hê . . . en vars botterbroodjies met konfyt en room.

R Ek kan nie besluit nie. Miskien moet ek plaatkoekies neem.

K Jammer, ons plaatkoekies is nog nie reg nie. Ek beveel ons melktert aan. Dis baie lekker.

R Goed. Bring vir my rooibostee en 'n stukkie warm melktert, asseblief.

A Wat 'n gawe kelner! En so behulpsaam. Ons moet hom 'n groot fooitjie gee.

R Ja. 'n Mens kry soms onvriendelike kelners.

TEE-EN KOFFIEHOEKIE
VIR DIE SOETTAND

Botterbroodjies met konfyt en room	90c
Koeksisters	95c
Melktert	1.00
Wafels met stroop	1.10
met stroop en roomys	1.25
Plaatkoekies met konfyt en room	1.20
Pannekoek met kaneel, stroop en room	1.25
Lemoenkoek	95c

WARM DRANKIES

Tee per koppie	70c
Tee per pot	1.00
Rooibostee	55c
Koffie	70c
Filterkoffie	90c
Melk	60c
Sjokolade	80c

■ Oefening een

Waar of Vals?

1 Die bediening is stadig.
2 Ansie wil 'n koppie tee hê.
3 Rita kan dadelik besluit.
4 Rita drink rooibostee.
5 Die kelner is onvriendelik.

●■ Dialoog twee

Na 'n rukkie

Ansie (A), Rita (R)

A Melk en suiker, Rita?

R Nee dankie. Ek neem swart en sonder suiker.

A Kyk daardie dame se pragtige trui.

R Truie is nou baie in die mode.

A Langbroeke ook.

R 'n Mens moet die regte figuur hê om dit te dra.

A Rompe en baadjies lyk altyd deftig.

R Haai, kyk daardie meisie se kort rokkie!

A Lyk my die mini is terug! Paul sal bly wees!

R En Ben ook!

A Is jy klaar?

R Ja dankie, dit was lekker.

■ **Oefening twee**

Beantwoord die volgende vrae in volsinne nadat dialoog een en twee hersien is.

1 Wat gee die kelner aan hulle?
2 Wat wil Ansie hê?
3 Hoe is die kelner?
4 Hoe neem Rita haar tee?
5 Wat kan mense met die regte figuur dra?

■ **Oefening drie**

Vul die korrekte woorde in.

1 Die . . . in die restaurant is stadig.
2 Die kelner bring vir hulle 'n . . .
3 Rita wil . . . plaatkoekies . . .
4 Die kelner . . . melktert . . .
5 Rita drink nie melk in haar tee nie. Sy drink dit . . .
6 Truie is baie . . .
7 Rompe en baadjies . . . altyd . . .

● **Oefening vier**

Voorbeeld Ek wil die spyskaart sien. eers
Eers wil ek die spyskaart sien.

1 Ons sit op gemaklike stoele. gelukkig
2 Ek moet plaatkoekies neem. miskien
3 'n Mens kry onvriendelike kelners. soms

● **Oefening vyf**

Voorbeeld Ek besluit. kan
Ek kan nie besluit nie.

1 Ek het koffie. wil
2 Jy neem suiker. sal
3 Hy bring plaatkoekies. moet
4 Sy dra kort rokkies. kan

● **Oefening ses**

Voorbeeld Dink jy die motor is stadig?
Ja, dis 'n stadige motor.

1 Dink jy die stoel is gemaklik?
2 Dink jy die kelner is gaaf?
3 Dink jy die trui is pragtig?
4 Dink jy die baadjie is warm?
5 Dink jy die restaurant is goed?

●■ **Oefening sewe**

Luister na die liedjie en vul in.

. . . in die . . . Kalahari,
daar . . . die Boere so:
. . . ons die . . . Kalahari,
die . . . Kalahari bo.
. . . lê die . . . vlaktes,
kameeldoringboom en sand.
Eensame vreedsame . . .
Dis ons Kalahariland.
Sonbesies . . . in jou bosse,
die hittige son te versmaai;
. . . Afrikanerosse,
. . . jy om . . . draai.
. . . in die . . . Kalahari,
daar . . . die Boere so:
. . . ons die . . . Kalahari,
die . . . Kalahari bo.

■ **Oefening ag**

Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.

In die (ver) Kalahari wat (ou) is, sing die Boere 'n (pragtig) lied. Hulle sing: Daar is (wyd) vlaktes en hulle is (eindeloos). Die Afrikanerosse is (rooi) en om elke draai. Hulle wil in die Kalahari bly want die 'n (lieflik) en (interessant) deel van Suid-Afrika is.

WEN GROOT PRYSE!

GOEIE DIENS

GALA
H/v Schoeman- en Du Toitstraat
PRETORIA

DIX se geur is LIEFLIK

BOEREWORS IS LEKKER!
Koop by ONS

HUUR 'n RUIM WOONSTEL

VIR MOEË VOETE
gebruik warmwater en

DIE SEEP IS NUUT
PROBEER DIT!

"AANDAG"
ALLE LANG MANS
LENGTE
HET DIE REGTE KLERE!

Die ring is pragtig.

SWART SKOENE

u HARE is KORT
GROEI help
vóór na

VIR HOË RENTE
18% 20% KOM NA
BOEREBANK

■ **Oefening nege**

Lees die advertensies deur. Voltooi daarna die volgende tabel.

Voorbeeld	Dit is 'n *ou* man.	*Die man* is oud.
1	Dit is *groot* pryse.	. . .
2	. . .	Die hare is *kort*.
3	Dit is *goeie* diens.	
4	. . .	Die groente is *vars*.
5	Dit is *hoë* rente.	
6	. . .	Die ring is *pragtig*.
7		Die geur is *lieflik*.
8	Dit is *moeë* voete.	. . .
9	Dit is *warm* water.	. . .
10	Dit is 'n *ruim* woonstel.	
11	. . .	Die seep is *nuut*.
12	Dit is *swart* skoene.	. . .
13		Boerewors is *lekker*.
14	Dit is 'n *lang* man.	
15	Dit is die *regte* klere.	. . .

● **Oefening tien**

Luister en herhaal.

14 Les veertien

● ■ Dialoog een

Paul soek woonplek.

Paul (P), Ansie (A)



P Ag nee! Ek bel en bel en bel – twee-en-twintig oproepe en niemand het 'n woonstel waarvan ek hou nie! Baie agente het nie eers woonstelle nie! Die ander sal terugbel! Blyplek is regtig skaars.

A Toemaar, toemaar, ek weet van iemand met wie ons kan praat, miskien kan sy help.

P Van wie praat jy? Hoekom praat jy nou eers? Laat ons dadelik bel.

A Dis 'n vriendin van Rita – die meisie wat langs hulle bly. Haai! Waarheen gaan jy?

P Ek gaan dadelik na haar toe!

■ Oefening een

Vul die regte woorde in.

1 a Niemand het 'n woonstel . . . ek hou nie.
b Ek weet van iemand . . . ons kan praat.
c . . . praat jy?
d Dit is die meisie . . . langs hulle bly.

2 a Hallo! Dis Paul . . . praat.
b Die vleis . . . ons koop, is duur.
c Die woonstel . . . hulle huur, is mooi.
d Die werk . . . Elsa doen, is interessant.

3 a Die vrou . . . hy praat, is aangenaam (met).
b Die Pieterse . . . ek hou, kom kuier.
c Die meisie . . . ek dink, is mooi.

4 a Die werk . . . sy hou, is nuut.
b Die woonstel . . . hulle bly, is in Hillbrow (in).
c Die stoel . . . sy sit, is ongemaklik (op).
d Die pen . . . hy skryf, is rooi.

● ■ Oefening twee

Luister en skryf.

● ■ Dialoog twee

Paul

Is dit 'n tweeslaapkamerwoonstel?

Met 'n tuin? Dit klink goed.
Moet ons 'n deposito en 'n maand se huur vooruit betaal?
Wanneer kan ons die woonstel besigtig?

Môreaand? Ja, dis in orde.

Nee, ons het nie troeteldiere nie.
Goed dan, tot siens.

Ansie, ons het 'n woonstel!

■ Oefening drie

Is dit 'n tweeslaapkamerwoonstel?

1 Ja . . .
Met 'n tuin? Dit klink goed.
Moet ons 'n deposito en 'n maand se huur vooruit betaal?

2 Ja . . .
Wanneer kan ons die woonstel besigtig?

3 . . .
Môreaand? Ja, dis in orde.

4 . . .
Nee, ons het nie troeteldiere nie. Goed dan, tot siens.

5 . . .

● Oefening vier

Voltooi nou self die telefoongesprek.

● ■ Oefening vyf

Luister na die getalle en merk dit af in die blok.

a

10		16		40	
	32		20		48
22		36		50	

b

	27		55		49
59		31		12	
	33		24		46

■ Oefening ses

1 Daar is baie huise . . . hulle hou (van).
2 Die koek . . . hulle eet, is soet.
3 Die mense . . . hy praat, luister nie (met).
4 Die kelner . . . hulle bedien, is gaaf.
5 Hy dink aan sy werk. Die werk . . . hy dink, is belangrik.

● Oefening sewe

Voorbeeld Bly julle in 'n duur huis?
Die huis waarin ons bly is duur.

1 Bly julle in 'n duur huis?
2 Sit hulle onder 'n groot boom?
3 Loop hy in 'n mooi straat?
4 Ry sy met 'n klein motor?
5 Sit sy op 'n rooi stoel?

● ■ Oefening ag

Luister na die liedjie en vul in.

Daar's 'n hoender . . . 'n eier nie kan lê . . .
Daar's 'n hoender . . . 'n eier nie kan lê . . .
Daar's 'n hoender . . . 'n eier nie kan lê . . .
Dis die haan . . . op die kerktoring staan.

■ Oefening nege

Kies die regte een.

1	man	a	hen
2	vader	b	mevrou
3	seun	c	vrou
4	haan	d	moeder
5	meneer	e	dogter

15 Les vyftien

Dialoog een

Ben (B), Paul (P), Verteller (V)



B Paul, ons moet aan die gang kom!

P Ek's gereed. Praat net.

B Sê my: is jy tevrede met jou kantoor?

P O ja! Die volvloertapyt maak die vertrek gesellig, en die lessenaar is groot genoeg. Die uitsig oor die stad is pragtig!

B Ek is bly jy hou daarvan. Kom ons kyk na ons werk=program vir hierdie maand. Ons het Vrydag die vyfde Julie om nege-uur (09h00) 'n afspraak met die bank=bestuurder. Pas dit jou?

P Dit pas my uitstekend. Ek wil graag ons geldsake bespreek.

B Ek dink ons moet elke Maandagmiddag 'n personeelver=gadering hou. Wat dink jy daarvan?

P 'n Goeie idee. Sommer van vandag af. Dui dit op die kalender aan.

B Goed, ons maak dit vroeg vanmiddag, net na veertien=uur (14h00). Ek sal die ander laat weet. O ja, môre om twaalf dertig (12h30) het ons 'n ete-afspraak met 'n belangrike kliënt, mnr. Botha, van Noordbank.

P Dit klink interessant!

B Ja, hy is baie geïnteresseerd in rekenaars. Hy wil binne drie weke 'n rekenaar van R50 000 vir die bank koop.

P Dit lyk na gróót besigheid vir Datarand!

V Ben en Paul gaan baie bedrywig wees gedurende Juliemaand. Hulle het ook die volgende afsprake:

Die 9de Julie om 08h30 – 'n Vergadering met direkteure.

Die 15de Julie om 11h00 – Konsultasiewerk vir mnr. De Bruin, besturende direkteur van Opvoed=kundige Media.

Van die 17de tot 19de Julie – Woon konferensie in die Randhotel by.

Die 24ste Julie om 10h00 – Paul het 'n afspraak met 'n kliënt in Pretoria.

Van die 29ste tot die 31ste Julie – Datarand se rekenaar=uitstalling.

Oefening een

Luister weer na dialoog een. Dui al hulle afsprake, vergaderings, ens. in Julie op die kalender aan.

KALENDER

JULIE

Ma	1	Di	9	Wo	17	Do	25
Di	2	Wo	10	Do	18	Vr	26
Wo	3	Do	11	Vr	19	Sa	27
Do	4	Vr	12	Sa	20	So	28
Vr	5	Sa	13	So	21	Ma	29
Sa	6	So	14	Ma	22	Di	30
So	7	Ma	15	Di	23	Wo	31
Ma	8	Di	16	Wo	24		

■ Oefening twee

Waar of Vals?

1 Paul is nie tevrede met sy kantoor nie.
2 Paul en Ben het 'n afspraak met die bankbestuurder.
3 Hulle moet elke Dinsdagoggend 'n personeelvergadering hou.
4 Hulle het oor drie weke 'n afspraak met mnr. Botha.
5 Hulle gaan nie besig wees gedurende Juliemaand nie.

● Oefening drie

Voorbeeld Hulle het 'n afspraak. die 5de Julie om nege-uur
Die 5de Julie om nege-uur het hulle 'n afspraak.

1 Hulle het 'n ete-afspraak. Môre om twaalfuur
2 Mnr. Botha wil 'n rekenaar koop. Binne drie weke
3 Hulle het 'n personeelvergadering. Vroeg vanmiddag
4 Hulle woon 'n konferensie by. Van die 17de tot die 19de Julie

●■ Dialoog twee

'n Advertensie in die koerant

Sekretaresse (S), Juffrou Wessels (W)

S Datarand, goeiemiddag.

W Goeiemiddag, Dame. Mag ek asseblief met mnr. De Klerk praat?

S Mnr. de Klerk is besig met 'n oproep, maar ek sal u intussen help. Met wie praat ek?

W Dit is juffrou Wessels wat praat. Ek het gister die advertensie in die koerant gesien en ek stel belang in die pos. Kan ek vandag vir 'n onderhoud kom?

S Jammer, juffrou Wessels, maar mnr. De Klerk is baie besig. U kan eers oor twee dae vir 'n onderhoud kom.

W Dit maak nie saak nie. Enige tyd sal my pas, want ek werk nie op die oomblik nie.

S Goed. Laat Woensdagoggend – om elf dertig (11h30)?

W Sekerlik.

■ Oefening vier

Voorbeeld Mnr. Botha het 'n afspraak. want
Hy wil 'n rekenaar koop.
Mnr. Botha het 'n afspraak, want hy wil 'n rekenaar koop.

1 Juffrou Wessels skakel Datarand. want
Sy stel belang in die pos.
2 Mnr. De Klerk kan nie met haar praat nie. want
Hy is baie besig.
3 Hy is besig met 'n oproep. maar
Sy kan intussen help.
4 Sy het die advertensie gesien. en
Sy wil vir 'n onderhoud kom.

● Oefening vyf

Voorbeeld Met wie praat ek? Juffrou Wessels
Dit is Juffrou Wessels wat praat.

1 Met wie praat ek? Juffrou Walters
2 Met wie praat ek? Mnr. De Klerk
3 Met wie praat ek? Mev. Pieterse

● Oefening ses


Luister en herhaal.

16 Les sestien

●■ Dialoog

'n Uitnodiging

Rita (R), Ansie (A), Paul (P), Karel (K)



R Hallo – dis Rita wat praat.

A Hallo Rita. Het jy Ben al gesien?

R Nee, hy is nog nie by die huis nie.

A O, dan weet jy nog nie? Wil julle nie môreaand by ons kom eet nie?

R Dit sal heerlik wees. Dan hoef ek nie kos te maak nie!


A Ek is bly julle kom. Paul wil net vir jou die pad na ons nuwe huis verduidelik!

R O gits! Dan moet hy liewer met Karel praat. Ek kry nooit 'n plek nie. Tot siens. Hier's Karel.


P Naand, Karel. Hoe gaan dit met jou?

K Naand, oom Paul. Goed, dankie en met Oom?

P Ook goed, dankie! Kyk, julle ry met die snelweg tot by die tweede afrit. Daar draai julle links af en by die verkeerslig regs. Hou dan reguit aan tot by die T-aansluiting. Daar draai julle links en by die eerste stopstraat weer regs in Wyestraat in. Ons huis, wat aan die linkerkant is, is nommer tien.



K Net 'n oomblik, Oom, ek wil iets vra: ry 'n mens nie êrens by 'n swembad verby nie?



P Ja, dis reg. Jy ry op pad na die T-aansluiting by 'n swembad verby.

K Moenie bekommerd wees nie. Ons sal dit kry. Sê groete aan tannie Ansie.

Oefening een

Vra vrae. Die kursiewe gedeeltes moet die antwoorde wees.

Voorbeelde Die Pieterses gaan *môreaand* by die De Klerks eet.
Wanneer gaan die Pieterses by die De Klerks eet?

Karel praat *met Paul.*
Met wie praat Karel?

1 Die Pieterses gaan môreaand *by die De Klerks* eet.
2 Paul wil *vir Rita* die pad verduidelik.
3 Paul verduidelik die pad *na sy huis.*
4 Hulle moet by die *tweede afrit* links draai.
5 Hulle huis is *aan die linkerkant.*
6 Karel sê groete *aan tannie Ansie.*

Oefening twee

Voorbeeld Dis Rita wat praat.
Dis nie Rita wat praat nie.

1 Dis Rita wat praat.
2 Hulle kom môreaand by ons eet.
3 Paul wil vir jou die pad verduidelik.
4 Draai links by die verkeerslig!

Oefening drie

Luister en herhaal.

Oefening vier

Kies die negatief wat die beste pas en beantwoord die vrae.

nêrens, nog nie, niks, nooit, niemand, geen, nie meer (+ nie)

1 Het Rita al gister van die ete-afspraak geweet?
2 Is daar 'n haarkapper op pad na die De Klerks?
3 Het iemand vir Ben gesien?
4 Ry 'n mens êrens by 'n restaurant verby?
5 Kom Rita ooit by 'n plek uit?
6 Gaan Rita môreaand iets vir ete maak?
7 Is daar nog vars groente?

Oefening vyf

Voorbeelde Wil julle by ons kom eet?
Wil julle nie by ons kom eet nie?

Is Ben al by die huis?
Is Ben nog nie by die huis nie?

1 Wil julle by ons kom eet?
2 Moet hy liewer met Karel praat?
3 Kan ek by die stopstraat links draai?
4 Is jy bly hulle kom?
5 Is Ben al by die huis?
6 Kry Rita ooit 'n plek?
7 Is daar nog koffie?
8 Ry ons êrens by 'n swembad verby?
9 Gaan jy iets vra?
10 Wil jy vir my die pad verduidelik?
11 Sien julle ooit mense?
12 Ry 'n mens êrens by 'n swembad verby?

■ Oefening ses

Vul die volgende woorde in die spasies in.

by wie, met wie, waarby, wat, waarheen, aan wie, waarvan

Voorbeeld Die mense . . . ons gaan kuier, is die De Klerks.
Die mense *by wie* ons gaan kuier, is die De Klerks.

1 Dit is Ben . . . nog nie by die huis is nie.
2 Rita weet nog nie van die uitnodiging . . . Ben weet nie.
3 Dit is Karel . . . Paul die pad verduidelik.
4 Die huis . . . ons ry, is aan die linkerkant.
5 Dit is Ansie . . . Rita oor die telefoon praat.
6 Die persoon . . . hy groete stuur, is tannie Ansie.
7 Die swembad . . . jy verby ry, is naby die T-aansluiting.
8 Dit is Rita . . . praat.

■ Oefening sewe

Gebruik tipiese Afrikaanse aanspreekvorme om die volgende funksies uit te voer.

Voorbeeld Sê aan jou ma sy lyk mooi. Ma, . . .
Ma, Ma lyk mooi.

1 Nooi jou vriend uit om môreaand by jou te kom eet. Piet, . . .
2 Vra aan jou pa hoe dit met hom gaan. Pa, . . .
3 Beveel 'n vriend om by die verkeerslig links te draai. Draai . . . ! Jy . . .
4 Vra vir 'n vriendin of hier nêrens 'n restaurant is nie. Rita, . . . ?
5 Vra aan jou tante of sy nie volgende week saam met jou wil gaan eet nie. Tante, . . . ?
6 Verduidelik aan 'n vreemde man hy moet verby die swembad ry om by die restaurant te kom. Meneer, . . .
7 Sê aan jou oom dat hy sy bril vergeet het. Oom, . . .

● Oefening ag

Luister en herhaal.

● ■ Oefening nege

Luister na die woorde en skryf hulle in twee kolomme.

Voorbeeld sê beter
môre groter

■ Oefening tien


Kies die regte sinne uit Lys B om by die woorde in Lys A te pas.

A	B
1 Oom, . . .	a kan ek u help?
2 Pa, . . .	b Ansie wil eers met jou gesels.
3 Karel, . . .	c jy moet by die eerste straat links draai.
4 Dame, . . .	d waar is Oom se radio?
5 Rita, . . .	e hier is Pa se bril.

17 Les sewentien

● ■ Verteling

Verteller



Die Pieterses en De Klerks sal een van die besienswaardighede van Johannesburg, die goudmynmuseum, besoek. Die museum is op die plek waar goud in agtien ses-en-tagtig (1886) deur George Harrison ontdek is. Dit is 'n interessante museum wat bestaan uit historiese mynhuise uit die tydperk agtien ses-en-tagtig (1886) tot negentien twintig (1920), 'n regte mynskag en uitstalruimtes. Sondae is daar altyd iets interessants, soos die tradisionele stamdanse van die Swart mynwerkers. 'n Mens kan ook sien hoe hulle goudstawe giet. En besoekers gaan selfs ondergrond in die myn af!
Hulle sal die hele dag daar deurbring en in die outydse restaurant tussen die mynhope eet.

● Oefening een

Voorbeeld Daar is stamdanse. tradisioneel
Die stamdanse is iets tradisioneels.

1 Daar is stamdanse. tradisioneel
2 Daar is mynhuise. outyds
3 Daar is mynhope. interessant
4 Daar is goudstawe. mooi
5 Daar is uitstalruimtes. nuut

■ Oefening twee

Vul die volgende woorde in die spasies in.

interessant, ontdek, giet, besienswaardighede, stamdanse, mynhope, ondergrond

Johannesburg het baie . . . waarvan die goudmynmuseum een is. Die museum is op die plek waar goud . . . is. Die museum is . . . en bestaan uit mynhuise, 'n regte mynskag en uitstalruimtes. Daar is . . . van die Swart mynwerkers op Sondae. Hulle . . . ook goudstawe en neem besoekers . . . Orals in Johannesburg kan 'n mens . . . sien.

● Oefening drie

Voorbeeld Ek drink iets warms.
Ek drink niks warms nie.

1 Ek drink iets warms.
2 Daar is iets interessants.
3 Ek sien iets moois.
4 Hy sê iets belangriks.
5 Hy eet iets soets.

■ Oefening vier

Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd.

Voorbeeld Sondae is daar altyd iets interessants.
Sondae sal daar altyd iets interessants wees.

1 Sondae is daar altyd iets interessants.
2 Die Pieterses besoek een van die besienswaardighede van Johannesburg.
3 Die Swart mynwerkers dans hulle stamdanse.
4 Besoekers gaan selfs ondergrond.
5 Hulle bring die hele dag daar deur.
6 Hulle eet in die outydse restaurant tussen die mynhope.


Oefening vyf

Voorbeeld Sondae is daar stamdanse.
Sondae sal daar stamdanse wees.

1 Sondae is daar stamdanse.
2 Besoekers gaan ondergrond.
3 Hulle besoek die museum.
4 Hulle bring die hele dag daar deur.
5 Die mynwerkers dans hulle stamdanse.
6 Ek drink iets warms.
7 Hy sê iets belangriks.

Oefening ses

Blokkiesraaisel



Af
1 Die restaurant is tussen die . . .
2 Maandae is daar nie stamdanse . . .
3 Hulle . . . ook by die goudmynmuseum.
4 Die Pieterses . . . De Klerks besoek die museum.
6 Ansie is Rita . . . vriendin.
7 Hulle gaan ondergrond in die myn . . .
8 Daar is 'n regte myn- . . . by die museum.
9 Hulle . . . die museum weer besoek.
11 Die huise kom uit die . . . -perk, 1886–1920.
12 Rita sê ". . . geniet die besoek en jy?"
14 Die Afrikaners hou baie van . . . !
16 Hulle bring . . . hele dag daar deur.
17 . . . eenuur gaan hulle in die restaurant eet.

Dwars
1 Mense wat in 'n myn werk is . . .
5 Die mynhuise is . . . modern nie.
8 Besoekers gaan . . . ondergrond.
10 George Harrison het in 1886 goud . . .
13 In die slaapkamer is 'n klere- . . .
15 Die museum vertel die geskiedenis van . . .
18 Sondae is daar . . . by die goudmynmuseum.

18 Les agtien

● ■ Dialoog een

Verteller (V), Ben (B), Paul (P), Koos (K), Willem (W)



V Ben is 'n goeie sportman en hy neem graag aan sport deel. Hy hou van tennis, maar gholf is sy geliefkoosde sportsoort. Paul het verlede jaar begin gholf speel. Hy het twee maande gelede by die Randklub aangesluit. Nou is dit Woensdagmiddag en vandag speel Ben en Paul in 'n gholfkompetisie teen Koos en Willem. Hulle is moontlike kliënte van Datarand.

B Slaan jy eerste af, Koos.

P Mooi skoot! Vir 'n 17 voorgee het jy 'n lang bofhou geslaan!

K Net verlede week het ek so gesukkel. Ek het selfs 'n bal misgeslaan!

W Jy het goed begin, ou maat. Hou so aan.

P O, dit was 'n swak hou! Het iemand die bal gesien?

B Hy het in die water beland. Tussen hakies, Koos, het SBO al 'n rekenaar gekoop?

K Nee, Ben, maar ek en Willem het dit net gister bespreek. Kan julle ons dalk help?

B Ek dink so. Paul is ons deskundige. Hy het baie omtrent rekenaars uitgevind in die buiteland.

K Ek sal sommer 'n vergadering vir môre reël! O, hier is jou bal. Dis mos jou joggie die.

● Oefening een

Voorbeeld Hulle speel vandag gholf.
Hulle het gister ook gholf gespeel.

1 Hy slaan vandag 'n goeie hou.
2 Hy reël vandag 'n vergadering.
3 Hy sukkel vandag.
4 Hulle koop vandag 'n rekenaar.
5 Ben sien vandag die bal.
6 Hulle stap vandag verder.

● Oefening twee

Voorbeeld Ben is 'n goeie sportman.
Ben was 'n goeie sportman.

1 Gholf is sy geliefkoosde sportsoort.
2 Hulle is moontlike kliënte.
3 Dit is 'n swak hou.
4 Paul is ons deskundige.

■ Oefening drie

Voltooi die tabel.

Vandag	*Gister*
Ben *neem* aan sport *deel.*	Ben het . . .
Paul . . .	Paul het by die klub *aangesluit.*
Koos *slaan* eerste *af.*	Koos het . . .
Hy . . .	Hy het die bal *misgeslaan.*
Hy . . .	Hy het baie *uitgevind.*
Paul *sit* in die kroeg *vas.*	. . .
Hy *kry* sy sethoue *reg.*	. . .

● ■ Dialoog twee

Verteller (V), Ben (B), Koos (K), Paul (P), Willem (W)

V In die kroeg by die 19de putjie drink die vier mans 'n drankie. Hulle lewer kommentaar oor die spel. Ben-hulle het verloor, Koos-hulle het gewen.

B Geluk, Koos. Baie geluk, Willem. Knap gedaan! Hier is die ag balle, en twaalf rand.

K Dankie. Dis maar goed julle was nie op julle stukke nie! Wat gaan julle manne drink? Ons betaal vir die drankies.

B 'n Bier, asseblief.

P 'n Whisky vir my, dankie. Ek het iets sterks nodig. Maar net een drankie vandag. Verlede week het ek lank by die 19de putjie vasgesit. Ansie het my nog nie vergewe nie.

W Dit was 'n lekker spel. Ek het dit baie geniet.

P Ja, ek ook . . . As ek net my sethoue reggekry het!

B Ruk jou reg, Paul. Volgende week gaan ons hulle wys.

P Ons drink op die wenners, Koos en Willem!

B En op môre se vergadering met SBO?

K Beslis!

● Oefening vier

Voorbeeld Ons betaal vir die drankies.
Ons het vir die drankies betaal.

1 Ansie vergewe vir Paul.
2 Koos begin goed.
3 Die bal beland in die water.
4 Hulle bespreek die saak.
5 Ben betaal R10.
6 Hulle geniet die spel.
7 Ben-hulle verloor.


● Oefening vyf

Voorbeeld Hy slaan eerste af.
Hy het eerste afgeslaan.

1 Hy neem aan sport deel.
2 Hy sluit by die Randklub aan.
3 Ek slaan die bal mis.
4 Hy vind baie uit.
5 Hy sit in die kroeg vas.
6 Ek kry my sethoue reg.

● Oefening ses

Luister en herhaal.



■ Oefening sewe

Skryf oor jouself.


Voorbeelde Hou jy van gholf? *Ja, ek hou van gholf.*
of
Nee, ek hou nie van gholf nie.

Speel jy graag tennis? *Ja, ek speel graag tennis.*
of
Nee, ek speel nie graag tennis nie.

1 Hou jy van tennis?
2 Hou jy van swem?
3 Hou jy van boks?
4 Speel jy graag krieket?
5 Speel jy graag rugby?
6 Hou jy van atletiek?
7 Speel jy graag sokker?
8 Speel jy graag netbal?

■ **Oefening ag**

Vul in.



Af
1 Koos het eerste . . .
2 Hy . . . 'n lang bofhou geslaan.
3 Willem-hulle het gewen, en Ben-hulle het . . .

Dwars
4 Koos het goed . . .
5 Ben het graag aan sport . . .
6 Dit . . . 'n swak hou!

19 Les negentien

●■ **Vandag se weer**

Omroeper

Die Weerburo se voorspelling vir vandag is:

Pretoria en die Witwatersrand
Mooiweer, maar koud in die oggend.

Wes- en Suidwes-Transvaal
Bewolk en koud in die oggend.

Sentraal-, Noordwes- en Noord-Transvaal
Mooiweer tot gedeeltelik bewolk en matig.

Die Oostelike Laeveld
Mooiweer tot gedeeltelik bewolk en matig met miskolle in die oggend.

Vrystaat
Matig, maar koud in die oggend.

Noord-Kaap
Bewolk en matig.

Die Kaapse Skiereiland
Bewolk met mis. Die wind matig suid.


Die Natalse kusgebied
Mooiweer en warm.

Die Natalse binneland
Mooiweer en warm.

● **Oefening een**

Luister en herhaal.

● ■



● Oefening twee

Voorbeeld Dit is mooiweer!
Dit was gister mooiweer.

1 Dit is bewolk en warm!
2 Dit is bewolk en koud!
3 Dit is baie warm!
4 Dit is winderig!
5 Dit is mistig!

● Oefening drie

Voorbeelde Dit is vandag *bewolk.* mooiweer
Dit is *vandag* mooiweer. gister
Dit was gister mooiweer.

1 Dit is vandag *bewolk.* mooiweer
2 gister
3 warm
4 môre
5 mistig

■ Oefening vier

Vul die volgende woorde in spasies in.

reën, koud, warm, bewolk, mooiweer, winderig

1 As die son skyn, is dit . . .
2 As die wind waai, is dit . . .
3 As daar wolke in die lug is, is dit . . .
4 In die winter is dit . . .
5 In die somer . . . dit in Transvaal.
6 Gister was dit baie . . .

Oefening vyf

Luister weer na die weerberig en beantwoord die volgende vrae.

1 Oor watter gebiede voorspel die weerburo mis?
2 Waar is dit mooiweer en warm?
3 Wat is die weervoorspelling vir Pretoria en die Witwatersrand?
4 Noem twee gebiede waar dit in die oggend koud is.
5 Vir watter gebied is die voorspelling bewolk en matig?
6 Waar is dit gedeeltelik bewolk?

Oefening ses

Waar of Vals?

1 Die weervoorspelling vir die Natalse kusgebied en binneland is dieselfde.
2 'n Matige wind waai in die Vrystaat.
3 Die weervoorspelling is 'n somer-weervoorspelling.
4 Oor 'n groot deel van die land is dit bewolk.
5 Oor die Kaapse Skiereiland is dit mistig.
6 Dit is gedeeltelik bewolk op die Witwatersrandgebied.

Oefening sewe

Voorbeelde Dit was mistig in die Laeveld.
Miskien is dit môre ook mistig in die Laeveld.

Dit het op die Witwatersrand gereën.
Miskien reën dit môre ook op die Witwatersrand.

1 Dit was mistig in die Laeveld.
2 Dit het op die Witwatersrand gereën.
3 Die wind het oor die Oostelike Laeveld gewaai.
4 Dit was bewolk in Wes-Transvaal.
5 Dit was matig in die Noord-Kaap.
6 Dit was mooiweer in Natal.
7 Die wind het oor die Kaapse Skiereiland gewaai.
8 Dit was koud in die oggend.

20 Les twintig · Toets

Oefening een

Vergelyk Handboek.

Oefening twee

1 Dis nog nie drie-uur nie.
2 Sy het die briewe getik en gepos.
3 Sy moet die huurkontrak môre tik.
4 Sy sal binne 'n uur klaar wees.
5 Daar is baie werk.

Oefening drie

Paul de Klerk soek 'n (nuut) . . . woonstel. Hy kry nie een . . . hy hou nie. . . . kan hom help nie, maar Ansie weet van iemand . . . kan help. Hulle gaan . . . haar toe en sy kry vir hulle 'n (gerieflik) . . . woonstel met 'n (mooi) . . . uitsig. Hulle is baie bly . . . die huur is nie te hoog nie. Hulle vul die vorms . . . en betaal 'n maand se . . . vooruit.

Oefening vier

1 Koos koop 'n rekenaar.
2 Dit is mooiweer en warm.
3 Ben neem aan sport deel.
4 Ons betaal vir die drankies.
5 Hulle bespreek die saak.

Oefening vyf

1 Hulle het 'n afspraak. Binne twee weke
2 Sy tik die verslae. Daarna
3 Dit sal in die Vrystaat reën. Môre
4 Hulle besoek die goudmynmuseum. Eers
5 Hulle eet in die restaurant. Dan

Oefening ses

1 Is daar êrens 'n kerk?
2 Ry daar 'n bus in Bloustraat?
3 Is daar al 'n museum?

Oefening sewe

1 Elsa hou van haar werk. Die mense is gaaf. want
2 Ben hou van tennis. Paul geniet gholf. maar

Oefening ag

A		B
a	Wil julle nie by ons kom eet nie?	1 Koeksisters asseblief.
b	Ek wil graag 'n afspraak maak.	2 Baie geluk!
c	Ons drink op die wenners.	3 Pas dit u?
d	Wat gaan jy bestel?	4 Ek wil asseblief salf hê.
e	"Koos, jy het die gholfkompetisie gewen!"	5 Vrydag die 13de?
f	Met wie praat ek?	6 Dit sal heerlik wees, dankie.
g	U onderhoud is vanmiddag om 14h00.	7 Dis Karel wat praat.
h	Wat kan ek vandag vir u doen?	8 Jammer, hy is besig.
i	Koffie of tee?	9 Gesondheid!
j	Kan ek met mnr. De Klerk praat, asseblief?	10 Ek verkies koffie.

Oefening nege

Vergelyk Handboek.

Oefening tien

A Datarand, goeiemiddag.
B . . . Kan . . . . ? (a)
A Meneer de Klerk is besig met 'n oproep, maar ek sal u intussen help. Met wie praat ek?
B Dit is juffrou Wessels wat praat. Ek het die advertensie in die koerant gesien en ek . . . . . . (b) in die pos. Kan ek vandag vir 'n . . (c) kom?
A Jammer, juffrou Wessels, mnr. De Klerk is baie . . . (d). U kan eers . . . (e) twee dae vir 'n onderhoud kom.
B Dit maak nie saak nie. Enige tyd . . . . (f), want ek werk nie op die oomblik nie.

Oefening elf


1 Vóorspel die Weerburo reën?
2 Waar in die Transvaal is dit net mooiweer?
3 Wat is die voorspelling vir Noord-Kaapland?
4 Waar waai die wind?
5 Waar in Transvaal is dit mistig?

21 Les een-en-twintig

Dialoog

'n Braaivleis!

Paul (P), Ansie (A), Elsa (E), Ben (B), Rita (R), Karel (K)



P A, hier is die verjaardagmeisie. Veels geluk!

A Baie geluk met die verjaardag, Elsa. Ek hoop dat daar nog veel meer sal wees.

E Dankie. Ek wil eers my geskenk oopmaak voordat ons na die vuur toe stap. Dis pragtig! Baie dankie, Oom en Tannie.

A Ek het vir jou die sybokhaarloper gekoop omdat jy oor 'n rukkie in jou eie woonstel gaan bly.

B Paul! Ansie! Staan nader! Ek het reeds die wors en tjops opgesit.

P Geluk met Elsa se verjaardag.

B Ja – die kinders word groot en ons word oud!

R Ben, die tjops is reg. Sit dit in dié bak sodat jy die sosaties op die rooster kan sit.

K Is die pap al gaar, Ma? Ek's honger.

R Die pap en sous is reg. Ons sal eet sodra die mans klaar gebraai het.

A Die skaaptjops is heerlik.

E Om nie te praat van die slaai nie!

B Elsa, ons drink op jou verjaardag!

Almal Gesondheid!
Lank sal sy lewe
In haar gloria

Oefening een

Vul die volgende woorde in die spasies in.

sodat, omdat, en, dat, sodra

1 Hulle hou 'n braaivleis . . . dit Elsa se verjaardag is.
2 Bring 'n bak . . . ek die wors daarin kan sit.
3 Elsa is bly . . . die De Klerks gekom het.
4 Ansie hou van skaaptjops . . . Elsa hou van slaai.
5 Hulle gaan koffie drink . . . hulle klaar geëet het.

Oefening twee

Voorbeeld Is dit Elsa se verjaardag?
Ek dink dat dit Elsa se verjaardag is.

1 Is dit Elsa se verjaardag?
2 Hou hulle 'n braaivleis?
3 Gee Ansie haar 'n geskenk?
4 Lyk Karel honger?
5 Is die sosaties lekker?

■ Oefening drie

Verbind die twee sinne deur die gegewe woord te gebruik.

Voorbeeld Die De Klerks kom. Dit is Elsa se verjaardag. omdat
Die De Klerks kom omdat dit Elsa se verjaardag is.

1 Die De Klerks kom. Dit is Elsa se verjaardag. omdat
2 Hulle eet. Die kos is klaar. sodra
3 Elsa maak die geskenk oop. Hulle gaan na die vuur. voordat
4 Ben haal die tjops af. Daar is plek. sodat
5 Karel eet baie. Hy is honger. omdat
6 Hulle drink wyn. Hulle eet braaivleis. voordat
7 Sit die wors op die rooster. Die vuur is reg. sodra
8 Staan nader. Julle is naby die vuur. sodat

■ Oefening vier

Voorbeelde Elsa kry geskenke/is verjaardag omdat haar dit.
Elsa kry geskenke *omdat dit haar verjaardag is.*

Dit is 'n lekker dag/die want skyn warm son.
Dit is 'n lekker dag *want die son skyn warm.*

1 Jy moet links draai/T-aansluiting jy voordat die kom by.
2 Hulle besoek die goudmynmuseum/is daar stamdanse omdat.
3 Ben wil na die eienaar gaan/oor sodat kla diens kan hy die swak.
4 Hulle hou van gholf/'n want lekker dit sport is.
5 Rita weet/uitgenooi De Klerks sy die het dat.

■ Oefening vyf

Vul die volgende woorde in die spasies in.

sodra, voordat, omdat, maar, dat

Ben braai die vleis op die rooster. Paul hou van sy vleis goed gaar, . . . Ansie verkies hare taamlik rou. Karel is so honger . . . hy skelm 'n worsie wil gaps. Ben raps hom met die vurk . . . hy dit gaps. Ben sê: "Die kinders gee 'n mens grys hare!" Rita antwoord: "Jy sal hulle mis . . . hulle uit die huis is!" Elsa verjaar lekker . . . haar vriende daar is.

●■ Oefening ses

Luister.

Ben braai die vleis <u>op die</u> rooster. Paul hou van sy vleis goed gaar, . . . Ansie verkies hare taamlik rou. Karel is so honger . . . hy skelm 'n worsie wil gaps. Ben raps hom <u>met die</u> vurk . . . hy dit gaps. Ben sê: "Die <u>kinders</u> gee 'n mens grys hare!" Rita antwoord: "Jy sal hulle mis . . . hulle <u>uit die</u> huis is!" Elsa verjaar lekker . . . haar vriende daar is.

●■ Oefening sewe

Luister eers na die liedjie en volg die woorde.

. . . my springbokbiltong.
Gee . . . boerbeskuit.
Gee my . . . koffie
. . . waatlemoenkonfyt.

Gee my . . . bobotie
. . . geelrosyntjierys.
Gee . . . boontjiebredie
en potgebraaide . . .

. . . wil ek . . . met uitheemse smaak
met rooi- . . .
en kaviaar?
. . . maak tog net my maag . . . naar.

. . . gee my springbokbiltong.
Gee my . . . -beskuit.
Gee my lekker . . .
en . . . die ander uit.

22 Les twee-en-twintig

Dialoog een

Maandagoggend

Ben (B), Mnr Nel (N)



B Hoeveel sal die diens kos?

N Ongeveer R70,00. As daar niks groots verkeerd is nie.

B Dit klink redelik. Wanneer kan ek die motor kry?

N Laat vanmiddag, Meneer. Na sestien dertig (16h30). Ek sal u skakel wanneer die motor gereed is.

B Gaaf. Ek wil graag hê u moet ook die volgende doen, asseblief: gaan die remme na, gooi batterywater in, maak die sitplekke skoon, stel die kopligte, maak die spoedmeter reg, haal die truspieël af en sit 'n nuwe een aan.

N Meneer, ek skryf alles neer. My werktuigkundige sal u instruksies noukeurig volg. U kan op ons reken.

Oefening een

Voorbeeld Julle moet die remme nagaan.
Gaan die remme na!

1 Julle moet batterywater ingooi.
2 Julle moet die spoedmeter regmaak.
3 Julle moet die sitplekke skoonmaak.
4 Julle moet alles neerskryf.
5 Julle moet die remme nagaan.
6 Julle moet die truspieël afhaal.

Oefening twee

Voorbeeld Ons sal die spoedmeter regmaak.
Het julle die spoedmeter reggemaak?

1 Ons sal die remme nagaan.
2 Ons sal die batterywater ingooi.
3 Ons sal die sitplekke skoonmaak.
4 Ons sal alles neerskryf.
5 Ons sal die spoedmeter regmaak.
6 Ons sal 'n nuwe truspieël aansit.

Oefening drie

Vul die volgende woorde in die spasies in.

ongeveer, laat vanmiddag, wil graag hê, hoeveel, niks groots, wanneer, gaan, maak, skryf, sitplekke

Ben . . . sal die diens kos?
Mnr Nel . . . R70,00. As daar . . . . . . verkeerd is nie.
Ben Dit klink redelik. . . . kan ek die motor kry?
Mnr Nel . . . . , Meneer. Na 16h30.
Ben Ek . . . . u moet die volgende doen: . . . die remme na, gooi batterywater in, maak die . . . skoon en . . . die spoedmeter reg.
Mnr Nel Meneer, ek . . . alles neer.

Dialoog twee

Woensdagmiddag laat

Ben (B), Mnr Nel (N)

B Die motor is nou nog nie gereed nie?

N Ek is jammer, Me . . .

B Ek is baie ontevrede met die diens. Waar is die eienaar? Ek wil by hom gaan kla!

N Die motor sal binne twintig minute klaar wees. Wees tog net geduldig, asseblief.

B Kan u nie verstaan nie? Ek het die motor nóú nodig. Ek moet sesuur in Pretoria wees.

N Ons moet nog net die remme nagaan, die batterywater ingooi en die sitplekke skoonmaak, Meneer. Wag net 'n paar minute, asseblief. Opskud, kêrels!

B Laat ek sien. Die spoedmeter is nog steeds stukkend. Die motor is vuil. Nee, Meneer, ek is glad nie tevrede met die motor nie. Ek gaan beslis kla oor die swak diens. Die garage is hopeloos. Hoeveel gaan dit kos?

N Ons moes 'n paar onderdele vervang. Dit sal . . . R150,00 wees.

B Dis onmoontlik. U het gesê R70,00! Ek gaan ook kla oor die hoë prys! Wat te erg is, is te erg. Ek weier om soveel te betaal.

N Meneer, gee my R100,00, net om die vrede te bewaar.

Oefening vier

Voorbeeld Is u tevrede met die motor?
Ek is glad nie tevrede met die motor nie.

1 Is u tevrede met die diens?
2 Is u tevrede met die remme?
3 Is u tevrede met die spoedmeter?

Oefening vyf

Kyk na die tabel. Kyk hoeveel sinne u kan maak. Skryf al die sinne neer.

Voorbeeld

Ek Hy	wil gaan kla	oor	die	swak diens. remme.

1 *Ek wil gaan kla oor die swak diens.*
2 *Hy wil gaan kla oor die swak diens.*
3 *Ek wil gaan kla oor die remme.*
4 *Hy wil gaan kla oor die remme.*

Ben	wil gaan kla is ontevrede	oor met	die	motor. spoedmeter. hoë prys.

Oefening ses

Voorbeeld Die diens is swak.
Ek wil kla omdat die diens swak is.

1 Die diens kos R150,00.
2 Die spoedmeter is stukkend.
3 Die garage is hopeloos.
4 Die motor is vuil.

Oefening sewe

Voorbeeld Mag ek vinnig ry?
Moenie vinnig ry nie!

1 Mag ek vinnig ry?
2 Mag ek hier parkeer?
3 Mag ek ry?
4 Mag ek hier ingaan?
5 Mag ek regs draai?
6 Mag ek hier stilhou?

Oefening ag

Kies die korrekte bevel in B wat by die padteken A pas.

B

a Moenie vinnig ry nie!

b Moenie hier parkeer nie!

c Moenie regs draai nie!


d Moenie draai nie!

e Moenie hier ingaan nie!

f Moenie ry nie!

g Moenie hier stilhou nie!


A

1



2


3



4


5


6




7










23 Les drie-en-twintig

Dialoog een

In Elsa se kantoor by die ouditeursfirma

Mnr Brink (B), Elsa (E)

B Mejuffrou Pieterse!

E Ja, Meneer?

B U sal u herinner dat ek môremiddag 'n middagete-afspraak met mnr. Van Schalkwyk en ander belangrike kliënte het. Ek verbeel my dit is êrens in Pretoria. Ek het u gevra om uit te vind presies waar.

E O gits, meneer Brink, ek is jammer, maar ek het skoon daarvan vergeet!

B U het nie u werk gedoen nie. Ek hoop u sal nou dadelik aandag daaraan gee!

E Dit spyt my werklik, Meneer. Ek het my verbeel dat die afspraak eers volgende week is.

B Nou, goed! Maar moenie weer vergeet nie. Ek bekommer my oor daardie afspraak. Daar is nog ander belangrike gaste by die ete, as ek my nie vergis nie. Ek ken hulle nie. Waaroor kan ek dan met hulle gesels?

Oefening een

Voorbeeld Ek verbeel my. sy
Sy verbeel haar.

1 Ek bekommer my oor daardie afspraak. Hy
2 Ek skaam my oor my klere. Sy
3 Ek vergis my seker. Die afspraak is vandag. Meneer Brink
4 Ek verbeel my die afspraak is môre. Jy
5 Ek herinner my die afspraak van verlede week. U

● **Oefening twee**

Voorbeelde Ek verbeel *my*. — sy
Sy *verbeel* haar. — vergis
Sy vergis haar.

●■ **Dialoog twee**

In meneer Brink se kantoor, later daardie middag

Elsa (E), Mnr Brink (B)



E Mag ek binnekom, Meneer?

B Seker, Juffrou. Kom maar binne!

E Hier is die adres vir u ete-afspraak en 'n roetekaart vir u bestuurder.

B Pragtig! Dis nou puik werk! En hierdie ander vel papier?

E Ek het mnr. Van Schalkwyk se sekretaresse gebel. Sy het vir my gesê wie almal by die ete sal wees.

B Maar waar kry jy al hierdie inligting oor hulle stokperdjies, en hulle loopbane, en hulle gesinne, en . . . ?

E Dit was maklik, Meneer. Ek het my verbeel ek het 'n *Wie is Wie* in meneer Theron se kantoor gesien. Ek het toe die besonderhede daarin gekry.

B Pragtig! Pragtig! Dit sal my baie help. Ek sien jy gaan 'n puik sekretaresse word, en ons sal goed klaarkom. Baie dankie.

E Dit was 'n plesier, Meneer!

■ **Oefening drie**




Wat is minder formeel as:

1 Dit spyt my werklik.
2 U
3 bestuurder
4 Mejuffrou

■ **Oefening vier**

Wat sê ons in Afrikaans vir:




■ **Oefening vyf**

Voorbeeld Moenie jou werk doen nie!
Doen jou werk!

1 Moenie dit vergeet nie!
2 Moenie jou bier drink nie!
3 Moenie met die ander gaste praat nie!
4 Moenie die inligting soek nie!
5 Moenie dit op 'n vel papier skryf nie!

Oefening ses

Voorbeeld Koppie, koffie
Gee my asseblief 'n koppie koffie.

1 koppie, tee
2 blik, koffie
3 glas, bier
4 vel, papier
5 koppie, koffie

Oefening sewe

Voorbeeld Sy het tee in die koppie gegooi.
Sy het tee daarin gegooi.

1 Hy het melk in die glas gegooi.
2 Hy het biltong met die mes gesny.
3 Elsa het na die adres gesoek.
4 Mnr. Brink het op 'n vel papier geskryf.
5 Elsa se pen het onder die tafel gelê.
6 Elsa het van die geskenk gehou.

Oefening ag

Rangskik die volgende sinne onder: **Bevel, Beleefde bevel, Versoek.**


Gee my 'n glas bier!
Gee my asseblief 'n glas bier!
Moet asseblief nie vergeet nie!
Moenie u tas vergeet nie!
Moenie jou tas vergeet nie!
Kom eet vanaand by ons!
Eet jou eier!
Moenie wyn koop nie!
Kom binne!

24 Les vier-en-twintig

Dialoog een

Die Pieterses en De Klerks wil vanaand uitgaan.

Rita (R), Ben (B), Ansie (A), Paul (P)



R Sal ons opera toe gaan?

B Asseblief nie! Die opera is in Italiaans! Dit is ook al te laat – ek is seker dis klaar vol.

A Ben wil nie opera toe gaan nie. Hoekom gaan ons nie fliek nie?

P Mm . . . Ek hou nie van sentimentele films nie. Ek sou die simfoniekonsert verkies.

B Ek sou eerder by die huis bly!

R Ben! Jy is baie moeilik. Kom ons gaan teater toe. Daar is 'n baie goeie stuk van Coward in die Markteater. Dit behoort interessant te wees.

A Dis 'n goeie idee! Paul, hoe voel jy daaroor?

P Ja, ek stem saam – dis 'n goeie idee.

R Ben?

B Dis 'n komedie, nè? Ja. Ek is tevrede as ek nie opera of simfoniekonsert toe hoef te gaan nie.

R Ben – sal jy asseblief bel en plek bespreek?

VANAAND

TEATERS	KONSERTE	OPERA EN BALLET	FILMS
Studio – Pretoria APPASIONATA – Pieter Dirk Uys Ma – Do: 20h00	TRUK – Simfonie – Orkes in die Blausaal Feeskonsert 1–9 Oktober: 20h00 Verskeie klassieke werke van o.a. Chopin en Brahms	Stadskouburg – Jhb Ma – Sa: 20h15 *'n Midsomernagsdroom* Musiek: F. Mendelssohn Choreografie: D. Poole 1–9 Oktober	*Begintye:* Ma – Vr: 17h45 20h45 Sa: 14h45 18h00 21h00
Markteater – Jhb. FALLEN ANGELS – Noël Coward Ma – Sa: 20h00 "'n Puik komedie"	ETENSUURKONSERT in die Aula Moderne dansgroep Kaartjies van 12h00 beskikbaar by die deur Vertoning begin 13h10	Operahuis – Jhb. Ma – Sa: 20h00 *Il Barbiere di Siviglia* (in Italiaans) Komponis: Rossini Dirigent: D. de Villiers "Die opera is puik!"	Cine 1000 DOCTOR ZHIVAGO
Alexander – Jhb. DAAR LEEF MENSE DAAR! – Athol Fugard – Lisa-Maria Fugard as Sissy Ma – Sa: 18h00		Staatsteater – Pretoria Vanaand: 20h00 Sa: 14h00 – 20h00 DRIE DIERE Musiek: P. Klatzow Choreografie: V. Paeper 'n Opdragwerk KRUIK	Cine 700 ANNA KARENINA
			Cine 500 GONE WITH THE WIND

● Oefening een

Voorbeeld Moet ons opera toe gaan?
Ons hoef nie opera toe te gaan nie.

1 Moet ons opera toe gaan?
2 Moet ek plek bespreek?
3 Moet ons by die huis bly?
4 Moet jy simfoniekonsert toe gaan?
5 Moet julle die teater bel?
6 Moet hy gaan fliek?

● Oefening twee

Voorbeeld Ek hou nie van operas nie!
Jy behoort van operas te hou.

1 Ek hou nie van operas nie!
2 Ek hou nie van sentimentele films nie!
3 Ek besoek nie die teater nie!
4 Ek gaan nie na simfoniekonserte nie!
5 Ek gaan nie vanaand uit nie!
6 Ek stem nie saam nie!

■ Oefening drie

Voorbeeld Ons hoef nie vanaand uit te gaan nie.
Ons behoort vanaand uit te gaan.

1 Hy hoef nie by die huis te bly nie.
2 Ons hoef nie saam te stem nie.
3 Ek hoef nie te bel nie.
4 Sy hoef nie te bespreek nie.
5 Julle hoef nie te gaan fliek nie.

■ Oefening vier

Lees die "Vanaand." Is die volgende sinne Waar of Vals?

1 Die simfoniekonsert is in die Staatsteater.
2 Die opera van Rossini is in Italiaans.
3 Die ballet die "Drie Diere" is 'n opdragwerk.
4 Chopin speel in "Daar leef mense daar!"
5 Klatzow het die musiek vir "'n Midsomernagsdroom" geskryf.
6 "Fallen Angels" is 'n tragedie.
7 Kaartjies vir "Appasionata" is by die deur beskikbaar.
8 'n Moderne dansgroep tree in die Aula op.
9 D. de Villiers is 'n dirigent.
10 Die simfonieorkes speel klassieke werke.

●■ Dialoog twee

Dame (D), Ben (B)

D Markteater, goeienaand.

B Goeienaand, Dame. Ek wil graag vier plekke vir vanaand se vertoning bespreek.

D Ons het nog vier sitplekke langs die paadjie in ry F.

B Is daar niks plek agter nie?

D Nee, ek is jammer.

B Toemaar, ry F is goed. Ons sal die kaartjies voor halfagt kom haal. Baie dankie.

D U van?

B O ja – Pieterse. En hoeveel kos dit?

D R7 per kaartjie.

B Baie dankie, tot siens.

D Tot siens.

B Die stuk moét goed wees – R7 per kaartjie! En ek is so arm soos 'n kerkmuis.

● Oefening vyf

Luister en herhaal.

● Oefening ses

Voorbeeld Ons gaan opera toe. Sal
Sal ons opera toe gaan?

1 Ons gaan fliek. Sal
2 Ons gaan opera toe. Hoekom
3 Julle gaan Markteater toe. Hoekom
4 Ons gaan simfoniekonsert toe. Kom
5 Ek en jy gaan ballet toe. Sal
6 Ons gaan Staatsteater toe. Kom

■ Oefening sewe

Lees weer die dialoë. Vul dan die korrekte woorde in die sinne in.

1 Die Pieterses en De Klerks kyk . . . die koerant.
2 Il Barbiere di Siviglia is . . . Italiaans.
3 Ben wil . . . die huis bly.
4 Daar is 'n goeie stuk . . . die Markteater.
5 Kaartjies is beskikbaar . . . die deur.
6 Hy bespreek plekke . . . vanaand se vertoning.
7 Daar is sitplekke . . . die paadjie.
8 "Ons kom haal die kaartjies . . . halfagt."
9 Dit kos R7 . . . kaartjie.

■ Oefening ag

Kies uit B sinne wat by A pas.


A	B
1 Ek wil nie opera toe gaan nie, want	a en dit behoort interessant te wees.
2 Ek sou eerder by die huis bly	b dis in Italiaans.
3 Ek is so arm	c as om simfoniekonsert toe te gaan.
4 Dis 'n goeie stuk van Coward	d soos 'n kerkmuis.
5 Hy hoop die stuk is goed,	e want die kaartjies is duur.

25 Les vyf-en-twintig

Dialoog

'n Ongeluk

Elsa (E), Ben (B)



E O! Wat het hier gebeur?

B Ag, Elsa, al weer 'n onversigtige bestuurder. Hy het om die hoek gekom en behoort te gestop het, want die verkeerslig was rooi. Maar hy het nie. Toe ry hy in daardie bus vas. Dis nie die busbestuurder se skuld nie, want hy hoef nie te gestop het nie.

E Maar 'n mens behoort tog in elk geval te stop as jy sien jy gaan in 'n ander voertuig vasry!

B Ja, maar daar was nie tyd nie. Toe die busbestuurder die motor sien, was dit al te laat.


E Is iemand beseer?

B Nee, gelukkig nie. En daar is die verkeerskonstabel om die verkeer weer aan die gang te kry.

Oefening een

Kies die regte antwoord.

1 Aan watter kant van die straat ry die verkeer in Suid-Afrika? (Links, regs)
2 In watter rigting het die motor gedraai? (Links, regs)
3 Waarom behoort die motorbestuurder te gestop het? (Die verkeerslig was groen, rooi, geel)
4 Van watter kant af het die bus in hom vasgery? (Van links af, van regs af)
5 Waarom het die busbestuurder nie betyds gestop nie? (Hy hou nie van die motorbestuurder nie, hy het hom glad nie gesien nie, daar was nie tyd nie.)



Oefening twee

a *Vul die ontbrekende woorde in.*

Motorbestuurder "Jy behoort . . . (1) gestop . . . (2)!"

Busbestuurder "Ek het . . . (3) te . . . (4) gesien. Toe was daar . . . (5) meer tyd . . . (6). Maar u moes . . . (7) het, want die . . . (8) was rooi!"

Motorbestuurder "Toe die lig . . . (9) word, was dit al . . . (10) laat en ek kon . . . (11) meer stilhou nie. Ek dink nog jy hoef . . . (12) in my vas te . . . (13) het nie. Kyk net na al die skade!"

Busbestuurder "Dit spyt . . . (14) werklik, Meneer, maar die ongeluk was tog u skuld, nie . . . (15) nie."

b *Motorbestuurder* *Busbestuurder*

• Oefening drie

Voorbeeld Toe ek dit gesien het, het ek huis toe gegaan.
Toe ek dit sien, het ek huis toe gegaan.

1 Toe ek by die huis gekom het, was die deur gesluit.
2 Toe ek my sleutel gesoek het, kon ek dit nie kry nie.
3 Toe ek my tas omgekeer het, het die sleutel op die grond geval.
4 Toe ek die sleutel gekry het, het ek die deur oopgemaak.
5 Toe ek in sy motor vasgery het, was dit nie my skuld nie.

• Oefening vier

Voorbeeld Die vragmotor behoort te stop.
Die vragmotor behoort te gestop het.

1 Die taxi hoef nie te stop nie.
2 Die vragmotor hoef nie links te draai nie.
3 Die busbestuurder behoort my te sien.
4 Die fiets behoort links te ry.
5 Die motorfiets hoef nie regs te draai nie.

• Oefening vyf

a *Luister.*

b *Luister en herhaal.*

■ Oefening ses

Beskryf die ongeluk in jou eie woorde, maar gebruik in elke sin die volgende woorde:

Die motorbestuurder wou . . . Die verkeerslig . . . Hy behoort dus . . .
'n Bus het . . . Die busbestuurder hoef . . . Die motor het . . . Niemand is . . .

26 Les ses-en-twintig

• ■ Dialoog een

Paul (P), Ben (B)



P Ek stel voor dat ons die EL 50 mikro-rekenaar invoer – van Brittanje af. Ek is seker dit sal 'n wenner in Suid-Afrika wees.

B Ek sien wat jy bedoel: daardie model is uitstekend, maar ons moet eers mooi oor die saak nadink. Wat van die Suid-Afrikaanse model? Die SA 90? Dis baie goedkoper en net so effektief.

P Ja, maar ek stem nie heeltemal saam nie, Ben. Die Britse model het meer funksies as ons SA-model; die kwaliteit is ook beter.

B Ek kan jou punt insien, maar ek dink aan ons begroting. Ons kan nie die oorsese model bekostig nie. Die kliënte sal dit ook nie koop nie!

P Natuurlik sal hulle. Dis dan die beste op die mark.

B Dis miskien waar, maar onthou, die SA-model is onmiddellik beskikbaar, die Britse een nie. En tyd is geld!

• Oefening een

Voorbeeld Die Britse model is goed. Die SA-model
Ja, die Britse model is beter as die SA-model.

1 Ons rekenaar is goedkoop. Die EL 50
2 Die Britse model het baie funksies. Die SA 90
3 Die oorsese rekenaar se kwaliteit is goed. Ons s'n
4 Ben se kantoor is groot. Paul s'n
5 Die direksievergadering is belangrik. Die personeelvergadering

■ Oefening twee

Voltooi die dialoog.

Paul Ek dink ons moet die EL 50 invoer.
Ben Ek sien wat . . . . , maar die SA-model is goedkoper.
Paul Die Britse model het meer funksies!
Ben Ek kan . . . . maar ons kan dit nie bekostig nie.
Paul Die oorsese model is die beste op die mark.
Ben Dis . . . . , maar die SA-model is onmiddellik beskikbaar. Dit is ook net so effektief!
Paul Ek stem nie . . . . , Ben. Dink jy nie ons kan die saak so benader nie?

●■ Dialoog twee

Paul (P), Ben (B)

P Ek dink Johan Malan moet 'n verhoging kry, omdat die gehalte van sy werk baie goed is. Hy is baie deeglik.

B Ja, maar ons verwag dit van alle takbestuurders. Ek meen dat sy kommunikasie met sy personeel uiters swak is. Sy voorkoms laat veel te wense oor en hy is glad nie stiptelik nie.

P Ek wonder of jy nie 'n bietjie kras oordeel nie. Hy is nog baie jonk en onervare.

B Dis die hele punt. Hy moet nog baie leer. My voorstel is dat hy eers volgende jaar 'n bogemiddelde verhoging kry. Hy moet homself eers bewys. Ek voel dat Gert Basson werklik 'n goeie verhoging verdien. Sy werkgehalte en voorkoms is uitstekend; hy het baie inisiatief en hy kommunikeer baie goed met sy personeel en met kliënte.

P Hy het my weer teleurgestel met die rekenaaruitstalling. Dit lyk my ons moet die evaluering laat oorstaan tot môre. Ons stem vandag oor niks saam nie. Wat van 'n vinnige biertjie?

EVALUERINGSVORM

EVALUERING VAN WERKNEMER

NAAM VAN WERKNEMER: ...... JOHAN MALAN

POSISIE: TAKBESTUURDER – BLOEMFONTEIN

	A UITSTEKEND	B BAIE GOED	C GOED	D GEMIDDELD	E SWAK
INISIATIEF			×		
GEHALTE VAN WERK		×			
KOMMUNIKASIE					×
VOORKOMS					×
STIPTELIKHEID				×	

OPMERKINGS: GEMIDDELDE VERHOGING

HANDTEKENING VAN EVALUEERDER: ...... DATUM: 29 Oktober 1982

HANDTEKENING VAN WERKNEMER: ...... DATUM: 14 November 1982

Oefening drie

Voorbeeld Ons voer 'n rekenaar in. voorstel
Ek stel voor dat ons 'n rekenaar invoer.

1 Gert verdien 'n goeie verhoging. voel
2 Sy kommunikasie met personeel is swak. meen
3 Erna kry 'n A vir stiptelikheid. voorstel
4 Ons koop 'n mikro-rekenaar. voorstel
5 Die SA-model is goedkoper. dink

Oefening vier

Vul die volgende woorde in die spasies in.

en; omdat; want; dat; of

Paul Ek dink . . . Johan Malan 'n verhoging moet kry, . . . die gehalte van sy werk baie goed is.

Ben Ek meen . . . sy kommunikasie met die personeel uiters swak is. Sy voorkoms laat veel te wense oor . . . hy is glad nie stiptelik nie.

Paul Ek wonder . . . jy nie 'n bietjie kras oordeel nie, . . . hy is nog baie jonk en onervare.

Oefening vyf

Luister en herhaal.

Oefening ses

Luister 'n tweede keer na die woorde. Skryf hulle dan neer en merk die posisie van die klem in die woorde.

Oefening sewe

Lees die paragraaf en vul die evalueringsvorm van Erna Walters in.

EVALUERING VAN WERKNEMER

NAAM VAN WERKNEMER

POSISIE

	A UITSTEKEND	B BAIE GOED	C GOED	D GEMIDDELD	E SWAK
INISIATIEF					
GEHALTE VAN WERK					
KOMMUNIKASIE					
VOORKOMS					
STIPTELIKHEID					

OPMERKINGS: ....

....

Handtekening van evalueerder: .... Datum: ....

Handtekening van werknemer: .... Datum: ....

Erna Walters is Ben se privaatsekretaresse. Ben meen dat die gehalte van haar werk baie goed is. Hy gee vir haar 'n B-simbool vir werkgehalte. Vir inisiatief kry sy 'n C-simbool. Omdat haar voorkoms altyd netjies is, gee hy vir haar 'n B. Sy kommunikeer uitstekend met die personeel, want sy hou van mense: daarvoor kry sy 'n A. Ben is gesteld op stiptelikheid. Erna weet dit en is ook nooit laat vir werk nie. Sy word beloon met 'n A vir stiptelikheid en met 'n bogemiddelde verhoging.

27 Les sewe-en-twintig

● ■ Dialoog

In die kroeg

Paul (P), Ben (B), Kroegman (K)



P Ai, die bier smaak vorentoe! Jammer ons vier nie die aankoop van die EL 50 nie!

B Ag, kom nou, Paul. Moenie dat ons weer daaroor stry nie. O aarde, ek moes 'n rugbykaartjie gaan kóop! Is dit al te laat?

P Wie gee om? Rugby? Dis ook al waaraan Suid-Afrikaners dink!

B Nou wat's verkeerd daarmee? Jy is ook vol draadwerk vandat jy van oorsee af teruggekom het. Moet almal dan deesdae skaak speel?

P Moenie laf wees nie, man! Ek bedoel net dat ander sportsoorte net so goed is. En boonop is daar baie beserings in rugby.

B Twak! Almal maak dit erger as wat dit is! Jy ken mos die pers – soek net sensasie!

P En wat van Karel se kniebesering? Hy kon vir drie weke nie ordentlik loop nie.

B Dit was 'n uitsondering.

P Ek dink ook dat 'n mens fikser vir hokkie en sokker moet wees.

B Nonsens, man. Ek sê jou, rugby is die vinnigste sport.

P Onsin! Wat van ...

B Lyk my 'n mens moet die vreemde idees uit jou kop moker!

P Toe, slaan my.

B Dreig jy my?

K Kom nou! Wat van nog 'n dop?

B Ja, dankie, voordat ek kwater word.

P Ha – ha! Ben – ek het net jou been getrek. Kyk, ek het reeds twee kaartjies. Ek wou juis vra: wil jy nie saam met my na die Curriebekerwedstryd gaan nie?

B Jou ou swernoot!

■ Oefening een

Kies die sin wat die beste pas.

1 Paul is vol draadwerk vandat
   a hy skaak speel.
   b hulle nie die EL 50 gaan koop nie.
   c hy van oorsee af teruggekom het.

2 Deur Karel se kniebesering
   a was hy drie weke in die bed.
   b kon hy vir drie weke nie ordentlik loop nie.
   c kon hy nie meer rugby speel nie.

3 Rugby is vir Paul
   a 'n vinnige sport.
   b 'n sportsoort waarin jy nie so fiks hoef te wees nie.
   c die vinnigste sport.

4 Ben drink nog 'n dop voordat
   a hy die vreemde idees uit Paul se kop moker.
   b hy nog kwater word.
   c hy 'n kaartjie gaan koop.

5 Paul het Ben se been getrek omdat
   a Paul gou kwaad word.
   b Paul twee kaartjies kan kry.
   c Paul reeds twee kaartjies het.

● Oefening twee

Luister en herhaal.

● Oefening drie

a *Luister.*
b *Luister en antwoord.*

■ Oefening vier

Kies uit B sinne wat by A pas.

A	B
1 Jy trek sy been	a omdat hy dronk is.
2 Moenie laf wees nie!	b Moenie verspot wees nie!
3 Jy is vol draadwerk.	c wanneer jy onsin praat.
4 Iets smaak vorentoe	d Jy is moeilik.
5 Ek gaan hom moker.	e Jou duiwel!
6 Jy kyk diep in die bottel.	f Jy drink te veel.
7 Wie wil nog 'n dop hê?	g wanneer dit lekker is.
8 Jou ou swernoot!	h as jy hom terg.
9 Jy praat twak	i Ekke! 'n Bier, asseblief.
10 Hy loop twee rye spore	j Nee, moet hom nie slaan nie!

Oefening vyf

Voorbeeld Ek gaan. Ek het 'n kaartjie.
Ek gaan omdat ek 'n kaartjie het.

1 Ek gaan. Ek het 'n kaartjie.
2 Hy bedoel. Ander sportsoorte is net so goed.
3 Hy is vol draadwerk. Hy het van oorsee teruggekom.
4 Drink 'n dop. Jy word kwaad.
5 Ek hou van rugby. Ek is 'n kind.
6 Hy gaan vroeg rugby toe. Hy kan al die wedstryde sien.

Oefening ses

Luister en herhaal.

Oefening sewe

Voorbeeld Hy kan loop.
Hy kon loop.

1 Hy kan vir drie weke nie loop nie.
2 Hy moet jou iets vra.
3 Ek wil na die wedstryd toe gaan.
4 Moet almal skaak speel?
5 Sal jy nie 'n kaartjie koop nie?
6 Ek wil nog 'n dop hê.

Oefening ag

Voorbeeld Ben Paul gaaf.
Ben is gawer as Paul.

1 Ben Paul gaaf.
2 Vandag gister warm.
3 Die vrou die man gelukkig.
4 Die seun die dogter groot.
5 Die rok die broek nuut.
6 Die bus die motor hoog.
7 Die skool die winkel ver.

Oefening nege


Voltooi die tabel.

1	. . .	. . .	kwaadste
2	vinnig	. . .	. . .
3	. . .	gelukkiger	. . .
4	. . .	. . .	varsste
5	wyd	. . .	. . .
6	. . .	hoër	. . .
7	gaaf	. . .	
8	. . .	. . .	nuutste
9	warm	. . .	. . .
10	. . .	verder	. . .

Oefening tien

Af
1 'n Ander woord vir *slaan*, is . . .
2 Rugby is 'n sport waarin die spelers dikwels . . . opdoen.
3 'n Skerp draai met 'n motor.
7 Vir hokkie moet 'n mens . . . as vir rugby wees, volgens Paul.
9 Hy is dronk, want hy het die . . . gelig.
12 Gee 'n ander woord vir *drankie*.

Dwars
2 Moenie sy . . . so trek nie!
4 Die . . . soek dikwels net sensasie.
5 Waar het Paul en Ben 'n drankie gaan drink?
6 Hy praat *twak*. Ons kan ook sê hy praat . . .
8 Hy loop twee rye . . .
10 Wat is die verlede tyd van *moet*?
11 As 'n mens te veel drink, is jy . . . in die takke.
13 'n Mens het wingerd- . . . wanneer jy dronk is.



28 Les ag-en-twintig

●■ Dialoog een

Besoek aan 'n nagklub

Ben (B), Paul (P), Rita (R), Ansie (A)



B Allawêreld! Dit was lekker musiek.

P Ja, man, by hierdie klub maak hulle nie so 'n oorverdowende geraas nie. Soms kan 'n mens se ore dit nie hou nie.

R Hulle sê hulle gaan 'n cha-cha speel, Ben. Kom ons dans.

B Nou-nou, Liefling! Eers 'n drankie kry. Die gewone vir jou, Rita? Paul, wat van 'n whisky?

P Dit sal vorentoe smaak! Nie te baie water nie, hoor!

B En jou vroutjie?

A Niks nou nie, Ben, dankie! Bietjie later!

B Kelner! Kom neem gou ons bestelling, asseblief. Twee whiskys. Ons sal self die water bygooi. En 'n wit Cinzano met bitter suurlemoen en ys.

■ Oefening een

Vul in.

Ben . . . . . . drankie is dit dié, Paul, . . . of . . . ?

Paul Dit kan nie . . . wees nie, Ben, ek drink nie water in . . . whisky nie. Dit moet dus . . . wees.

Ben Maar waar is Rita . . . ? Ansie het . . . nog nie bestel nie. . . . is seker nog nie dors nie.

Ansie . . . sal . . . nog inhaal, Ben, . . . sal sien!

Rita Dit lyk . . . . . . eerste drankie begin . . . oë al affekteer, Ben. Daar staan . . . glas dan, reg voor . . . neus. Sal . . . dit vir . . . aangee, asseblief?

Ben Jammer . . . skat. . . . belowe . . . ek sal netnou met . . . dans. Hier is . . . glas! Is . . . nog lief vir . . . ?

Rita Net as . . . woord hou en met . . . sal dans!

● ■ Dialoog twee

Rita (R), Ben (B)

R Eina!

B Wat's fout?

R Jy't op my tone getrap!

B Ag, ek's jammer, my skat! Kom ons gaan terug na die ander.

R Toemaar, dit maak nie saak nie. . . . Kry jy warm? Trek jou baadjie uit!

B Ja, ek's nie meer so jonk nie. En daardie samba van netnou het my klaargemaak. Sjoe! Dit is nou wraggies warm. Hier is my baadjie. Ek het hom uitgetrek.

R Ekskuus?

B Ek het hom uitgetrek.

R Haai, kyk daai man! Hy kan sy hande nie van sy meisie afhou nie.

■ Oefening twee

Rangskik elke uitroep langs die gepaste situasie.

Allawêreld!	Dit maak nie saak nie.
Sjoe!	Dit is seer.
Eina!	Dis mooi musiek.
Toemaar!	Kyk daar!
Gits!	Dis goeie werk.
Pragtig!	Ek is verbaas.
Haai!	Dis vreeslik warm.

■ Oefening drie

Wat sal jy sê as:

1 jy op 'n dame se tone trap;
2 jy nie verstaan wat sy sê nie;
3 jy iets baie mooi vind;
4 jy aan iemand voorgestel word;
5 iemand aan die deur klop.


● Oefening vier

Voorbeelde Jy het jou baadjie uitgetrek.
Jy trek jou baadjie uit.
Hy het hom 'n drankie aangebied.
Hy bied hom 'n drankie aan.

1 Jy het hulle uitgenooi.
2 Sy het die glas aangegee.
3 Die samba het hom klaargemaak.
4 Hy het self water bygegooi.
5 Hy het haar aan my voorgestel.
6 Sy het die instruksies afgehaal.
7 Hy het die kamer ingegaan.
8 Sy het van die tafel afgeklim.
9 Ons het by die verkeerslig afgedraai.
10 Hulle het by die klub aangesluit.

■ **Oefening vyf**

Skryf die korrekte name langs die syfers neer.



29 Les nege-en-twintig

●■ **Dialoog een**

Paul koop 'n nuwe motor.

Verkoopsman (V), Paul (P)



V Wat van hierdie splinternuwe ligte motor, Meneer? Skaars twintigduisend kilometer agter die blad. Dit het aan 'n ou dame behoort.

P En u noem dit splinternuut? Ek soek wel 'n ligte motor, ja, maar hy mag nie tweedehands wees nie. Hy moet werklik splinternuut wees.

V Maar hierdie motor . . .

P Nee, 'n nuwe. Ek soek 'n ligte motor.

V Wel, wat dink u hiervan?


P Dit lyk beter. 'n Mens moet jou motor vandag versigtig kies. Die petrolpryse . . .

V U het gelyk. Hierdie ligte motor sal ook maklik parkeer. Die prys is ook reg, sien u?

P Ja, ek dink ons hoef nie verder te soek nie. Kan ek hom op 'n toetsrit uitneem?

■ Oefening een

Skryf twee dialoë.



●■ Dialoog twee

Verkoopsman (V), Paul (P), Verteller (Ve)

P Is dit goed so?

V Ja, dankie. En nou die verkoopooreenkoms. Hoe wil u betaal?

P Dadelik die volle bedrag. Sal u 'n tjek aanvaar?

V Natuurlik, Meneer!

P Kry ek afslag vir kontant?

V Seker, Meneer. Ons gee 10% afslag.

P Mooi. En hoe kry 'n mens jou nommerplate en lisensie?

V Ons sal verder vir alles sorg. Die motor sal môre afgelewer word.

P Baie dankie. Tot môre dan.

V Baie dankie, Meneer. Tot siens.

Ve Die volgende dag.

V Sal u hier sit? Ons moet 'n paar dokumente invul.

P Moet soveel dokumente ingevul word?

V Net 'n paar. Hier is die MVR1-vorm. Dit moet ingevul word om die motor op u naam te registreer. U naam, adres en identiteitsnommer moet hier ingeskryf word.

P Goed, hier is dit! En moet dit hier onderteken word?

V Ja. 'n Mens vergis jou maklik met al die klein blokkies.

● ■ Dialoog drie

Bestuurder (B), Verkoopsman (V)

B Meneer van Zyl!

V Ja, Meneer?

B Het daardie man toe die motor gekoop?

V Ja, Meneer! Kontant, en teen 10% afslag.

B Goed. Laat ek net die MVR1-vorm sien. Is al die besonderhede ingevul?

V Ek dink so. Hier is dit, Meneer.

B Kom ons kyk. Ouderdom: 50 jaar. Nog jonk, nè!
Nasionaliteit: Suid-Afrikaner.
Identiteitsnommer: 230614 8300
Adres: Metwaldstraat 15
Molbekia
Johannesburg
2001
Fabrikaat: Karjan Sedan
Registrasienommer: C18253. Enjinnommer: AD 15 BC.
Jaar: 1983. Ek sien ons het net sy telefoonnommer by die werk 30-3010. Waarom nie die huisnommer nie?

V Hy het so pas 'n huis gekoop en daar is nog nie 'n telefoon geïnstalleer nie.

B Nou goed. En verder: Datum van aankoop: 14 April 1983. Prys: R14 000. En dan ons naam en adres: Apollo Motors Bpk., Posbus 1305, Johannesburg 2000. Alles lyk vir my darem reg. Baie dankie, meneer Van Zyl!

■ Oefening twee

Voorbeeld U kry u nommerplate hier.
'n Mens kry jou nommerplate hier.

1 U moet u motor versigtig kies.
2 Jy moet jou werk doen.
3 U koop u koerant hier.
4 Jy kry jou kaartjie daar.
5 U kan u sigarette daar koop.

■ Oefening drie

Voorbeelde Jy moet dit invul.
Dit moet ingevul word.

Jy moet die rekening betaal.
Die rekening moet betaal word.

1 Jy moet dit inskryf.
2 Jy moet dit onderteken.
3 Jy moet die motor aflewer.
4 Jy moet die vergadering bywoon.
5 Jy moet die brief insluit.

● Oefening vier

Voorbeelde Ek moet die vorm invul.
Die vorm moet ingevul word.

Ek kan die vergadering bywoon.
Die vergadering kan bygewoon word.

1 Ek moet die identiteitsnommer neerskryf.
2 Ek kan die besonderhede insluit.
3 Ek kan die lessenaar hier neersit.
4 Ek moet die bal afslaan.
5 Ek kan die motor aflewer.

■ Oefening vyf

Vul hierdie vorm in.

Van: ....

Identiteitsnommer: ....

Ouderdom: ....

Nasionaliteit: ....

Telefoonnommer: ....

Adres: ....

Werk: ....

....

Huis: ....

....

Fabrikaat van motor: ....

Jaar: ....

Registrasienommer: ....

Enjinnommer: ....

Datum van aankoop: ....

Prys: ....

Firma by wie aangekoop: ....

Adres: ....

....

....

Handtekening: ....

Datum: ....

30 Les dertig · Toets

●■ Oefening een

Vergelyk Handboek.

■ Oefening twee

1 Al die direkteure het saamgestem dat hulle die EL 50 moet koop.
2 Hulle het die personeel se werkgehalte bespreek.
3 Rita en die kinders het gaan fliek.
4 Hulle het op die vergadering 'n paar sake bespreek.
5 Die film was swak.

■ Oefening drie

Erna Walters is Ben . . . privaatsekretaresse. Haar werk is (goed) . . . as Paul se sekretaresse s'n. Ben en Paul evalueer die gehalte van . . . werk. Sy kry 'n B vir voorkoms . . . sy altyd netjies is. Sy kommunikeer uitstekend met die personeel, want sy . . . van mense: . . . kry sy 'n A. Ben is gesteld . . . stiptelikheid; Erna . . . dit en is ook nooit laat vir haar werk nie. Haar verhoging is (groot) . . . as verlede jaar. Nou is sy nie meer so arm soos 'n . . . nie!

■ Oefening vier

1 Hulle drink 'n bier. Hulle het 'n paar sake bespreek.
2 Elsa sal huis toe gaan. Die werk is klaar.
3 Hy trek sy baadjie uit. Hy kry nie so warm nie.
4 Hulle het batterywater ingegooi.
5 Hy het die sitplekke nie goed skoongemaak nie.
6 Hulle sal die remme nagaan.
7 Jy hoef nie opera toe te gaan nie.
8 Hy behoort te stop.
9 Jy moet die rekening betaal.
10 Ek moet die vorm invul.

Oefening vyf

1 O! Verjaar jy vandag?	a Dit spyt my werklik, Meneer.
2 Ek is ontevrede met die diens!	b Ek sou verkies om opera toe te gaan.
3 Stilhou verbode!	c Opskud, kêrels!
4 Ek is haastig.	d Ja, maar ek weet nie of hy dit verdien nie.
5 U het nie u werk gedoen nie, Mejuffrou.	e Veels geluk!
6 Kom ons gaan fliek!	f Dit smaak vorentoe.
7 Ek stel voor dat hy 'n verhoging kry.	g Ek gaan by die bestuurder kla!
8 Julle dink net aan rugby.	h Twak, man!
9 Hoe smaak dit?	i Kan ons nie eerder die SA-model koop nie?
10 Ek stem nie heeltemal saam nie.	j Moenie hier stilhou nie!

Oefening ses

Vergelyk Handboek.

Oefening sewe

a	*Motorbestuurder*	Jy behoort . . . gestop . . . !
b	*Busbestuurder*	Dit . . . ., Meneer, maar ek het u te laat gesien.
c	*Motorbestuurder*	Ek dink nog jy hoef my . . . raak te . . . . . . nie. Dit was nie my skuld nie, dit was beslis u . . . . Is iemand beseer?
d	*Busbestuurder*	Nee, ...

Oefening ag

Voorbeeld Mag 'n mens in Operastraat stilhou?
Moenie in Operastraat stilhou nie!

1 Mag 'n mens vinniger as 40 km/h ry?
2 Mag 'n mens in Operastraat parkeer?
3 Mag 'n mens in Teaterstraat ingaan?
4 Mag 'n mens van Chopinstraat oor Operastraat ry? Hoekom nie?
5 Mag 'n mens uit Operastraat in Teaterstraat links draai?
6 Mag 'n mens vinnig ry in Chopinstraat? Wat is die snelheidsgrens?

31 Les een-en-dertig

Dialoog

'n Besoek aan die Krugerwildtuin

Ben (B), Ansie (A), Bets (Be), Paul (P), Herman (H)



B Paul en Ansie besluit om vir 'n week Wildtuin toe te gaan. Hulle nooi Ansie se niggie, Bets, en haar man, Herman om saam te gaan. Ansie kry maklik akkommo=dasie, omdat dit buite seisoen is. Sy bespreek vir vier dae in Onder-Sabie in die suid-oostelike deel van die Wildtuin, en vir drie dae in Olifantskamp, wat in die middel van die Wildtuin lê. Die De Klerks sien baie uit na die vakansie omdat hulle ses jaar gelede in die Wildtuin was.

Dis vroeg Maandagoggend. Paul-hulle ry van Onder-Sabie na Skukuza.

A Die eerste een wat 'n dier sien, kry 50c.

Be En die eerste een wat 'n leeu sien, kry R2,00.

P Ek hoop ons is gelukkig. Hou julle oë oop, mense, ek het gehoor daar's baie leeus in die omgewing. Ek het so 'n voorgevoel ons gaan hulle raakloop.

H Haai, kyk daar! 'n Trop rooibokke! En 'n paar vlakvarke.

A 50c vir jou! Jy gaan ryk word!

P Pragtig! Kyk, daar is twee ramme wat wil baklei. Ansie, sal jy vir my 'n guns doen, asseblief? Maak vir ons 'n lysie van al die diere wat ons sien, sal jy?

A Goed, ek skryf neer.

P Herman, jy ken die Wildtuin baie goed. Is daar baie wild op hierdie pad?

H O ja, Paul. Die meeste wild is hier in die suide. Hier is baie bokke, kameelperde, bobbejane, vlakvarke, buffels, seekoeie, krokodille, 'n hele klomp olifante, leeus en selfs luiperds. Het jy al ooit gesien as 'n leeu 'n bokkie vang?

P Nee, nog nooit nie.

Be Haai, daar's 'n olifant! Wag, drie olifante! 'n Koei en twee kalfies.

A Waar? Waar?

Be Daar, tussen die twee doringbome!

A Ja, ek sien hulle. Die koei stap oor die pad.

P Ek ry nader. Dis darem iets besonders.

A Oppas, Paul. Sy word kwaad! Sy sal storm!

P Regtig? O gits, ons is in die moeilikheid!

■ Oefening een

Waar of Vals? Gee die regte antwoord as dit vals is.

1 Ansie kry maklik akkommodasie, want dit is in seisoen.
2 Onder-Sabie is in die suid-westelike deel van die Wildtuin.
3 Hulle gaan drie dae lank in Olifantskamp bly.
4 Daar is baie wild op die pad tussen Onder-Sabie en Skukuza.
5 Herman sien eerste die olifante.
6 Die olifante staan agter twee doringbome.

● Oefening twee

Voorbeelde Het jy al ooit 'n leeu gesien?
Nee, ek het nog nooit 'n leeu gesien nie.
Stop!
Moenie stop nie!

1 Het jy al ooit 'n buffel gesien?
2 Ry nader!
3 Het jy al die Wildtuin besoek?
4 Het jy iets gehoor?
5 Het jy êrens 'n olifant gesien?
6 Skryf die name neer!

● Oefening drie

Voorbeeld Sien jy die olifante? Pa
Pa, sien Pa die olifante?

1 Skryf jy die name neer? Ma
2 Sal jy my 'n guns doen, asseblief? Oom
3 Paul, jy moenie nader ry nie. Meneer
4 Het jy al ooit 'n luiperd gesien? Tannie
5 Dink jy ons gaan baie wild sien? Pa

Oefening vier

Lees die woordelys in die Handboek, dan die paragraaf.

Klimaat: In die suide is daar 'n hoë reënval in die somer; die middel van die Wildtuin is 'n droë gebied; die noordelike deel het 'n tropiese klimaat.
Ruskampe: Pretoriuskop, Skukuza en Onder-Sabie lê in die suide, die onderste gedeelte van die Wildtuin. Skukuza is die grootste kamp in die Wildtuin. Satara, Olifantskamp en Letaba lê in die middel, aan die oostelike kant. Shingwidzi en Punda Milia is in die boonste deel (die noorde) geleë. 'n Mens kan in die ruskampe rondawels huur of uitkamp.

Oefening vyf

Voltooi die sinne.

1 Satara lê . . . Onder-Sabie.
2 Shingwidzi is . . . van Letaba . . .
3 Olifantskamp lê . . . . . . van die Wildtuin, aan die . . . kant.
4 Skukuza lê in die . . . , en dit is die . . . . . . in die Wildtuin.
5 Die klimaat in die noordelike . . . is . . . .
6 In die suide is dit nie . . . nie, dit . . . baie daar in die somer.
7 Die gebied in die middel, . . . van Shingwidzi is . . . .
8 Punda Milia is in die . . . . . . geleë.
9 Rondawels kan in die ruskampe . . . . . .

Oefening ses


Vul die korrekte uitroepe van verbasing in.

Kyk; O gits; Regtig; Haai, kyk daar; Daar's.

Herman (1) . . . , ... ! 'n Trop buffels!
Ansie 30c vir jou!
Paul (2) . . . , daar is 'n krokodil in die water.
Bets (3) . . . 'n olifant! Oppas, Paul. Sy sal storm!
Paul (4) . . . ? (5) . . . . , ons is in die moeilikheid.

Oefening sewe

Kyk na die diagram.



* (m) = manlik, (v) = vroulik

Vul in.

1 Jan en Marie Louw het twee . . . en een . . . .
2 Jan Louw is Fanie se . . . ; Fanie is Jan Louw se . . . .
3 Elsie is Jannie se . . . ; Jannie is Elsie se . . . .
4 Willem is Bettie se . . . ; Anna is Bettie se . . . .
5 Bettie is Willem se . . . of . . . .
6 Sarie en Anna is . . . ; Willem en Koos is . . . .
7 Fanie is Elsie se . . . .

32 Les twee-en-dertig

●■ Dialog

'n Belangrike besluit

Ben (B), Paul (P)



B Ek wonder, Paul. Dink jy ons moet 'n takkantoor in Pretoria open?

P Nee, ek dink nie so nie, Ben. Ek twyfel of ons genoeg kliënte in Pretoria het. Ek meen dat dit nie die moeite werd is nie.

B Ek vra my ook af of dit die salaris van minstens twee personeellede sal regverdig. En al sou dit die geval wees, twyfel ek of ons genoeg kapitaal het om die salarisse te kan bekostig.

P Aan die ander kant wonder ek of ons nie baie kliënte sal wen nie. Jy weet, Pretoria is groot.

B Ja, jy is reg. Maar ek is tog van mening dat dit nog te vroeg is. Ons is nog nie reg daarvoor nie.

P Miskien het jy gelyk. Maar ek is tog van opinie dat ons moontlike kliënte nie sal bereik nie. Dink jy nie dat ons die geld gou sal verhaal nie?

B Nee, ek glo nie dat dit sal so gou gaan nie. 'n Jaar miskien. En dis te lank.

P Hm. Wel, jy is seker reg. Ons stem dus saam. Ons gaan dit nie doen nie.

■ Oefening een

Is die volgende argumente vir of teen die oprig van 'n takkantoor in Pretoria?

1 Ons het nie genoeg moontlike kliënte in Pretoria nie.
2 Ons sal moontlike kliënte nie bereik nie.
3 Dit sal nie die salaris van twee personeellede regverdig nie.
4 Ons sal miskien kliënte wen.
5 Pretoria is groot.
6 Ons het nie genoeg kapitaal nie.
7 Ons sal die geld gou verhaal.
8 Ons is nog nie reg daarvoor nie.

■ Oefening twee

Voorbeeld Ek wonder. Ons het genoeg kliënte in Pretoria.
Ek wonder of ons genoeg kliënte in Pretoria het.

1 Ek twyfel — Dit is die moeite werd
2 Ek dink — Jy het gelyk (dat)
3 Ek wonder — Jy het gelyk
4 Ek vra my af — Jy is reg
5 Ek is van mening — Ons sal baie kliënte wen (dat)
6 Ek is van opinie — Ons sal moontlike kliënte nie bereik nie (dat)
7 Ek twyfel — Ons het genoeg kapitaal

■ Oefening drie

Voorbeeld *Ons* kan dit nie bekostig nie.
Ek en jy kan dit nie bekostig nie.

1 Ons sal moontlike kliënte nie bereik nie.
2 Ons het nie genoeg kapitaal nie.
3 Ons sal om agtuur vertrek.
4 Ons sal Wildtuin toe gaan.
5 Ons stem dus saam om dit te doen.

Oefening vier

Voorbeelde Is Pretoria groot genoeg? twyfel
Ek twyfel of Pretoria groot genoeg is.

Is dit baie koud? van mening
Ek is van mening dat dit baie koud is.

1 Sal ons baie kanse verloor? wonder
2 Is daar genoeg kliënte in Durban? dink
3 Het ons genoeg kapitaal? meen
4 Sal ons baie kliënte bykry? twyfel

Oefening vyf

Voorbeeld Sy het geweet dat dit baie geld kos.
Sy het nie geweet dat dit baie geld kos nie.

1 Hy het gesê dat ons genoeg kliënte in Pretoria het.
2 Ek is van mening dat ons genoeg kapitaal het.
3 Hulle het gedink dat hulle baie kanse sal verloor.
4 Hy vra hom af of hy baie kliënte sal wen.

Oefening ses

Voorbeelde Ek het geweet dat jy my sou help.
Ek het nie geweet dat jy my sou help nie.

Sy was van mening dat ek baie geld het.
Sy was nie van mening dat ek baie geld het nie.

1 Ek was van mening dat ons 'n nuwe takkantoor moet open.
2 Ek het gedink dat hulle die wedstryd sou wen.
3 Sy was van opinie dat hulle genoeg kapitaal het.
4 Hy het gesê dat die vorm ingevul moes word.
5 Sy het gevra of ek saam met haar teater toe sou gaan.

Oefening sewe

Luister en antwoord **Ja** *of* **Nee**.

1 Is dit seker dat daar genoeg kliënte in Pretoria is om 'n nuwe takkantoor te open?
2 Dink u dat Paul en Ben genoeg kapitaal het om die salaris van twee nuwe personeellede te kan bekostig?
3 Is Pretoria groot genoeg om 'n takkantoor te regverdig?
4 Is Ben van mening dat dit eintlik nog te vroeg is vir hulle om nog twee persone aan te stel?
5 Stem Ben en Paul saam oor watter besluit hulle moet neem?

33 Les drie-en-dertig

● ■ Vertelling

Rita (R)



R Ek en Ansie het gister gaan klere koop. In die winkels was die mooiste somerklere. Strepe en helder kleure is hoog in die mode teenoor verlede seisoen se pastelkleure. Ansie het 'n rooi romp aangepas terwyl ek 'n geblomde rok verkies het. Die aanpaskamers het vollengte spieëls waarin ons gekyk het hoe ons lyk. Die verkoopsdame was baie behulpsaam en het vir Ansie 'n gestreepte bloes gebring. Daarna het sy 'n vrolike serp om Ansie se nek gebind en siedaar — sy het gelyk of sy uit 'n modeboek kom. Ek het ook spierwit sandale gekoop. Ons was in ons skik met ons eerste somerinkopies.

By die mansuitrusters was ons minder gelukkig. Paul se hempgrootte was uitverkoop en daar was ook nie bruin leerskoene nie. Ek het 'n grys kortbroek en sokkies vir Karel gekoop. Ek het 'n groen geruite oopnekhemp gesien wat ek vir Ben gekoop het. Toe ons uitstap, het ek gesien daar was 'n skeurtjie op die skouer. Gelukkig het hulle dit vir my vir 'n bloue omgeruil.

■ Oefening een

Waar of Vals? Gee die regte antwoord as dit vals is.

1 Helder kleure is meer in die mode as strepe.
2 Rita verkies 'n geblomde romp en bloes.
3 Hulle kyk in vollengte spieëls hoe hulle lyk.
4 Rita bind 'n vrolike serp om Ansie se nek.
5 Hulle kan nie vir Paul 'n hemp koop nie, omdat sy grootte uitverkoop is.
6 Rita ruil later die groen hemp vir 'n bloue om omdat sy meer van blou hou.

● Oefening twee

Luister en herhaal.

■ Oefening drie

Lees die volgende sinne noukeurig deur en kies dan die korrekte woord tussen hakies.

1 Helder (kleure, klere) is nou in die mode teenoor (gelede, verlede) jaar se pastelkleure.
2 Daarna het sy 'n (vrolik, vrolike) serp (rond, om) Ansie se nek gebind.
3 Dit was die (mooier, mooiste) geblomde rok wat Rita nog gesien het.
4 Die (grote, grootte) hemp wat Paul dra, was uitverkoop.

● Oefening vier

Luister en herhaal.

● Oefening vyf

Voorbeeld blou
Baie blou is potblou.

1 blou	4 rooi
2 groen	5 swart
3 geel	6 wit

■ **Oefening ses**

Voltooi die volgende sinne.

1 'n Rok wat blomme op het, is 'n . . . rok.
2 'n Bloes wat strepe het, is 'n . . . bloes.
3 Plekke wat bespreek is, is . . . plekke.
4 'n Toets wat geskryf is, is 'n . . . toets.
5 'n Hemp wat geruit is, is 'n . . . hemp.
6 'n Dag wat bewolk is, is 'n . . . dag.
7 Klere wat gewas is, is . . . klere.
8 'n Appel wat geskil is, is 'n . . . appel.
9 'n Sethou wat geslaan is, is 'n . . . sethou.
10 Meel wat gesif is, is . . . meel.

● **Oefening sewe**

Luister en herhaal.

■ **Oefening ag**


Voltooi die paragraaf deur die korrekte woorde in te vul.

Hierdie (1) . . . is helder kleure (2) . . . (3) . . . die mode (4) . . . die pastelkleure van verlede jaar. Rita (5) . . . rokke en kniebroeke (6) . . . langbroeke. In die (7) . . . is vollengte spieëls (8) . . . 'n mens kan kyk hoe jy (9) . . . . Die verkoopsdame bring vir Rita die regte (10) . . . bloes om by 'n romp aan te pas.

34 Les vier-en-dertig

● ■ **Dialoog**

Verteller (V), Ben (B), Paul (P), Rita (R), Manstem (M), Elsa (E)



V Die Hoërskool Johannesburg en die Hoërskool Pretoria is die wenners van hul onderskeie afdelings in die rugbyliga. Dié twee spanne kom nou teen mekaar te staan om die algehele wenner te bepaal. Die twee spanne word deur die opgewonde skare toegejuig. Die Hoërskool Pretoria loop 12 – 10 voor. 'n Skrum word op die middellyn gevorm. Ben hou dit met 'n kloppende hart dop.

B Kom nou! Haak die bal! Kry hom uit!

P Mooi so! Daar's hy! Laat loop na die vleuel.

R Ag, as hulle net nie weer onkant is nie. Anders is daar weer 'n strafskop teen hulle.

M Pragtig Pretoria! Julle het die bal mooi onderskep. Gaan druk nou 'n drie!

Skare Nou! Nou! Nou!

E Hoekom blaas die skeidsregter die fluitjie?

P Die senter het die bal aangeslaan.

R Johies gaan die bal uitkry. Daar's hy – Karel het hom nou.

B Hardloop Karel!

R Ag nee, hulle gaan hom duik!

B Hy gaan skepskop! Dis oor! Dis oor! Die beker is ons s'n!

V Die eindfluitjie word net ná Karel se skop geblaas, want dis in beseringstyd. Die Hoërskool Johannesburg wen net-net 13 – 12 en die ondersteuners se vreugde ken geen perke nie. Karel is die held en word op sy maats se skouers van die veld afgedra.

● ■ Oefening een


Kyk na die prentjies, luister na die woorde en skryf die letter.



1 A krieket B skrum C trui D strafskop



2 A skop B hardloop C duik D aanslaan



3 A skop B aanslaan C blaas D onderskep



4 A hart B fluitjie C senter D skeidsregter



5 A drie B liga C toeskouers D wenner

■ Oefening twee

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm. Kyk mooi in watter tyd die sinne is voordat dit in die lydende vorm geskryf word.

1 Die opgewonde toeskouers juig die spanne toe.
2 Ben hou die skrum met 'n kloppende hart dop.
3 Hulle het die bal onderskep.
4 Die skeidsregter het die fluitjie geblaas.
5 Die senter het die bal aangeslaan.


■ Oefening drie

Skryf die volgende sinne in die bedrywende vorm.

1 Die fluitjie word deur die skeidsregter geblaas.
2 Karel word deur sy maats van die veld afgedra.
3 'n Skrum word (deur hulle) gevorm.
4 Gister is die eindwedstryd deur die twee skole gespeel.

■ Oefening vier

Voltooi die blokkiesraaisel met behulp van verlede deelwoorde en teenwoordige deelwoorde.



Dwars
1 'n Bal (wat onderskep is), is 'n . . . bal.
3 Die (juig) toeskouers sit op die pawiljoen.
5 Hy het 'n (breek) hart.
6 Karel is een van die (kies) spelers vir die eindwedstryd.
7 Sondag het ons lekker (braai) hoender geëet.
8 Die man het 'n (kalm) invloed op mense.

Af
1 Die (opwen) toeskouers moedig spanne aan.
2 Met (klop) hart luister sy of die deur oopgaan.
4 Die speler het probeer om die (aanslaan) bal op te tel.

● Oefening vyf

a *Luister.*
b *Luister en herhaal.*

■ Oefening ses

Voltooi die onderstaande sinne soos die voorbeeld aandui. Druk die sin op so 'n manier uit dat die betekenis nie verander nie.

Voorbeeld

Die spelers het goed gespeel.	Die spelers het *goeie rugby* gespeel.
1 Die Hoërskool Johannesburg en die Hoërskool Pretoria het vanoggend in die eindwedstryd om die beker teen mekaar gespeel.	1 In die eindwedstryd om die beker . . . die Hoërskool Johannesburg en die Hoërskool Pretoria . . . . . . te . . . .
2 Dit was 'n aanskoulike wedstryd.	2 Die wedstryd . . . .
3 Die eerste punte deur Pretoria is aangeteken toe die vleuel 'n drie gedruk het.	3 Pretoria . . . die eerste punte . . . toe 'n drie . . . .
4 Die rustydtelling was 3 elk ('n ander woord vir *3 elk*).	4 Rustyd was . . . .

35 Les vyf-en-dertig

Dialoog een

Elsa (E), Deon (D)

E Hallo, dis Elsa de Klerk wat praat.

D Hallo Elsa. Dis Deon. Hoe gaan dit?

E Nie te goed nie.

D Ag nee. Ek wou jou vra om vanaand saam met my te gaan dans! Wat makeer?

E Ek het alweer verkoue. Ek dink ek moet eerder in die bed bly. Ek is jammer, Deon, ek sal nie kan gaan dans nie.

D Dit maak nie saak nie, Elsa. Ons kan dit altyd later doen. Was jy al by 'n dokter?

E Nee, ek het 'n afspraak om halfelf vanoggend.


D Dis goed, en dan moet jy dadelik in die bed klim! Pas jouself goed op! Ek sal na werk kom hoor hoe dit gaan.

Oefening een

Kyk na die prentjies, luister en herhaal.













Oefening twee

Voorbeeld Hy het tandpyn.
Sy tand is seer.

1 Hy het maagpyn.
2 Sy het rugpyn.
3 Hy het oorpyn.

Oefening drie


Voorbeeld Ek het hoofpyn.
Gister het ek ook hoofpyn gehad.

1 Elsa het tandpyn.
2 Sy het 'n hoë koors.
3 Hy het maagpyn.
4 Ek het griep.

Dialoog twee

In Dr. Bester se spreekkamer

Verteller (V), Suster (S), Dokter (D), Elsa (E)



V Elsa sit in die wagkamer. Langs haar sit 'n pragtige dogtertjie met 'n rooi rokkie aan: sy huil, want sy het maagpyn. 'n Ma troos 'n seuntjie wat sy armpie gebreek het. 'n Ou dame begin met Elsa gesels. Sy vertel haar van al haar skete: sy het rugpyn, haar bloeddruk is hoog en sy het 'n swak hart. Elsa voel skielik nie meer so siek nie – eintlik is sy baie gesond. Wat is 'n ou verkouetjie dan!

S Mej. de Klerk? Dr. Bester sal u nou spreek.

D Wat kan ek vir u doen, Juffrou?


E Dokter, ek het 'n verkoue. My keel is seer, ek het 'n nare hoofpyn en 'n slegte hoes.

D Goed, laat ons sien.

D Juffrou, ek stel voor dat u 'n dag of twee in die bed bly. Dan sal u die hoes gou afskud. Ek skryf vir u 'n goeie hoes=middel voor. 'n Klein botteltjie daarvan sal genoeg wees. U moet drie maal per dag een teelepel daarvan drink. Ek gee ook vir u tablette vir die verkoue en keelseer. U moet elke 4 uur 2 pilletjies neem. Ek is seker dit sal help.

Oefening vier

Kyk hoeveel dialoë jy kan skryf!



Oefening vyf

Voorbeeld Ek skryf 'n hoesmiddel voor. kan
Kan ek 'n hoesmiddel voorskryf?

1 Ek skryf tablette voor. kan
2 Sy skud die hoes gou af. sal
3 Elsa gaan met Deon uit. wil
4 Die dokter maak die deur oop. sal

Oefening ses

AFSPRAKE – DR. BESTER

Datum:		1983–05–12
Oggend:		
09h00	Mev. van Wyk	
09h15		
09h30	Mnr. Botha	
09h45	Mej. de Klerk	
10h00	Mej. Steyn	
10h15		
10h30	Mev. Kok	
Middag	Hospitaal	

Kyk na die kalender. Antwoord asseblief in vol sinne.


1 Het dr. Bester om 9h00 'n afspraak?
2 Hoe laat is mej. De Klerk se afspraak?
3 Wanneer spreek die dokter mev. Kok?
4 Het dr. Bester om 10h15 'n afspraak?
5 Waar werk hy in die middag?
6 Spreek hy iemand om 9h15?

Oefening sewe

Luister en herhaal.

Oefening ag

Voltooi die blokkiesraaisel.



Die (*5. meisie wat klein is*) met die mooi (*1. rok wat klein is*) het 'n (*3. bottel wat klein is*) (*2. pille wat klein is*) by die dokter gekry omdat sy oorpyn het. Die (*6. seun wat klein is*) langs haar het sy (*4. arm wat klein is*) gebreek.

36 Les ses-en-dertig

● ■ **Dialoog een**

'n Skemerkelkie

Ben (B), Paul (P), Rita (R), Ansie (A)



B Jy weet, Paul, ek hou nie eintlik van partytjies nie. Lawaai, harde musiek en grappies . . . en ek hou nie daarvan om oor koeitjies en kalfies te praat nie.

P Ek hou daarvan om mense te onthaal. En jy het tog saamgestem dat ons die opening van ons nuwe takkantoor moes vier. Nog 'n whisky?

B Nee, dankie. Ek is nou lus vir 'n bier. Kyk daar, dit lyk darem of Rita dit geniet.

P Rita! Hoor jy wat sê Ben?

R Wat sê hy?

P Hy sê dit lyk of jy die partytjie geniet! Jy lyk pragtig, hoor! Is dit 'n nuwe rok?

R Nuut? Watwou! Ek sal seker moet wag dat julle meer wins maak.

B Ek is jammer, hoor! Saterdag koop ons vir jou 'n nuwe rok. Nog 'n drankie, Rita? En wat van jou, Ansie?

R Ek sal graag nog 'n sjerrie kry, Ben.

A En 'n glas lemoensap vir my, dankie!

P Gesondheid!

Almal Gesondheid!

■ **Oefening een**

Voorbeeld Ek onthaal graag mense.
Ek hou daarvan om mense te onthaal.

1 Ek lees graag.
2 Ek drink graag saans 'n glas bier.
3 Ek doen graag oefeninge.
4 Ek speel graag tennis.
5 Ek staan graag soggens vroeg op.

■ **Oefening twee**

Kies die regte woorde.

sjerrie; koeldrank; soda; wyn; bier.

1 Gee vir my 'n whisky en . . . .
2 Ek is baie dors. Ek verkies 'n glas . . . .
3 Ek voel lus vir 'n glasie medium . . . .
4 Ek hou nie van sterk drank nie. Ek verkies dus 'n . . . .
5 By my ete geniet ek 'n bottel . . . .

● **Oefening drie**

Voorbeeld Hou jy van bier? Ek hou meer van wyn.
Hy verkies wyn bo bier.

1 Hou jy van wyn? Ek hou meer van sjerrie.
2 Hou jy van tee? Ek hou meer van koffie.
3 Hou jy van melk? Ek hou meer van koeldrank.
4 Hou jy van whisky? Ek hou meer van brandewyn.

Dialoog twee

'n Skemerkelkie (vervolg)

Ansie (A), Paul (P), Ben (B), Rita (R)

A Gee vir my asseblief nog van die grondboontjies en rosyntjies aan, Paul!

P Ek dog dan jy's op dieet!

A Jy's aaklig. Môre sal ek weer kalorieë tel. Vanaand is ek hier om die lewe te geniet.

B Toemaar, Ansie, Paul terg maar net. Met so 'n figuurtjie soos joune hoef jy nie aan dieet te dink nie.

A Dankie, Ben. Hoor jy dit, Paul?

P Ben, aan wie se kant is jy?

B Môre, Paul. Môre is ek weer aan jou kant. Vanaand is dit die dames se beurt.

R Môre is dit Paul se dag vir dames, nie waar nie, Paul?

P Hoekom?

R Het jy dan nou al vergeet van die nuwe rok wat julle my belowe het? Môre is Saterdag!

Oefening vier

Vul die korrekte voorsetsels in.

Gee . . . Ansie . . . die grondboontjies . . . . Ek dog jy's . . . dieet. . . . so 'n figuurtjie hoef 'n mens nie . . . dieet te dink nie. . . . wie se kant is jy, Ben? Vandag is dit my dag . . . dames. Ek hoop nie jy het vergeet . . . my nuwe rok nie!

Oefening vyf

Voorbeeld Ek sal môre weer kalorieë tel.
Môre sal ek weer kalorieë tel.

1 Ek is vanaand hier om die lewe te geniet.
2 Jy hoef vandag nie aan dieet te dink nie.
3 Ek is môre weer aan jou kant.
4 Dit is vanaand die dames se beurt.
5 Ek sal vandag 'n koue bier verkies.
6 Ek drink bedags nie bier nie.
7 Ek hou soggens meer van koffie.
8 Sy staan smôrens vroeg op.
9 Hy werk snags tot baie laat.
10 Sy sal môre haar nuwe rok aantrek.

Oefening ses

Luister en herhaal.

Oefening sewe

Luister mooi na die **n** *in die volgende woorde.*

37 Les sewe-en-dertig

Brief een

Sakebrief

Chopinstraat 14
Robindale
RANDBURG
2001

12 Mei 1983

Mnr. B Pieterse
Datarand
Posbus 000X
JOHANNESBURG
2000

Geagte mnr. Pieterse

NAVRAAG IN VERBAND MET SAKREKENAARS

Ek wil graag navraag doen of u sakrekenaars bemark, en indien wel, watter tipes. Ek stel belang in 'n gesofistikeerde finansiële sakrekenaar soos die Noisy 07 of die Murphy 22. Ek sou dit waardeer as u vir my inligting in verband met pryse, beskikbaarheid, ens. kan stuur.

By voorbaat dankie.

Die uwe

P VAN DER MERWE

Brief twee

Vriendskaplike brief

Triomfweg 12
WESTDENE
2092

13 Augustus 1982

Beste Andries

Ek wou al lankal van my laat hoor. Dankie vir jou laaste brief. Dit lyk my jy geniet dit regtig in New York. Pas op dat jy nie só lekker studeer dat jy nie wil terugkom nie! Hier gaan dit baie goed. Ek geniet my nuwe werk en dit gaan goed met my pa-hulle se nuwe besigheid.

Wat is jou planne vir die Desembervakansie? Is daar dalk 'n moontlikheid dat ons jou te sien sal kry, of kan jy nie 'n vliegkaartjie bekostig nie?

Ons verlang baie. Laat gou van jou hoor!

Mooi bly en groete van almal hier.

Elsa

■ Oefening een

Lees eers die volgende frases in die handboek. Gebruik die frases en beantwoord die sakebrief.

Meneer P van der Merwe

—

—

—

X X X X

—

X X X X

Navraag in verband met sakrekenaars

B PIETERSE

■ Oefening twee

Lees weer die vriendskaplike brief en kies elke keer die regte antwoord.

1 Elsa skryf vir
- a haar baas.
- b haar vriend.
- c haar oom.

2 Andries
- a kuier in New York en geniet dit baie.
- b werk in New York, maar is haastig om na SA terug te keer.
- c geniet sy studies in New York.
- d studeer, maar verlang baie huis toe.

3 Elsa sal
- a vir Andries gaan kuier in Desember.
- b nie vir Andries in Desember sien nie.
- c miskien vir Andries in Desember sien.

4 Die brief is
- a vriendelik.
- b formeel.
- c kwaai.

5 Andries
- a kan nie 'n vliegkaartjie bekostig nie.
- b wil nie terugkom nie.
- c studeer lekker in New York.

● ■ Oefening drie

a *Luister.*
b *Skryf.*

■ **Oefening vier**

Voorbeeld: Aansoek om werk

Triomfweg 12
WESTDENE
2092
4 November 1982

Die Bestuurder
Nasbank
Posbus 120
BERGVILLE
612

Meneer

AANSOEK OM BETREKKING: SEKRETARESSE

Hiermee doen ek aansoek om die betrekking as sekretaresse en voeg afskrifte van die volgende dokumente aan:

Matriekuitslae
Sekretariële diploma
2 getuigskrifte.

Ek kan reeds in Desember diens aanvaar.

Die uwe


E PIETERSE

38 Les ag-en-dertig

•■ **Stokperdjies**

Karel (K), Paul (P)









K Ek hou baie van sport. Ek speel graag rugby en neem elke seisoen aan atletiek deel. Ek oefen ook gereeld tennis. Maar ek bestee my vrye tyd nie net op die sportveld nie, ek het ook ander stokperdjies. Ek geniet die natuur en daarom hou ek van fotografie. Ek en my maats gaan dikwels stap en dan neem ek baie foto's – en kry sommer ook oefening.

P Die ander Pieterses het ook elkeen sy eie stokperdjie: Ben versamel seëls, Rita doen pottebakkery en Elsa hou van naaldwerk.

Oefening een

Kies sinne uit B om A te voltooi. Skryf die hele sin neer.

A	B
1 Karel neem gereeld aan sport deel;	a beoefen die Pieterses hulle stokperdjies.
2 Hy neem baie foto's	b omdat hy aan sport deelneem en stokperdjies het.
3 Wanneer hulle nie werk nie	c as hulle op 'n staptoer gaan.
4 Karel het 'n wye belangstelling	d dus doen sy pottebakkery.
5 Rita wil haarself besig hou,	e daarom is hy baie fiks.

Oefening twee

Voltooi die volgende opsomming.

Karel . . . . , want hy neem aan rugby, tennis en atletiek deel. Hy bestee nie net sy tyd aan . . . nie, want hy het ook ander . . . . Hy en sy maats gaan baie op . . . en dan . . . . Hulle kry . . . en geniet die . . . . Die ander Pieterses . . . ook elkeen 'n stokperdjie: Ben . . . . . . , Rita doen . . . en Elsa hou van . . . .

Oefening drie

Voorbeeld Karel hou van sport. Hy het ook ander stokperdjies. maar
Karel hou van sport, maar hy het ook ander stokperdjies.

1 Karel hou van sport. Hy het ook ander stokperdjies. maar
2 Hy is baie fiks. Hy oefen gereeld. omdat
3 Elsa werk die hele dag. Sy doen graag naaldwerk. daarna
4 Ben werk aan sy seëlversameling. Hy het in die aand tyd. as
5 Rita wil haarself besig hou. Sy doen pottebakkery. dus
6 Karel hou van fotografie. Hy geniet staptoere. daarom
7 Al die Pieterses het stokperdjies. Hulle hou hulleself goed besig. en

Oefening vier

Voltooi die volgende sinne.

1 As 'n mens . . . rugby, atletiek en tennis deelneem, moet 'n mens baie . . . sport hou.
2 Sport moet 'n mens . . . die sportveld beoefen, maar stokperdjies kan . . . die huis beoefen word.

Oefening vyf

a *Luister.*
b *Luister en herhaal.*

Oefening ses

Luister en skryf.

Oefening sewe

Lees die paragraaf wat neergeskryf is. Sê of die volgende stellings Waar of Vals is.

1 'n Mens kry baie soorte vryetydsbesteding.
2 Alle mense het nie dieselfde belangstellings nie.
3 Soveel stokperdjies as wat daar is, soveel verskillende soorte mense is daar.
4 Party mense maak skulpe en skoenlappers met hulle hande.
5 Party mense hou meer daarvan om met hulle hande te werk as om goed te versamel.
6 Nie alle mense hoef iets te hê om hulle mee besig te hou nie.
7 Tuinmaak is nie 'n stokperdjie nie.

Oefening ag

Voorbeeld Het jy al ooit rugby gespeel?
Het jy nog nooit rugby gespeel nie?

1 Het sy al ooit gholf gespeel?
2 Kan iemand naaldwerk doen?
3 Hy doen iets in sy vrye tyd.
4 Karel het al tennis gespeel.
5 Versamel seëls!
6 Doen pottebakkery!
7 Kan jy die Pieterses êrens sien?
8 Is daar êrens skoenlappers in die lug?

39 Les nege-en-dertig

Dialoog een

'n Telefoongesprek

Verteller (V), Rita (R), Ben (B)

V Ben is 'n paar dae by die huis. Die telefoon lui.

R Hallo! Dis Rita Pieterse hier. ..... Goed, ek sal hom roep. Ben, dis 'n jong dame. En dis vir jou.

B So! Moenie so snaaks na my kyk nie. Dankie. Hallo! Ben Pieterse hier. ..... O, is dit jy! Dis nou regtig 'n aangename verrassing. Gaan dit nog goed? ..... Nee, ook goed, dankie! Is jy nog nie spyt jy het jou dienste aangebied nie?

R Ben! Wat gaan daar aan!

B Sjuut, Rita! ..... Nee, nie jy nie, meisie! ..... Wanneer? ..... Môremiddag? Maar natuurlik sal dit my pas! Ek sal enige afspraak daarvoor kanselleer!

R Ben! Ek wil op die daad weet wat aan die gang is.

B Wag nou eers, Rita! ..... Dis nou regtig gaaf van jou. Ek sien ons sal uitstekend klaarkom. ..... Ja, dis dan afgespreek. Tot siens! Dis nou regtig 'n oulike aster!

R O so, nè?

Oefening een

Kies die regte antwoord.

1 Wat het Rita gedink toe sy Paul na die telefoon roep?
a Sy het gedink dat dit sy sekretaresse was.
b Sy het gewonder hoekom die jong meisie met haar man wou praat.
c Sy het gemeen dat die dame die verkeerde nommer geskakel het.

2 Hoe weet u dit?
a Sy het gesê dat dit vir hom was.
b Sy het gesê dat dit 'n jong dame was.
c Ben het gesê dat sy hom snaaks aangekyk het.

3 Hoe weet ons dat Ben graag met die jong dame wou praat?
   a Hy het gesê dis 'n aangename verrassing.
   b Hy het gesê dit is sy!
   c Hy het gesê dit gaan goed met hom.

4 Waarom groei Rita se suspisie?
   a Ben het gesê dat sy haar dienste aangebied het.
   b Ben het gesê dat die afspraak hom sal pas.
   c Ben het gesê dat hulle uitstekend sal klaarkom.

• Oefening twee

Voorbeeld Dis 'n aangename verrassing.
Hy het gesê dis 'n aangename verrassing.

1 Dit gaan goed met my.
2 Die afspraak pas my.
3 Ons sal uitstekend klaarkom.
4 Dis nou regtig gaaf van jou.

• Oefening drie

Voorbeeld Dis 'n aangename verrassing.
Hy het gesê dat dit 'n aangename verrassing is.

1 Dit gaan goed met my.
2 Die afspraak pas my.
3 Ons sal uitstekend klaarkom.
4 Dis nou regtig gaaf van jou.

• ■ Dialoog twee

Rita (R), Ben (B)



R Ben, ek wil nou onmiddellik weet wat aangaan.

B My liefling, ek glo werklik jy's jaloers.

R Mag wees! Wie was dit? Praat, man!

B Dit was nou Paul se nuwe sekretaresse. Sy het gesê dat sy haar nuwe werk baie geniet en dat sy nie spyt is dat sy haar dienste aangebied het nie.

R O, was dit dié soort dienste! Maar waarom het jy dan 'n afspraak met haar gemaak? En waarom sal jy enige ander afspraak daarvoor kanselleer?

B Sy het gesê dat Paul my môremiddag wil spreek. Die afspraak is met hom, en sy het ook gesê dat ons die groot bestelling toe gekry het. Sy het nog gevra of môremiddag my sou pas. Ek sal enige afspraak kanselleer om meer daarvan te hoor!

R Maar jy het gesê dat jy uitstekend met haar sal klaarkom – en dat sy 'n oulike aster is!

B Sy is 'n oulike aster – maar glad nie so oulik soos jy nie. Kom hierso!

R Ag, los my! Jy's alweer verspot!

Oefening vier

Voorbeelde Sy het gesê dat Paul haar wil spreek.
Sy het gesê: "Paul wil my spreek."

Hy het gesê dat hy 'n oproep verwag.
Hy het gesê: "Ek verwag 'n oproep".

1 Sy het gesê dat ons die groot bestelling gekry het.
2 Hy het gesê dat sy haar nuwe werk geniet.
3 Hy het gesê dat hy uitstekend met haar sal klaarkom.
4 Hy het vir haar gesê dat sy 'n oulike aster is.

Oefening vyf

a *Luister.*
b *Gee Ben se kant van die telefoongesprek.*

Ben . . .
Sekretaresse Middag, mnr. Pieterse. Dis juffrou Jansen hier.
Ben . . .
Sekretaresse Ja, baie goed, dankie. Hoe gaan dit met u?
Ben . . .
Sekretaresse Nee, glad nie, Meneer. Ek dink ek sal baie van my nuwe werk hou. Mnr. de Klerk het my gevra om u te bel. Hy wil u graag spreek.
Ben . . .
Sekretaresse Môremiddag, as dit u sal pas. Hy wil u glo vra om na die nuwe kontrak te kyk. Ons het skynbaar 'n groot bestelling van België ontvang.
Ben . . .
Sekretaresse Ek sal reël dat ons drywer u om twee-uur by u huis kom haal. Mnr. de Klerk het my ook gevra om u te laat terugneem.
Ben . . .
Sekretaresse Dis 'n plesier, Meneer. Kan ek die afspraak dan vir mnr. De Klerk bevestig?
Ben . . .
Sekretaresse Tot siens.

Oefening ses

Voorbeeld Hy het my gevra of ek sou kom.
Hy het my gevra om te kom.

1 Hy het my gevra of ek u sou bel.
2 Hy het my gevra of ek u sou laat terugneem.
3 Hy het my gevra of ek na die nuwe kontrak sou kyk.
4 Hy het my gevra of ek hom sou help.

Laaste oefening

Voorbeeld Ek is bly die kursus is verby. Elsa sê . . .
Elsa sê dat sy bly is die kursus is verby.

1 Ek is jammer ons moet gaan. Ben sê . . .
2 Miskien ontmoet ons mekaar weer. Paul sê . . .
3 Ek sal julle nie vergeet nie. Karel sê . . .
4 Ons het lekker saam gewerk. Rita sê . . .
5 Ons kan mekaar nou in Afrikaans verstaan. Ansie sê . . .



40 Les veertig · Toets

Oefening een

a
b } *Vergelyk Handboek.*
c

Oefening twee

1 Karel was al saam met sy pa in die Kalahari-Gemsbokpark.
2 Daar was niemand saam met hulle nie.
3 Hulle was ook al in die Etoshawildtuin.
4 Karel het nooit moeg geword nie.
5 Dit was ses jaar gelede.

Oefening drie

1 Hier staan *ek en jy* waar ons soggens koffie gemaak het.
2 Bedags het *ons* rondgery om wild te soek.
3 Saans was *jy* baie moeg.
4 Dan het *jy* gekla dat jy vaak was.
5 Hy het *Vrydag* rugby gespeel.

Oefening vier

1 My pa se ma.
2 My pa se broer.
3 My vrou se suster.
4 My suster se man.
5 My oom se dogter.

Oefening vyf

1 Ons moet 'n takkantoor in Kaapstad open. Ek wonder
2 Ons het genoeg kapitaal. Ek twyfel
3 Dit is nog te vroeg. Ek is van mening
4 Dit sal nie so gou gaan nie. Ek glo
5 Ons sal moontlike kliënte nie bereik nie. Ek is van opinie

Oefening ses

blou, groen, wit, rooi, geel

Oefening sewe

Paul Hoe lyk dit, Ben? 'n Whisky?
Ben Nee, dankie, Paul. Ek verkies 'n glas bier. Ek hou nie van baie sterk drank nie. Maar wat sal jy drink?
Paul Nee, man, so 'n groot glas bier is vir my te veel. Ek sal nog 'n whisky drink.
Ben Ek sien Rita drink koeldrank. Dus kan sy die motor huis toe bestuur.

a 1 Ek verkies 'n glas bier, want . . . .
2 Ek verkies 'n glas bier omdat . . . .
3 Ek hou nie van sterk drank nie, dus . . . .
4 Ek sal nog 'n whisky drink, want . . . .
5 Ek sien Rita drink koeldrank, dus . . . .

b 1 Ben het gesê dat . . . bier . . . .
2 Hy het ook gesê dat . . . sterk drank . . . .
3 Paul het gesê dat . . . bier . . . .
4 Hy het toe gesê dat . . . whisky . . . .
5 Ben het gesien dat . . . koeldrank . . . .

Oefening ag

1 Die skeidsregter blaas *die fluitjie.*
2 Die skeidsregter het *die fluitjie* geblaas.
3 Sy bestuur *die motor* huis toe.
4 Hulle het *die bal* opgetel.
5 Pretoria het *die eerste punte* aangeteken.

Oefening nege

Ansie en Rita (1) . . . elkeen 'n mooi (2) . . . gekoop. Rita s'n (3) . . . strepe en helder (4) . . . wat hoog in (5) . . . mode is. Ansie (6) . . . 'n rok uitgesoek (7) . . . sy na partytjies (8) . . . dra. Hulle is (9) . . . hul skik met (10) . . . eerste somersinkopies.

Oefening tien

12 Arnold Straat
Kensington
Johannesburg
2001

3 Maart 1983

Mnr. P Van der Merwe
Konstrukta
Posbus 300
Johannesburg
2000

Geagte Mnr. Van der Merwe

AFLEWERING VAN BESTELDE GOEDERE

Ek moet u aandag daarop vestig dat die stoel wat ek op 10 Februarie 1983 bestel het, nog nie afgelewer is nie.

Die Uwe

B PIETERSE

Die Afrikaanse klanke

Die Afrikaanse klanke

Klinkers

1 vat
2 vate
3 dieet
4 eerste
5 les
6 sê
7 fiks
8 winter
9 fiets
10 vier
11 bonus
12 bo
13 neus
14 rug
15 rûe
16 boek
17 vroeër
18 musiek
19 uur
20 os
21 môre

Genasaleerde klinkers

22 aansit
23 kans
24 sensasie
25 mens
26 ongeveer
27 ons

Tweeklanke

28 baie
29 haai
30 leeu
31 lys
32 mooi
33 koud
34 huis
35 koei

Konsonante

36 bly
37 boontjies
38 geld
39 doen
40 fiks
41 gholf
42 hand
43 jaar
44 klere
45 laat
46 man
47 nek
48 handjie
49 sing
50 pad
51 rooi
52 sent
53 sjerrie
54 taal
55 tjek
56 week, twee
57 twee
58 Zoeloe

Klinkerpare gekontrasteer

1	en	2	vat	vate
5	en	6	les	sê
7	en	8	fiks	winter
9	en	10	fiets	vier
11	en	12	bonus	bo
14	en	15	rug	rûe
16	en	17	boek	vroeër
18	en	19	musiek	uur
20	en	21	os	môre

Genasaleerde klinkerpare gekontrasteer

22	en	23	aansit	kans
24	en	25	sensasie	mens
26	en	27	ongeveer	ons

Ander klinkers en tweeklanke gekontrasteer

31	en	34	lys	huis
10	en	19	vier	uur
9	en	18	fiets	musiek

Konsonante gekontrasteer

36	en	50	bly	pad
38	en	41	geld	gholf
52	en	53	sent	sjerrie
56	en	57	twee	twee
54	en	55	taal	tjek
39	en	54	doen	taal

Die alfabet

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v

W X Y Z

w x y z

Antwoorde

Antwoorde

LES EEN

1

Mnr Pieterse	Goeiemôre.
U	Goeiemôre, meneer Pieterse.
Mnr Pieterse	Hoe gaan dit?
U	Goed, dankie. En met u?
Mnr Pieterse	Baie goed, dankie. My naam is Ben. Wat is u naam?
U	My naam is . . .
Mnr Pieterse	My van is Pieterse. Wat is u van?
U	My van is . . .

2

1 My naam is . . .
2 My van is . . .
3 Ek woon in . . .

3

Taal	Nasionaliteit	Land
Afrikaans	Suid-Afrikaner	Suid-Afrika
Duits	Duitser	Duitsland
Engels	Engelsman	Engeland
Italiaans	Italianer	Italië
Amerikaans (Engels)	Amerikaner	Amerika
Spaans	Spanjaard	Spanje
Portugees	Portugees	Portugal
Hollands	Hollander	Holland
Pools	Pool	Poland
Frans	Fransman	Frankryk

4

1 Hy is 'n Amerikaner.
2 Hy is 'n Duitser.
3 Hy is 'n Fransman.
4 Hy is 'n Spanjaard.
5 Hy is 'n Hollander.

5

Aangename kennis, mevrou Pieterse.
Aangename kennis, Elsa.
Aangename kennis, Karel.
Baie dankie. Ek hoop so.
Tot siens, meneer Pieterse.

6

1 Goeiemôre, meneer Pieterse.
2 Hoe gaan dit?
3 Goed, dankie. En met u?
4 Baie goed, dankie. Geniet die kursus.
5 Dankie. Tot siens!

7
1 Sy is 'n sekretaresse.
2 Hy is 'n Suid-Afrikaner.
3 Hy is 'n skolier.
4 Hy is 'n student.
5 Sy is 'n moeder.

8
1 *Waar* woon *u*?
2 *Wat is u* naam?
3 *Wat is u* van?
4 *Watter* taal *praat u*?
5 *Watter* nasionaliteit *is u*?

9
1 Waar.
2 Vals. Elsa Pieterse is 20 jaar oud.
3 Vals. Die Pieterse-gesin woon in Bloemfontein.
4 Vals. Mevrou Pieterse is 'n huisvrou.
5 Waar.

10
1 c
2 b
3 c
4 c

11
Ben — Dit is Rita. *Sy is* my vrou.
Student — Aangename kennis, mevrou Pieterse. *Is u* 'n huisvrou?
Rita — Ja, *ek is 'n huisvrou.* Dit *is my* dogter.
Elsa — *My naam is* Elsa. *Ek is* 'n sekretaresse.
Student — Waar *werk u*?
Elsa — Ek *werk* in Bloemfontein.
Student — En *wat is u* naam?
Karel — My naam *is Karel.*

LES TWEE

1
1 Ja, ek het iets om te verklaar.
2 Ja, ek het iets om te eet.
3 Ja, ek het iets om te drink.
4 Ja, ek het iets om te dra.
5 Ja, ek het iets om te lees.

2

een (1)	vyf (5)	nege (9)
twee (2)	ses (6)	tien (10)
drie (3)	sewe (7)	elf (11)
vier (4)	ag (8)	twaalf (12)

3
1 Die Pieterse-gesin is op die lughawe.
2 Hulle dra hulle bagasie.
3 Ja, hulle wys hulle paspoorte.
4 Die dame skakel die hotel.
5 Ja, daar is plek in die hotel.
6 Dit kos R25 per nag.

4
1 Hoe lank ry die bus in stad toe?
2 Waarvandaan vertrek die bus?
3 Waar is daar plek?
4 Wat dra Ben en Karel?
5 Wie is vriendelik?
6 Hoe laat vertrek die bus?

5

kamera	waar
waar	wat
paspoort	waarvandaan
verklaar	werk
parfuum	
verklaar	uitvind
vertrek	halfeen
vakansie	verblyf

LES DRIE

1 Vergelyk Handboek.

2
1 Waar.
2 Vals. Die Goudstadhotel is nie te duur nie.
3 Waar.
4 Vals. Hulle bly tot die einde van die maand.

3

dertien (13)	negentien (19)	sestig (60)
veertien (14)	twintig (20)	sewentig (70)
vyftien (15)	een-en-twintig (21)	tagtig (80)
sestien (16)	dertig (30)	negentig (90)
sewentien (17)	veertig (40)	honderd (100)
agtien (18)	vyftig (50)	

4
1 Die nommer van die lughawe is: 011-46559.
2 Die nommer van die Goudstadhotel is: 011-67328.
3 Die nommer van die werk is: 051-8942.

5 1 Kan ek tot Maandag hier bly?
2 Kan ons tot Dinsdag hier bly?
3 Kan mnr. Pieterse tot Woensdag hier bly?
4 Kan Elsa tot Donderdag hier bly?
5 Kan Karel tot Vrydag hier bly?
6 Kan Rita tot Saterdag hier bly?
7 Kan hy tot Sondag hier bly?

6 1 portier
2 Saterdag, wasgoeddiens
3 sleutels

7 3; 6; 2; 4; 1; 5.

8 1 Ons sal tot die einde van die maand bly.
2 Die portier kan met die bagasie help.
3 Die Pieterse-gesin sal lekker in die Goudstadhotel bly.
4 Hy wil 'n dubbelkamer bespreek.
5 Dit sal nie te duur wees nie.

LES VIER

1 poskantoor, goeiemôre, twaalfuur, bushalte

2 1 *Sal* jy die poskantoor *vind?*
2 Ek *sal* die portier *vra.*
3 Hy *sal* my *sê* waar ek 'n bus *kan haal.*
4 Goeiemôre! *Kan* ek u *help?*

3 1 *Om twaalfuur* kom ek terug.
2 *Gelukkig* het ek 'n twintigsentstuk.
3 *Regoor die hotel* is die bushalte.
4 *Daar* moet u weer links draai.

4 1 U *moet* links draai.
2 U *moet* 'n poskaart pos.
3 U *moet* 'n bus haal.
4 U *moet* tot op die volgende hoek stap.
5 U *moet* die pad beduie.

5 1 Draai links!
2 Pos 'n poskaart!
3 Haal 'n bus!
4 Stap tot op die volgende hoek!
5 Beduie die pad!

6 U loop reguit *met* hierdie straat *af tot by* die tweede verkeerslig. *By* die eerste kruisstraat moet u links draai. *Na* twee blokke kom u by 'n stopstraat. Daar moet u weer links draai, en nog 'n blok stap *tot op* die volgende hoek.

7 1 Draai regs!
2 Haal 'n bus!
3 Wag by 'n bushalte!
4 Koop posseëls!
5 Stap terug na die hotel!

8 U loop reguit met hierdie straat af tot by die tweede verkeerslig. Daar moet u regs draai tot by 'n park en dan weer links. By die eerste kruising moet u weer regs draai. U stap dan tot op die volgende hoek. Daar is die poskantoor, regoor 'n garage links.

9

ui	y/ei
sluit	vyf
luister	bly
huis	hysbak
gebruik	prys
buiteland	ontbyt
beduie	wys
kruisstraat	reisgeld

10

uu	ie
duur	hier
uur	vier
natuurlik	portier
stuur	plesier
	tot siens
	tien
	sien

LES VYF

1
1 Ons *kan* in Johannesburg woon.
2 Ons *moet* 'n huis koop.
3 Ons *sal* 'n woonstel soek.
4 Ons *moet* 'n woonstel huur.
5 Ons *sal* uit Engeland kom.

2
1 Kan ons in Johannesburg woon?
2 Moet ons 'n huis koop?
3 Sal ons 'n woonstel soek?
4 Moet ons 'n woonstel huur?
5 Sal ons uit Engeland kom?

3
1 Ek kan om *sesuur* terugbel.
2 U moet *twee uur* lank in die hotel wag.
3 U sal *een uur* lank praat.
4 U moet om *drie-uur* in die kantoor wees.
5 Die huurmotor sal om *tienuur* kom.

4

bus	dis
hut	dit
vul	wil
terug	lig

5
1 Ek sal 'n woonstel soek.
2 Hy sal 'n bus haal.
3 Ons sal op 'n vliegtuig wag.
4 Ons sal 'n huis koop.
5 Julle sal R400 per maand betaal.
6 Ek sal my bes doen.
7 Hulle sal 'n woonstel huur.

6
1 Hulle kom volgende week uit Engeland.
2 Hy is die nuwe vennoot.
3 Hulle sal 'n woonstel soek.
4 Sy dink dis groot nuus.
5 Ons moet in Johannesburg woon.

7

tien – sien	(dieselfde)
huis – hys	(nie dieselfde nie)
reis – huis	(nie dieselfde nie)
skolier – duur	(nie dieselfde nie)
hier – uur	(nie dieselfde nie)
suid – lyk	(nie dieselfde nie)
vier – sien	(dieselfde)

8
Man Wanneer kan ek die woonstel besigtig?
Dame Vandag is Maandag. Woensdag is dit 'n vakansiedag. Ek dink u moet Dinsdag kom. Kan u my om tienuur ontmoet?
Man Ja, dankie! Ek sal om tienuur by u kantoor wees.

1 Dinsdag 2 vakansiedag 3 Om tienuur

LES SES

1
1 Wat gaan Rita by die skool doen? b
2 In watter vakke stel Karel belang? a
3 Die Geskiedenisonderwyser is . . . b
4 Hoe kry Karel sy boeke? c

2
1 u
2 jy
3 jou jou
4 u
5 u

3
1 weet
2 ken
3 ken
4 weet

4
1 Hy moet sy besonderhede gee.
2 Jy moet jou vakkeuse gee.
3 Julle moet julle werk leer.
4 Sy moet haar adres skryf.
5 U moet u naam gee.
6 Ons moet ons koffie drink.

5
1 Hy trek sy trui aan. Die trui is *syne*.
2 Jy sit jou tas neer. Die tas is *joune*.
3 Sy skryf in haar boek. Die boek is *hare*.
4 Ons maak ons keuse. Die keuse is *ons s'n*.
5 Ek gaan na my huis toe. Die huis is *myne*.
6 Hulle ry in hulle motor. Die motor is *hulle s'n*.

6 Vergelyk Handboek.

7 Karel gaan skool toe. *Sy* ma neem *hom* in *haar* motor. Díe motor is *hare*. Die skoolhoof *se* van is Venter. *Hy* is vriendelik. Meneer Venter neem hom na *sy* klas toe. Naby die klas hoor *hulle* 'n kwaai stem. Die skoolhoof sê: "In hierdie skool ken almal *hulle* Geskiedenis." In die klas sit Karel *sy* tas neer. Almal kyk vir hom. *Hy* gaan haal *sy* nuwe boeke. Die res van die klas leer *hulle* werk. Die onderwyser sê: "Hierdie boeke is nou *joune* en nie *jou* maats *s'n* ook nie." Karel besef 'n mens moet in dié klas *jou* werk doen.

8 Dis te *ver* om te ry.
Dis te na om te *bly*.
Hoe sal *ek* maak
om die *nooi* te kry?
Dis nie *myne* nie.
Dis nie *joune* nie.
Dis 'n ander man *se* nooi
oor wie *ons* stry.

9 sewe — Wiskunde
Willem — Wetenskap
watter — onderwyser

Willem Wouter woon waar woeste westewinde waai.
Woon Willem Wouter waar woeste westewinde waai?

LES SEWE

1 Hallo Ben, dis Paul wat praat . . .
Goeiemiddag Dame
Hallo Jan, dis Karel . . .
Goeiemôre Dame, dis mev. Pieterse wat praat . . .
Naand Meneer, Pieterse hier . . .

2

Af		Dwars	
1	werk	1	welkom
2	en	5	en
3	kantoor	6	nee
4	moeg	7	hoof
8	af	9	paar

3
1 Ek is nie bly nie.
2 Hier is nie interessante verwikkelinge nie.
3 Hy soek nie 'n huis nie.
4 Ben werk nie hard nie.
5 Hulle was nie op 'n later vlug nie.
6 Paul en Ansie bly nie in die Goudstadhotel nie.
7 Ben bel nie vir Paul nie.
8 Hulle bly nie in Engeland nie.

4
1 Moenie 'n kantoor soek nie.
2 Moenie die kontrak teken nie.
3 Moenie bank toe gaan nie.
4 Moenie kontant trek nie.
5 Moenie reëlings tref nie.
6 Moenie navraag doen nie.

5
1 Hy moet na mnr. Du Toit toe gaan en die kontrak teken.
Hy moet bank toe gaan.
Hy moet kyk of die nuwe sekretaresse regkom.
2 Ben is haastig want hy moet dringend 'n kliënt gaan spreek.

6
1 + 6,7 — 3 + 6,7
2 + 5,8 — 4 + 5,8

7
1 Soek 'n kantoor asseblief.
2 Teken die kontrak asseblief.
3 Gaan bank toe asseblief.
4 Trek kontant asseblief.
5 Tref reëlings asseblief.
6 Doen navraag asseblief.

LES AG

1
1 Hulle het 'n liter melk nodig.
2 Hulle het 500 g botter nodig.
3 Hulle het 250 g kaas nodig.
4 Hulle het 'n blik koffie nodig.
5 Hulle het twee eiers nodig.

2
1 Waar.
2 Vals. Daar is nie genoeg botter nie.
3 Vals. Elsa hoef nie bier te koop nie.
4 Waar.
5 Vals. Daar is 'n bietjie melk in die yskas.

3
1 Rita hoef nie 'n pynappel te koop nie.
2 Elsa hoef nie die vleis te koop nie.
3 Rita hoef nie die kruideniersware te koop nie.
4 Elsa hoef nie die groente te koop nie.
5 Rita hoef nie bier te koop nie.

4
1 Die brood is in gang nr. 1 aan die regterkant.
2 Die eiers is in gang nr. 3 aan die linkerkant.
3 Die botter is in gang nr. 3 aan die regterkant.
4 Die suiker is in gang nr. 2 aan die linkerkant.
5 Die kaas is in gang nr. 3 aan die regterkant.

5
1 'n Brood kos ag-en-dertig sent.
2 'n Dosyn eiers kos nege-en-tagtig sent.
3 'n Blik koffie kos twee rand nege-en-negentig.
4 500 g kaas kos twee rand veertig.
5 250 g suiker kos een rand nege-en-negentig.

6
Vrugte:

1 Piesangs	3 Appels	5 Lemoene
2 Pynappels	4 Druiwe	6 Suurlemoene

Groente:

7 Wortels	10 Boontjies	12 Tamaties
8 Uie	11 Mielies	13 Aartappels
9 Sampioene		

7 Vergelyk Handboek.

8
1 Wortels kos sewentig sent per bossie.
2 Lemoene kos een rand nege-en-vyftig per sakkie.
3 Aartappels kos een rand vyf-en-sewentig per sakkie.
4 Sampioene kos nege-en-negentig sent per pakkie.

LES NEGE

1
1 Nee, ek wil eerder in daardie huis bly.
2 Nee, ek wil eerder in daardie woonstel bly.
3 Nee, ek wil eerder in daardie meenthuis bly.

2
1 Ben verkies 'n woonstel bo 'n meenthuis.
2 Haar ouers verkies 'n huis bo 'n hotel.
3 Elsa verkies 'n hotel bo 'n huis.
4 Ansie verkies 'n meenthuis bo 'n huis.

3

rusbank	stoel	bedlamp
tafel	bed	koffietafel
spieëltafel	klerekas	bedkassie
mat		

4
1 Nee, ek wil eerder op daardie rusbank sit.
2 Nee, ek wil eerder by daardie tafel sit.
3 Nee, ek wil eerder op daardie bed sit.
4 Nee, ek wil eerder by daardie spieëltafel sit.
5 Nee, ek wil eerder op daardie mat sit.

5
1 Nee, daar is geen ruim vertrekke nie.
2 Nee, daar is geen aparte badkamer nie.
3 Nee, daar is geen gerieflike stoel nie.

6
1 Ja, dis 'n ruim vertrek.
2 Ja, dis 'n gerieflike kombuis.
3 Ja, dis 'n pragtige uitsig.
4 Ja, dis 'n tydelike woonplek.
5 Ja, dis 'n aparte badkamer.

7
1 Nee dankie, ek sal nie meer whisky neem nie.
2 Nee dankie, ek sal nie meer witwyn neem nie.
3 Nee dankie, ek sal nie meer rooiwyn neem nie.
4 Nee dankie, ek sal nie meer koffie neem nie.

8
1 Ansie sit oorkant Elsa.
2 Paul sit aan Rita se linkerkant.
3 Ansie sit langs Karel/Ansie sit aan sy regterkant.
4 Paul sit langs Elsa/Paul sit aan haar regterkant.

9
1 Die Pieterse-gesin woon in 'n woonstel.
2 Die woonstel het 2 badkamers.
3 Die huur is R350,00 per maand.
4 Ja, die woonstel het 'n mooi uitsig.
5 Hulle wil later in 'n huis woon.

LES TIEN

1
A Verskoon my, Juffrou. Kan u my help? Waar is die koffie?
B Dis op daardie rak.
A Wat kos 'n blik?
B Twee rand sewentig.
A Baie dankie. Kan u my sê of u mielies en piesangs het?
B Nee, ons kry eers Vrydag.

a 8: verskoon, is, dis, 'n, blik, sewentig (8)

b 3: waar, wat, sewentig (3) (11)

2 miélies (2)
piésangs (2) (4)

3
1 vals
2 waar
3 vals
4 waar
5 vals (5)

4 hier; wat; Welkom; gaan; jou; in; bly; te; bespreek; nie; ons/jy/ek. (11)

5
1 Ons kan in die Proteahotel bly.
2 Paul en Ben wil 'n paar sake bespreek.
3 Ek sal nie moeg wees nie. (6)

4 Ons was nie op 'n vroeër vlug nie.
5 Ek is nie meer moeg nie. (4) (10)

6 a 9; b 10; c 8; d 7; e 1; f 2; g 3; h 4; i 5; j 6. (10)

7
1 Smaaklike ete! (4)
2 Goeiemiddag, Meneer. Kan ek u help? (4)
3 Verskoon my. Kan u my sê, waar die poskantoor is? (4)
4 Hoeveel kos die boontjies?/Wat kos die boontjies? (4)
5 Draai regs by die tweede verkeerslig. (4) (20)

8
a Aangename kennis (3)
b Waar werk u? (3)
c u? (3)
d jaar (3)
e Dankie (3) (15)

9
a Loop
b af
c Draai
d regs
e Venterstraat
f Aan die linkerkant/Links
g verkeerslig
h blok
i hoek
j regoor (10)

10
a 2 (2)
b 1 (2) (4)

Totaal 100

LES ELF

1
1c Elsa Pieterse werk as sekretaresse by 'n ouditeursfirma.
2a Sy wonder of sy die nuwe werk sal geniet.
3c Haar baas, meneer Brink, verduidelik wat sy moet doen.
4b Elsa hou van die mense in die firma.

2 Vergelyk Teksboek (Vertelling).

3
1 Sy sal goed met die mense *klaarkom*.
2 Hy sal haar aan sy kollegas *voorstel*.
3 Hulle sal op die lughawe *aankom*.
4 Paul sal graag *tuinmaak*.
5 Karel sal nie in Geskiedenis *belangstel* nie.
6 Hy sal sy tas by die bank *neersit*.
7 Ek sal die Goudstadhotel *aanbeveel*.
8 Meneer Pieterse sal die vorm *invul*.

4
1 Waar.
2 Vals. Net pos 2 se salaris is onderhandelbaar.
3 Vals. Net pos drie se byvoordele is goed.
4 Waar.
5 Waar.
6 Vals. Ondervinding is 'n aanbeveling.
7 Vals. Pos 3 het 'n pensioenfonds en mediese hulpfonds.
8 Waar.
9 Vals. 'n Diploma is nie 'n vereiste nie.
10 Waar.

5 Dinsdagoggend.

Meneer Brink Juffrou Pieterse, u moet asseblief hierdie verslag dadelik tik. Daarna moet u 'n afspraak met die bestuurder van Natalbank reël. Dan moet u asseblief dié vier briewe tik en pos. Wanneer u klaar is, moet u asseblief bank toe gaan. Om vieruur moet u my aan my ete-afspraak herinner. Daarna kan u huis toe gaan.

Elsa is baie moedeloos – soveel werk!

6
1 Daarna moet u hierdie verslag tik.
2 Dan moet u 'n afspraak met die bestuurder reël.
3 Daarna moet u asseblief vier briewe tik.
4 Dan moet u asseblief bank toe gaan.
5 Daarna moet Elsa hom aan sy ete-afspraak herinner.
6 Dan kan Elsa huis toe gaan!

7
1 Om vieruur herinner Elsa hom aan sy ete-afspraak.
2 Om sesuur bel Paul 'n eiendomsagent.
3 Om kwart oor sewe gaan Karel skool toe.
4 Om twaalfuur het Karel Geskiedenis.
5 Om twee-uur gaan Karel huis toe.
6 Tot elfuur kuier die De Klerks by die Pieterses.

8
koop — bank
vertrek — sit
poskantoor — geniet
ete-afspraak — werk
tik — laat

LES TWAALF

1
1 Sy gaan by 'n parkeerterrein stilhou.
2 Hulle gaan eerste na die apteek toe.
3 Sy koop pille en salf.
4 Sy moet die salf vir Karel koop.
5 Sy moet die pille vir vier weke gebruik.

2
1 Gaan sy by 'n parkeerterrein stilhou?
2 Gaan hulle na die apteek toe?
3 Het sy 'n voorskrif van die dokter?
4 Is dit R10 saam met die verkoopbelasting?

3
1 c; 2 d; 3 a; 4 b.

4
eerste — derde
vier — vyfde
sewende — twee

5
1 Eerste — 6 Agste
2 Vierde — 7 Vyfde
3 Sewende — 8 Derde
4 Tweede — 9 Negende
5 Tiende — 10 Sesde

6
1 voorskrif — 3 sjarmant
2 nege — 4 knie

7
1 Waarheen gaan Rita en Ansie eerste?
2 Wat het Rita van die dokter?
3 Hoe lank moet sy die pille gebruik?
4 Hoe laat is Ansie se afspraak?
5 Hoe lank sal dit neem om Ansie se hare te kap?

8
duur — sien
uur — tien
huur — knie
dier — drankie
kwartier

9
1 Hou stil! Moenie stilhou nie!
2 Vul die vorm in! Moenie die vorm invul nie!
3 Bied vir Ben 'n drankie aan! Moenie vir Ben 'n drankie aanbied nie!
4 Stel vir Elsa voor! Moenie vir Elsa voorstel nie!

LES DERTIEN

1
1 Waar.
2 Vals. Sy wil koffie hê.
3 Vals. Sy kan nie besluit nie.
4 Waar.
5 Vals. Hy is gaaf/vriendelik.

2
1 Die kelner gee *'n spyskaart* aan hulle.
2 Ansie wil *koffie en botterbroodjies met konfyt en room* hê.
3 Die kelner is *gaaf.*
4 Rita neem haar tee *swart en sonder suiker.*
5 Mense met die regte figuur kan langbroeke dra.

3
1 bediening — 5 swart
2 spyskaart — 6 in die mode
3 graag, hê — 7 lyk, deftig
4 beveel, aan

4
1 Gelukkig sit ons op gemaklike stoele.
2 Miskien moet ek plaatkoekies neem.
3 Soms kry 'n mens onvriendelike kelners.

5
1 Ek wil nie koffie hê nie.
2 Jy sal nie suiker neem nie.
3 Hy moenie plaatkoekies bring nie.
4 Sy kan nie kort rokkies dra nie.

6
1 Ja, dis 'n gemaklike stoel.
2 Ja, dis 'n gawe kelner.
3 Ja, dis 'n pragtige trui.
4 Ja, dis 'n warm baadjie.
5 Ja, dis 'n goeie restaurant.

7 *Ver* in die *ou* Kalahari,
daar *sing* die Boere so:
Gee ons die *ou* Kalahari,
die *ou* Kalahari bo.
Wyd lê die *eind'lose* vlaktes,
kameeldoringboom en sand.
Eensame vreedsame *wêreld*:
Dis ons Kalahariland.
Sonbesies *sing* in jou bosse,
die hittige son te versmaai;
Rooi Afrikanerosse,
sien jy om *elke* draai.
Ver in die *ou* Kalahari,
daar *sing* die Boere so:
Gee ons die *ou* Kalahari,
die *ou* Kalahari bo.

8 ver oud pragtige wye eindeloos rooi lieflike interessante

9
1 Die pryse is *groot*.
2 Dit is *kort* hare.
3 Die diens is *goed*.
4 Dit is *vars* groente.
5 Die rente is *hoog*.
6 Dit is 'n *pragtige* ring.
7 Dit is 'n *lieflike* geur.
8 Die voete is *moeg*.
9 Die water is *warm*.
10 Die woonstel is *ruim*.
11 Dit is *nuwe* seep.
12 Die skoene is *swart*.
13 Dit is *lekker* Boerewors.
14 Die man is *lank*.
15 Die klere is *reg*.

10 mens
ons
ongeveer
dans
ongelukkig

LES VEERTIEN

1
1 a waarvan
b met wie
c Van wie
d wat

2a wat
b wat
c wat
d wat

3 a met wie
b van wie
c aan wie

4a waarvan
b waarin
c waarop
d waarmee

2 Paul de Klerk soek 'n woonstel. Hy kry nie een nie. Ansie weet van iemand wat kan help. Dis 'n vriendin van Rita. Hulle kry by haar 'n woonstel.

3
Paul Is dit 'n tweeslaapkamerwoonstel?
1 Ja, dit is 'n tweeslaapkamerwoonstel, met 'n tuin.
Paul Met 'n tuin? Dit klink goed.
Moet ons 'n deposito en 'n maand se huur vooruit betaal?
2 Ja, u moet 'n deposito en 'n maand se huur vooruit betaal.
Paul Wanneer kan ons die woonstel besigtig?
3 U kan môreaand die woonstel besigtig.
Paul Môreaand? Ja, dis in orde.
4 Het u troeteldiere?
Paul Nee, ons het nie troeteldiere nie.
Goed dan, tot siens.
5 Tot siens.

4 Vergelyk 3.

5

a	32	20	48	22	50
b	27	55	59	24	46

6
1 waarvan
2 wat
3 met wie
4 wat
5 waaraan

7
1 Die huis waarin ons bly, is duur.
2 Die boom waaronder hulle sit, is groot.
3 Die straat waarin hy loop, is mooi.
4 Die motor waarmee sy ry, is klein.
5 Die stoel waarop sy sit, is rooi.

8
Daar's 'n hoender *wat* 'n eier nie kan lê *nie*.
Daar's 'n hoender *wat* 'n eier nie kan lê *nie*.
Daar's 'n hoender *wat* 'n eier nie kan lê *nie*.
Dis die haan *wat* op die kerktoring staan.

9 1c; 2d; 3e; 4a; 5b.

LES VYFTIEN

1

Ma 1	14h00 – Personeelvergadering	Do 16	
Di 2	12h30 – Ete-afspraak met mnr. Botha	Wo 17	Woon konferensie in Randhotel by (Wo 17 – Vr 19)
		Do 18	
		Vr 19	
Wo 3		Sa 20	
Do 4		So 21	
Vr 5	09h00 – Afspraak met bank= bestuurder	Ma 22	14h00 – Personeelvergadering
		Di 23	
Sa 6		Wo 24	10h00 – Paul: afspraak met kliënt in Pretoria
So 7			
Ma 8	14h00 – Personeelvergadering	Do 25	
Di 9	08h30 – Vergadering met direkteure	Vr 26	
		Sa 27	
Wo 10		So 28	
Do 11		Ma 29	14h00 – Personeelvergadering; Datarand se uitstalling (Ma 29 – Wo 31)
Vr 12		Di 30	
Sa 13		Wo 31	
So 14			
Ma 15	11h00 – Konsultasiewerk vir mnr. De Bruin; 14h00 – Personeelvergadering		

2
1. Vals. Paul is baie tevrede met sy kantoor.
2. Waar.
3. Vals. Hulle moet elke Maandagmiddag 'n personeelvergadering hou.
4. Vals. Hulle het môre 'n afspraak met mnr. Botha.
5. Vals. Hulle gaan baie besig wees gedurende Juliemaand.

3
1. Môre om twaalfuur het hulle 'n ete-afspraak.
2. Binne drie weke wil mnr. Botha 'n rekenaar koop.
3. Vroeg vanmiddag het hulle 'n personeelvergadering.
4. Van die 17de tot die 19de Julie woon hulle 'n konferensie by.

4
1. Juffrou Wessels skakel Datarand, want sy stel belang in die pos.
2. Mnr. de Klerk kan nie met haar praat nie, want hy is baie besig.
3. Hy is besig met 'n oproep, maar sy kan intussen help.
4. Sy het die advertensie gesien en sy wil vir 'n onderhoud kom.

5
1. Dit is juffrou Walters wat praat.
2. Dit is mnr. De Klerk wat praat.
3. Dit is mev. Pieterse wat praat.

6

stad	brood
maand	geld
uitstekend	bed
besigheid	goed
onderhoud	land

LES SESTIEN

1
1. *By wie* gaan die Pieterses eet?
2. *Vir wie* wil Paul die pad verduidelik?
3. *Waarheen* verduidelik Paul die pad?
4. *Waar* moet hulle links draai?
5. *Waar* is hulle huis?
6. *Aan wie* sê Karel groete?

2
1. Dis nie Rita wat praat nie.
2. Hulle kom nie môreaand by ons eet nie.
3. Paul wil nie vir jou die pad verduidelik nie.
4. Moenie by die verkeerslig links draai nie.

3
Sien jy iemand? Nee, ek sien niemand nie.
Hoor jy iets? Nee, ek hoor niks nie.
Lees jy ooit? Nee, ek lees nooit nie.
Gaan jy êrens heen? Nee, ek gaan nêrens heen nie.

4
1. Nee, Rita het *nog nie* gister van die ete-afspraak geweet nie.
2. Nee, daar is *geen* haarkapper op pad na die De Klerks nie.
3. Nee, *niemand* het vir Ben gesien nie.
4. Nee, 'n mens ry *nêrens* by 'n restaurant verby nie.
5. Nee, Rita kom *nooit* by 'n plek uit nie.
6. Nee, Rita gaan môreaand *niks* vir ete maak nie.
7. Nee, daar is *nie meer* vars groente nie.

5
1. Wil julle nie by ons kom eet nie?
2. Moet hy nie liewer met Karel praat nie?
3. Kan ek nie by die stopstraat links draai nie?
4. Is jy nie bly hulle kom nie?
5. Is Ben nog nie by die huis nie?
6. Kry Rita nooit 'n plek nie?
7. Is daar nie meer koffie nie?
8. Ry ons nêrens by 'n swembad verby nie?
9. Gaan jy niks vra nie?
10. Wil jy nie vir my die pad verduidelik nie?
11. Sien julle nooit mense nie?
12. Ry 'n mens nêrens by 'n swembad verby nie?

6 1 Dit is Ben *wat* nog nie by die huis is nie.
2 Rita weet nog nie van die uitnodiging *waarvan* Ben weet nie.
3 Dit is Karel *aan wie* Paul die pad verduidelik.
4 Die huis *waarheen* ons ry, is aan die linkerkant.
5 Dit is Ansie *met wie* Rita oor die telefoon praat.
6 Die persoon *aan wie* hy groete stuur, is tannie Ansie.
7 Die swembad *waarby* jy verby ry, is naby die T-aansluiting.
8 Dit is Rita *wat* praat.

7 1 Piet, kom eet môreaand by my. *of* Piet, wil jy nie môreaand by my kom eet nie?
2 Pa, hoe gaan dit met Pa?
3 Draai links by die verkeerslig! *of* Jy moet by die verkeerslig links draai.
4 Rita, is hier nêrens 'n restaurant nie?
5 Tante, wil Tante nie volgende week saam met my gaan eet nie?
6 Meneer, u moet by die swembad verby ry om by die restaurant te kom.
7 Oom, Oom het Oom se bril vergeet.

8

môre	êrens
sê	nêrens
sôe	goeiemôre

9

e (ê) o (ô)	e (e) o (o)
sê	groter
môre	beter
êrens	ete
wêreld	enige

10 1d; 2e; 3c; 4a; 5b.

LES SEWENTIEN

1 1 Die stamdanse is iets tradisioneels.
2 Die mynhuise is iets outyds.
3 Die mynhope is iets interessants.
4 Die goudstawe is iets moois.
5 Die uitstalruimtes is iets nuuts.

